"finance charges" means finance charges as defined in the Limitation and Disclosure of Finance Charges Act, 1968 (Act 73 of 1968);

"the Act" means the Credit Agreements Act, 1980 (Act 75 of 1980).

2. Subject to the provisions of regulations 3 and 4, all credit agreements entered into in respect of the goods listed in column 1 of Annexure A shall comply with the provisions in regard to—

(a) the maximum period within which the full price under such credit agreements shall be paid, as prescribed in column 3 of that Annexure;

(b) the portion of the cash price or any other consideration which shall be paid or delivered as an initial payment or initial rental in terms of such credit agreements as prescribed in column 2 of that Annexure.

3. (1) In the case of a leasing transaction in respect of any of the goods listed in items 14 to 18 of column 1 of Annexure A—

(a) the parties shall at the time the leasing transaction is entered into agree—

(i) on the period of such leasing transaction;

(ii) on the amount of each instalment payable after the initial rental;

(b) the initial rental shall be equal to at least 10 per cent of the total rental payable for the period of the leasing transaction (but excluding finance charges, if any) in terms of such leasing transaction;

(c) the initial rental referred to in paragraph (b) shall be refunded to the credit receiver on the expiry or the termination of the leasing transaction or set off against the last instalments in respect of the leasing transaction;

(d) where finance charges are not levied in terms of the provisions of the Limitation and Disclosure of Finance Charges Act, 1968 (Act 73 of 1968), the period of the leasing transaction shall not be more than 30 months unless the parties thereto have the right to terminate such leasing transaction at any time after 30 months by giving 30 days notice in writing;

(e) the first of the instalments intended in paragraph (a) (ii) shall be payable not later than the end of the month following the month in which delivery was effected;

(f) the credit grantor in terms of such leasing transaction shall, during the currency of the leasing transaction, be responsible for the maintenance of the goods.

University of Fort Hare

(2) In die geval van 'n kredietooreenkoms ten opsigte van enige van die goedere gelys in items 14 tot 18 van kolom 1 van Aanhangsel A, is die voorwaardes neergelê in regulasie 2, 3 (1) (b), (c) en (d) nie van toepassing op sodanige kredietooreenkoms nie indien die goedere deur die kredietopnemer gebruik word vir moniteer-, onderrig-, opvoedkundige en sekuriteitsdoeleindes of veelvoudige kyksituasies en betalings kragtens die ooreenkoms, of bedrae wat slytasie of waardevermindering van die gekoopte goedere verteenwoordig, bedrae is wat kragtens Deel I van Hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet 58 van 1962), geheel of gedeeltelik van die belasbare inkomste van die kredietopnemer afgetrek kan word of daarteen verreken kan word, of indien die inkomste van die kredietopnemer ingevolge sodanige ooreenkoms vrygestel is van die bepalings van genoemde Inkomstebelastingwet.

4. (1) In die geval van 'n krediettransaksie ten opsigte van enige van die goedere gelys in items 19 en 20 van kolom 1 van Aanhangsel A is die voorwaardes neergelê in regulasie 2 nie van toepassing op sodanige krediettransaksie nie indien betalings kragtens die transaksie, of bedrae wat slytasie of waardevermindering van die gekoopte goedere verteenwoordig bedrae is wat kragtens Deel I van Hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet 58 van 1962), geheel of gedeeltelik van die belasbare inkomste van die kredietopnemer afgetrek kan word of daarteen verreken kan word.

(2) In die geval van 'n huurtransaksie ten opsigte van enige van die goedere gelys in items 19 en 20 van kolom 1 van Aanhangsel A, is die voorwaardes neergelê in regulasie 2 nie van toepassing op sodanige huurtransaksie nie—

(a) indien betalings kragtens die transaksie bedrae is wat kragtens Deel I van Hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet 58 van 1962), geheel of gedeeltelik van die belasbare inkomste van die kredietopnemer afgetrek kan word of daarteen verreken kan word; of

(b) indien 'n kredietgewer kragtens sodanige huurtransaksie gewoonlik enige van die genoemde goedere verhuur op voorwaardes waarkragtens die kredietopnemer die kredietgewer geheel of gedeeltelik vir die gebruik van die genoemde goedere teen 'n ooreengekome tarief per kilometer vergoed, en sodanige huurtransaksie aan die genoemde voorwaardes onderhewig gemaak word.

5. Geen kredietooreenkoms mag aangegaan word nie deur 'n kredietgewer onderhewig aan die voorwaardes dat—

(a) betalings, behalwe die aanvanklike betaling of aanvanklike huurgeld kragtens die genoemde ooreenkoms, aan die kredietgewer gemaak word voordat die goedere gelewer word: Met dien verstande dat hierdie beletsel nie van toepassing is nie op enige kredietooreenkoms wat daarvoor voorsiening maak dat die betrokke goedere in die Republiek ingevoer word by wyse van 'n bestelling deur of vervaardig word volgens die geskrewe voorskrifte van die voornemende kredietopnemer;

(b) Die bedrag van enige enkele paaiement betaalbaar kragtens die gemelde ooreenkoms na die aanvanklike betaling of aanvanklike huurgeld met meer as 10 persent verskil van enige van die ander paaiemente, uitgesonderd die finale paaiement wat kleiner mag wees as die bedrag van daardie enkele paaiement: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie regulasie nie op 'n kerietooreenkoms in regulasie 3 (2) en 4 bedoel, van toepassing is nie.

(2) In the case of a credit agreement in respect of any of the goods listed in items 14 to 18 of column 1 of Annexure A the conditions laid down in regulation 2, 3 (1) (b), (c) and (d) shall not apply to such credit agreement if the goods are used by the credit receiver for monitoring, instructional, educational and security purposes or multiple viewing situations and payments in terms of the agreement, or amounts representing depreciation or wear and tear of the goods purchased, are amounts allowed to be wholly or partly deducted from or set off against the taxable income of the credit receiver under Part I of Chapter II of the Income Tax Act, 1962 (Act 58 of 1962), or if the income of the credit receiver under such agreement is exempt from tax in terms of the said Income Tax Act.

4. (1) In the case of a credit transaction in respect of any of the goods listed in items 19 and 20 of column 1 of Annexure A the conditions laid down in regulation 2 shall not apply to such credit transaction if payments in terms of the transaction, or amounts representing depreciation or wear and tear of the goods purchased, are amounts allowed to be wholly or partly deducted from or set off against the taxable income of the credit receiver under Part I of Chapter II of the Income Tax Act, 1962 (Act 58 of 1962).

(2) In the case of a leasing transaction in respect of any of the goods listed in items 19 and 20 of column 1 of Annexure A, the conditions laid down in regulation 2 shall not apply to such leasing transaction—

(a) if payments in terms of the transaction are amounts allowed to be wholly or partly deducted from or set off against the taxable income of the credit receiver under Part I of Chapter II of the Income Tax Act, 1962 (Act 58 of 1962); or

(b) if a credit grantor in terms of such leasing transaction normally leases any of the said goods on conditions in terms of which the credit receiver remunerates the lessor in full or in part for the use of the said goods at an agreed tariff per kilometre, and such leasing transaction is made subject to the said conditions.

5. No credit agreement shall be entered into by a credit grantor subject to the conditions that—

(a) payments, other than the initial payment or initial rental under the said agreement, are to be made to the credit grantor before the goods are delivered: Provided that this prohibition shall not apply to any credit agreement providing for the goods in question to be imported into the Republic as per order of or be manufactured according to the written requirements of the prospective credit receiver;

(b) the amount of any one instalment payable under the said agreement after the initial payment or initial rental differs by more than 10 per cent from any of the other instalments, excluding the final instalment which may be smaller than the amount of that one instalment: Provided that the provisions of this regulation shall not apply to a credit agreement intended in regulation 3 (2) and 4.

6. Enigiemand wat goedere waarop hierdie Wet van toepassing is, verskaf of verkry kragtens 'n skema of 'n reëling uit hoofde waarvan—

(a) betaling vir die goedere aan die verskaffer gemaak moet word deur 'n ander persoon as die koper en uit hoofde van welke betaling 'n skuld ontstaan wat deur die koper of 'n persoon namens hom, in paaiemente oor 'n termyn in die toekoms aan 'n ander persoon as die verskaffer betaal moet word; of

(b) die persoon wat enige betaling aan 'n verskaffer maak, enige vergoeding van watter aard ookal, kragtens so 'n skema of reëling ontvang van enige ander persoon as die persoon wat sodanige goedere verkry,

moet voldoen aan al die bepalings van hierdie regulasies indien die termyn waarbinne sodanige skuld betaalbaar is drie maande oorskry.

7. Hierdie regulasies tree in werking op 2 Maart 1981.

8. Goewermentskennisgewing R. 2573 van 12 Desember 1980 word hiermee herroep.

AANHANGSEL A

Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3
Goedere	Gedeelte van kontantprys	Afbetalingstermyn
	Persent	Maande vanaf datum van lewering
1. Toerusting vir die slyp van krukasse	33,3	24
2. Herboor- en soetslyptoerusting	33,3	24
3. Lynboormasjiene	33,3	24
4. Masjiene vir die vernuwing van suierstange	33,3	24
5. Vlakslypers vir die motoringenieursbedryf	33,3	24
6. Enjindinamometers	33,3	24
7. Huishoudelike meubels, met inbegrip van tuinmeubels, matrasse, vloertapyte en vloermatjies, ongeag die materiaal waaruit hierdie artikels vervaardig is	10	24
8. Elektriese en nie-elektriese toestelle vir huishoudelike gebruik, met inbegrip van radio's asook gramofone, klankopnemers en -weergewers, platespelers, band- en draaddekke, luidsprekers en klankversterkers en bybehores van hierdie artikels, maar uitgesonderd draagbare radio's en motorradio's en koolstowe	10	24
9. Hortjies- en ander blindings, ongeag die materiaal waaruit hierdie artikels vervaardig is	10	24
10. Kampeertoerusting, met inbegrip van tente maar uitgesonderd woonwaens	10	24
11. Juweliersware en onderdele daarvan, met inbegrip van uurwerke en horlosies	10	24
12. Fotografiese en kinematografiese kameras, vergroters en verkleiners en projektors, met inbegrip van bybehores van hierdie artikels maar uitgesonderd toerusting vir bioskope en teaters, mikrofilmtoerusting en litografiese bereidingskameras	10	24
13. Sport- en plesiervaartuie van alle soorte, met inbegrip van binne- en buiteboordenjins daarvoor	10	24
14. Televisie-ontvangers en bybehores daarvan, maar uitgesonderd toekringtelevisietoerusting	10	24

6. Any person who supplies or acquires goods to which the Act applies in terms of a scheme or an arrangement by means of which—

(a) payment for the goods is to be made to the supplier by a person other than the purchaser and by means of which payment a debt arises which is to be paid by the purchaser or a person on his behalf in instalments over a period in the future to a person other than the supplier; or

(b) the person making any payment to a supplier receives any consideration of whatever nature, in terms of such scheme or arrangement, from any person other than the person acquiring such goods;

shall comply with all the provisions of these regulations if the period over which such debt is to be paid exceeds three months.

7. These regulations shall come into operation on 2 March 1981.

8. Government Notice R. 2573 of 12 December 1980 is hereby repealed.

ANNEXURE A

Column 1	Column 2	Column 3
Goods	Portion of the cash price	Period of payment
	Per cent	Months from date of delivery
1. Crankshaft grinding equipment	33,3	24
2. Reboring and honing equipment	33,3	24
3. Line boring machines	33,3	24
4. Connecting rod reconditioning machines	33,3	24
5. Automotive surface grinders	33,3	24
6. Engine dynamometers	33,3	24
7. Household furniture, including garden furniture, mattresses, floor carpets and floor rugs, irrespective of the materials from which these articles are manufactured	10	24
8. Electrical and non-electrical appliances for domestic use, including radios and gramophones, sound recorders and reproducers, record players, tape and wire decks, loudspeakers and amplifiers and accessories for these articles, but excluding portable radios and car radios and coal stoves	10	24
9. Venetian and other blinds, irrespective of the material from which these articles are manufactured	10	24
10. Camping equipment, including tents but excluding caravans	10	24
11. Jewellery and parts thereof, including clocks and watches	10	24
12. Photographic and cinematographic cameras, enlargers and reducers and projectors, including accessories for these articles, but excluding equipment for cinemas and theatres, microfilm equipment and lithographic process cameras	10	24
13. Sporting and pleasure vessels of all kinds, including inboard and outboard engines for such vessels	10	24
14. Television receivers and accessories therefor, but excluding closed circuit television equipment	10	24

University of Fort Hare
Together in Excellence

Kolom 1	Kolom 2	Kolom 3
Goedere	Gedeelte van kontantprys	Afbetalingstermyn
	Persent	Maande vanaf datum van lewering
15. Televisie-antennestelsels en bybehores daarvan, maar uitgesonderd gemeenskaplike televisie-antennestelsels	10	24
16. Videokassetopnemers en -terugspelers en videobandopnemers en -terugspelers	10	24
17. Videokassette en videobande	10	24
18. Elektroniese televisiespeletjies	10	24
19. Meganies-aangedrewe motorvoertuie wat nie aan die bepalings van paragraaf 20 onderworpe is nie, met inbegrip van enige handelsvoertuig ongeag daarvan of sodanige motorvoertuig na die vervaardiging daarvan ingerig, gebou of aangepas is vir die vervoer van persone, maar uitgesonderd trekkers, oesmasjinerie, landboumasjinerie, en -implemente en besproeiingsmasjinerie	30	36
20. Meganies-aangedrewe passasierspadmotorvoertuie wat so ontwerp is dat dit sitplek vir hoogstens 15 persone bied, met inbegrip van motorfietse en motordriewiele	20	42

Column 1	Column 2	Column 3
Goods	Portion of the cash price	Period of payment
	Per cent	Months from date of delivery
15. Television aerial systems and accessories therefor, but excluding communal television aerial systems	10	24
16. Video cassette recorders and players and video tape recorders and players	10	24
17. Video cassettes and video tapes	10	24
18. Electronic television games	10	24
19. Mechanically propelled motor vehicles not subject to the provisions of paragraph 20 including any commercial vehicle irrespective of whether such motor vehicle is subsequent to the manufacture thereof equipped, constructed or adapted for the conveyance of persons, but excluding tractors, harvesting machinery, agricultural machinery and implements and irrigation machinery	30	36
20. Mechanically propelled road passenger motor vehicles designed to seat not more than 15 persons including motorcycles and motor-tricycles	20	42

University of Fort Hare
Together in Excellence

No. R. 402 27 Februarie 1981

KENNISGEWING KRAGTENS DIE WET OP KREDIETOOREENKOMSTE, 1980

Ek, Dawid Jacobus de Villiers, Minister van Nywerheidswese, Handel en Toerisme, bepaal hierby, kragtens artikel 2 van die Wet op Kredietooreenkomste, 1980 (Wet 75 van 1980), soos volg:

1. In hierdie Kennisgewing het enige uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is die betekenis aldus daaraan geheg en tensy 'n ander bedoeling blyk, beteken—

"die Wet" die Wet op Kredietooreenkomste, 1980 (Wet 75 van 1980);

"kontantprys" met betrekking tot 'n kredietooreenkoms wat 'n afbetalingsverkooptransaksie is, die prys waarteen goedere normaalweg deur die kredietgewer verkoop word teen onmiddellike betaling van die volle koopprys en sluit 'n verkoopprys soos na verwys in die Wet op Beperking en Bekendmaking van Finansieringskoste, 1968 (Wet 73 van 1968), in.

2. Die bepalings van die Wet is van toepassing op enige—

(1) transaksie, na verwys in paragraaf (a) van die woordomskrywing van "krediettransaksie" in artikel 1 van die Wet, aangegaan ten opsigte van enige van die goedere gelys in Aanhangsel A hierby;

(2) huurtransaksie ten opsigte van enige van die goedere gelys in Aanhangsel A hierby;

die duur waarvan drie maande oorskry vanaf die datum van die betrokke kredietooreenkoms en die kontantprys waarvan nie Eenhonderdduisend Rand oorskry nie.

No. R. 402 27 February 1981

NOTICE IN TERMS OF THE CREDIT AGREEMENTS ACT, 1980

I, Dawid Jacobus de Villiers, Minister of Industries, Commerce and Tourism, in terms of section 2 of the Credit Agreements Act, 1980 (Act 75 of 1980), hereby prescribe as follows:

1. In this Notice any expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning, and unless the context otherwise indicates—

"cash price" in relation to a credit agreement which is an instalment sale transaction, means the price at which goods are normally sold by the credit grantor on immediate payment of the full purchase price and includes a selling price referred to in the Limitation and Disclosure of Finance Charges Act, 1968 (Act 73 of 1968);

"the Act" means the Credit Agreements Act, 1980 (Act 75 of 1980).

2. The provisions of the Act shall apply to any—

(1) transaction referred to in paragraph (a) of the definition of "credit transaction" in section 1 of the Act, entered into in respect of any of the goods listed in Annexure A hereto;

(2) leasing transaction in respect of any of the goods listed in Annexure A hereto;

the duration of which exceeds three months from the date of the credit agreement concerned and the cash price of which does not exceed One Hundred Thousand Rand.

3. Die bepalings van artikel 13 van die Wet is nie van toepassing nie op enige persoon wat 'n party is tot enige krediettransaksie of enige huurtransaksie waarop die Wet van toepassing is indien sodanige persoon sodanige transaksie geïnisieer en skriftelik aangegaan het geheel en al deur middel van die amptelike staatposdiens van die Republiek.

4. Die bepalings van die Wet is nie op die volgende liggame van toepassing nie—

(a) Die Ekonomiese Ontwikkelingskorporasie van Suid-Afrika Beperk;
(b) Die Qwaqwa-ontwikkelingskorporasie Beperk;
(c) Die Shangaan/Tsonga-ontwikkelingskorporasie Beperk;
(d) Die Kwazulu-ontwikkelingskorporasie Beperk;
(e) Lebowa-ontwikkelingskorporasie Beperk.

5. Die bepalings van hierdie Kennisgewing tree in werking op 2 Maart 1981.

6. Goewermentskennisgewing R. 2572 van 12 Desember 1980, word hiermee herroep.

D. J. DE VILLIERS, Minister van Nywerheidswese, Handel en Toerisme.

AANHANGSEL A

1. Toerusting vir die slyp van krukasse.
2. Herboor- en soetslyptoerusting.
3. Lynboormasjiene.
4. Masjiene vir die vernuwing van suierstange.
5. Vlakslypers vir die motoringenieursbedryf.
6. Enjindinamometers.
7. Huishoudelike meubels, met inbegrip van tuinmeubels, matrasse, vloertapyte en vloermatjies, ongeag die materiaal waaruit hierdie artikels vervaardig is.
8. Elektriese en nie-elektriese toestelle vir huishoudelike gebruik, met inbegrip van radio's asook gramofone, klankopnemers en -weergewers, platespelers, band- en draaddekke, luidsprekers en klankversterkers en bybehores van hierdie artikels, maar uitgesonderd draagbare radio's en motorradio's en koolstowe.
9. Hortjies- en ander blindings, ongeag die materiaal waaruit hierdie artikels vervaardig is.
10. Kampeertoerusting, met inbegrip van tente maar uitgesonderd woonwaens.
11. Juweliersware en onderdele daarvan, met inbegrip van uurwerke en horlosies.
12. Fotografiese en kinematografiese kameras, vergroters en verkleiners en projektors, met inbegrip van bybehores van hierdie artikels maar uitgesonderd toerusting vir bioskope en teaters, mikrofilmtoerusting en litografiese bereidingskameras.
13. Sport- en plesiervaartuie van alle soorte, met inbegrip van binne- en buiteboordenjins daarvoor.
14. Televisie-ontvangers en bybehores daarvan, maar uitgesonderd toekring-televisietoerusting.
15. Televisie-antennestelsels en bybehores daarvan, maar uitgesonderd gemeenskaplike televisie-antennestelsels.
16. Videokassetopnemers en -terugspelers en videobandopnemers en -terugspelers.
17. Videokassette en videobande.
18. Elektroniese televisiespeletjies.

3. The provisions of section 13 of the Act shall not apply to any person who is a party to any credit transaction or any leasing transaction to which the Act applies if such person initiated and concluded such transaction in writing entirely by means of the official state postal service of the Republic.

4. The provisions of the Act shall not apply to the following bodies—

(a) The Economic Development Corporation of South Africa Limited;
(b) The Qwaqwa Development Corporation Limited;
(c) The Shangaan/Tsonga Development Corporation Limited;
(d) The KwaZulu Development Corporation Limited;
(e) Lebowa Development Corporation Limited.

5. The provisions of this notice shall come into operation on 2 March 1981.

6. Government Notice R. 2572 of 12 December 1980 is hereby repealed.

D. J. DE VILLIERS, Minister of Industries, Commerce and Tourism.

ANNEXURE A

1. Crankshaft grinding equipment.
2. Reboring and honing equipment.
3. Line boring machines.
4. Connecting rod reconditioning machines.
5. Automotive surface grinders.
6. Engine dynamometers.
7. Household furniture, including garden furniture, mattresses, floor carpets and floor rugs, irrespective of the materials from which these articles are manufactured.
8. Electrical and non-electrical appliances for domestic use, including radios and gramophones, sound recorders and reproducers, record players, tape and wire decks, loudspeakers and amplifiers and accessories for these articles, but excluding portable radios and car radios and coal stoves.
9. Venetian and other blinds, irrespective of the material from which these articles are manufactured.
10. Camping equipment, including tents but excluding caravans.
11. Jewellery and parts thereof, including clocks and watches.
12. Photographic and cinematographic cameras, enlargers and reducers and projectors, including accessories for these articles, but excluding equipment for cinemas and theatres, microfilm equipment and lithographic process cameras.
13. Sporting and pleasure vessels of all kinds, including inboard and outboard engines for such vessels.
14. Television receivers and accessories therefor, but excluding closed circuit television equipment.
15. Television aerial systems and accessories therefor, but excluding communal television aerial systems.
16. Video cassette recorders and players and video tape recorders and players.
17. Video cassettes and video tapes.
18. Electronic television games.

IN LUMINE TUO VIDE BIMUS LUMEN
University of Fort Hare
Together in Excellence

19. Meganies-aangedrewe motorvoertuie wat nie aan die bepalings van paragraf 20 onderworpe is nie, met inbegrip van enige handelsvoertuig ongeag daarvan of sodanige motorvoertuig na die vervaardiging daarvan ingerig, gebou of aangepas is vir die vervoer van persone, maar uitgesonderd trekkers, oesmasjinerie, landboumasjinerie, en -implemente en besproeiingsmasjinerie.

20. Meganies-aangedrewe passasierspadmotorvoertuie wat so ontwerp is dat dit sitplek vir hoogstens 15 persone bied, met inbegrip van motorfietse en motordriewiele.

No. R. 430 27 Februarie 1981

WET OP PRYSBEHEER, 1964

VERKOOPVOORWAARDES

Ek, Elias George de Beer, Pryskontroleur, trek hierby die Goewermentskennisgewings in die Bylae hierby, uitgevaardig kragtens artikel 9 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), terug met ingang van 2 Maart 1981.

E. G. DE BEER, Pryskontroleur.

BYLAE

No. R. 722 van 11 April 1975.
No. R. 723 van 11 April 1975.
No. R. 2402 van 19 Desember 1975.
No. R. 444 van 9 Maart 1979.
No. R. 445 van 9 Maart 1979.
No. R. 249 van 8 Februarie 1980.

---

19. Mechanically propelled motor vehicles not subject to the provisions of paragraph 20 including any commercial vehicle irrespective of whether such motor vehicle is subsequent to the manufacture thereof equipped, constructed or adapted for the conveyance of persons, but excluding tractors, harvesting machinery, agricultural machinery and implements and irrigation machinery.

20. Mechanically propelled road passenger motor vehicles designed to seat not more than 15 persons including motor-cycles and -motortricycles.

No. R. 430 27 February 1981

PRICE CONTROL ACT, 1964

CONDITIONS OF SALE

I, Elias George de Beer, Price Controller, do hereby repeal the Government Notices in the Schedule hereto, promulgated in terms of section 9 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), with effect from 2 March 1981.

E. G. DE BEER, Price Controller.

SCHEDULE

No. R. 722 of 11 April 1975.
No. R. 723 of 11 April 1975.
No. R. 2402 of 19 December 1975.
No. R. 444 of 9 March 1979.
No. R. 445 of 9 March 1979.
No. R. 249 of 8 February 1980.

SUID-AFRIKAANSE POLISIE

No. R. 405 27 Februarie 1981

WET OP ONTPLOFBARE STOWWE, 1956

WYSIGING VAN REGULASIES

Die Staatspresident het kragtens artikel 30 van die Wet op Ontplofbare Stowwe, 1956, (Wet 26 van 1956), die regulasies in die Bylae hierby uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie Bylae, tensy uit die samehang anders blyk, beteken "die Regulasies" die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1604 van 8 September 1972, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing R. 2371 van 14 Desember 1973, Goewermentskennisgewing R. 155 van 4 Februarie 1977, Goewermentskennisgewing R. 2153 van 21 Oktober 1977, Goewermentskennisgewing R. 2497 van 9 Desember 1977, Goewermentskennisgewing R. 2135 van 21 September 1979 en Goewermentskennisgewing R. 2292 van 19 Oktober 1979.

2. Die Regulasies word hierby gewysig deur die volgende regulasie na regulasie 6.45.2, by te voeg:

"6.45.3 Geen persoon mag enige radiosender wat in 'n voertuig waarin onplofbare stowwe vervoer word, aangebring is of vervoer word, gedurende die vervoer van elektriese springdoppies in sodanige voertuig gebruik nie, tensy die betrokke springdoppies in die oorspronklike verpakking daarvan soos dit van die betrokke vervaardiger ontvang is, verpak is.".

3. Die Regulasies word hierby gewysig deur die volgende regulasie na regulasie 8.3.3, by te voeg:

"8.3.4 Geen persoon mag enige radiosender in 'n magasyn inneem nie.".

SOUTH AFRICAN POLICE

No. R. 405 27 February 1981

EXPLOSIVES ACT, 1956

AMENDMENT OF REGULATIONS

The State President has, in terms of section 30 of the Explosives Act, 1956 (Act 26 of 1956), made the regulations set out in the schedule hereto.

SCHEDULE

1. In this Schedule, unless the context indicates otherwise, "the Regulations" shall mean the Regulations published in Government Notice R. 1604 of 8 September 1972, as amended by Government Notices R. 2371 of 14 December 1973, R. 155 of 4 February 1977, R. 2153 of 21 October 1977, R. 2497 of 9 December 1977, R. 2135 of 21 September 1979 and R. 2292 of 19 October 1979.

2. The Regulations are hereby amended by the insertion of the following regulation after regulation 6.45.2;

"6.45.3 No person shall use a radio transmitter, which is fitted or transported in a vehicle in which explosives are conveyed, during the conveyance of electric detonators unless such detonators are packed in the original packing in which they were received from the manufacturers.".

3. The Regulations are hereby amended by the insertion of the following regulation after regulation 8.3.3.:

"8.3.4 No person shall take a radio transmitter inside a magazine.".

University of Pretoria
Together in Excellence

4. Die regulasies word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by regulasie 10.10 te voeg:

"(i) seker maak, deur die gebruik van erkende toerusting of die gebruikmaking van die advies of dienste van deskundiges op die gebied van die gebruik van springstowwe, dat die betrokke springdoppies nie op die plek waar hy dit wil gebruik, gedetoneer kan word deur enige elektromagnetiese golwe wat tot op daardie plek uitgestraal mag word deur enige radar-, radio-, televisie- of ander sender, of openige ander wyse nie.".

4. The Regulations are hereby amended by the addition of the following paragraph to regulation 10.10:

"(i) ensure by using recognised equipment or by employing the services of experts in the field of the use of blasting materials that, at the place where he intends using them, such detonators cannot be detonated by any electro-magnetic waves which may be emanated to that place by any radar, radio, television, or other transmitter, or in any other manner.".

DEPARTEMENT VAN POS- EN TELEKOMMUNIKASIEWESE

No. R. 398 27 Februarie 1981

NASIONALE SPAARSERTIFIKAAT-REGULASIES

Die Minister van Pos- en Telekommunikasiewese het kragtens artikel 77B van die Poswet (Wet 44 van 1958), die regulasies in hierdie Bylae uitgevaardig.

BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die Nasionale Spaarsertifikaat-regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1088 van 22 Julie 1960, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 1890 van 25 November 1960, R. 46 van 13 Januarie 1961, R. 121 van 27 Januarie 1961, R. 527 van 30 Maart 1961, R. 540 van 25 Augustus 1961, R. 541 van 25 Augustus 1961, R. 1593 van 28 September 1962, R. 1840 van 26 November 1965, R. 229 van 28 Februarie 1969, R. 1302 van 28 Julie 1972, R. 1303 van 28 Julie 1972, R. 1709 van 27 September 1974, R. 1710 van 27 September 1974 en R. 2086 van 20 Oktober 1978.

2. Die Regulasies word hierby gewysig deur Regulasie 4 en die opskrif wat dit voorafgaan deur die volgende regulasie en opskrif te vervang:

"*Persone aan wie die sertifikate uitgereik mag word*

4. 'n Belegging in die sertifikate word slegs aangeneem van 'n natuurlike persoon of van 'n onderlinge hulpvereniging of ander vereniging, maatskappy, genootskap, instelling, inrigting, raad, komitee, klub of fonds waarvan die ontvangste en toevallings ingevolge die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet 58 van 1962), of 'n ander wet, van inkomstebelasting vrygestel is of vrygestel kan word, en waarvan die oogmerke of vernaamste oogmerk deur die Posmeester-generaal goedgekeur is.".

3. Die Regulasies word hierby gewysig deur die byvoeging van die volgende regulasies met voorwaardes wat op die Agtste Reeks Nasionale Spaarsertifikate van toepassing is wat met ingang van 1 Maart 1981 uitgereik word:

"*Spesifieke regulasies van toepassing slegs ten opsigte van die uitgifte van die Agtste Reeks Nasionale Spaarsertifikate met ingang van 1 Maart* 1981

1. Die maksimum bedrag wat deur 'n enkele persoon in hierdie reeks Nasionale Spaarsertifikate belê mag word, is R15 000.

2. Die sertifikate word in eenhede van R50 of veelvoude van R50 uitgereik.

3. Die vervaldatum van 'n sertifikaat is 'n datum vyf jaar na die datum van belegging, maar 'n sertifikaat kan na verloop van twee jaar na die datum van belegging terugbetaal word.

DEPARTMENT OF POSTS AND TELECOMMUNICATIONS

No. R. 398 27 February 1981

NATIONAL SAVINGS CERTIFICATE REGULATIONS

The Minister of Posts and Telecommunications has promulgated the regulations in this Schedule under section 77B of the Post Office Act (Act 44 of 1958).

SCHEDULE

1. In this Schedule "the Regulations" means the National Savings Certificate Regulations promulgated by Government Notice R. 1088 of 22 July 1960, as amended by Government Notices R. 1890 of 25 November 1960, R. 46 of 13 January 1961, R. 121 of 27 January 1961, R. 527 of 30 March 1961, R. 540 of 25 August 1961, R. 541 of 25 August 1961, R. 1593 of 28 September 1962, R. 1840 of 26 November 1965, R. 229 of 28 February 1969, R. 1302 of 28 July 1972, R. 1303 of 28 July 1972, R. 1709 of 27 September 1974, R. 1710 of 27 September 1974 and R. 2086 of 20 October 1978.

2. The Regulations are hereby amended by substituting the following regulation and heading for Regulation 4 and the preceding heading:

"*Persons to whom the certificates may be issued*

4. An investment in the certificates shall be accepted only from a natural person or from a mutual aid society or other society, company, association, institution, establishment, board, committee, club or fund the receipts and accruals of which have been exempted or may be exempted from income tax under the Income Tax Act, 1962 (Act 58 of 1962), or any other law, and the objects of which have or the main object of which has been approved by the Postmaster General.".

3. The Regulations are hereby amended by the addition of the following regulations with conditions applicable to the Eighth Series National Savings Certificates to be issued with effect from 1 March 1981:

"*Specific regulations applicable only to the Eighth Series National Savings Certificates issued with effect from 1 March* 1981

1. The maximum amount that may be invested in this series of National Savings Certificates by any single person shall be R15 000.

2. The certificates shall be issued in units of R50 or multiples of R50.

3. The date of maturity of a certificate shall be a date five years after the date of issue, but a certificate may be repaid after the lapse of two years from the date of issue.

4. Die volgende rentekoerse is van toepassing:

8,5 persent per jaar vir die eerste twee jaar.

9 persent per jaar vir die derde jaar.

9,5 persent per jaar vir die vierde jaar.

10 persent per jaar vir die vyfde jaar.

5. Rente word op dagsaldo's en vanaf die datum van belegging bereken.

6. Die eerste betaling van rente geskied ses maande na die datum van belegging en die daaropvolgende betalings van rente word elke ses maande na die eerste betaling gedoen.

7. Die finale rentebetaling geskied op die vervaldatum van die betrokke sertifikaat of die datum waarop vroeër terugbetaling van die sertifikaat geskied en geen rente word na daardie datum gekweek nie.

8. Betaling van rente geskied by wyse van 'n tjek wat betaalbaar gemaak is aan die houer van die betrokke sertifikaat en gepos word na 'n adres wat hy aangegee het. Rente kan egter op versoek van sodanige houer in sy Posspaarbankrekening of in 'n rekening in sy naam by enige ander finansiële instelling inbetaal word.

9. Die rente-opbrengs op 'n belegging in die sertifikate is van inkomstebelasting vrygestel.".

4. The following interest rates shall apply:

8,5 per cent per annum for the first two years.

9 per cent per annum for the third year.

9,5 per cent per annum for the fourth year.

10 per cent per annum for the fifth year.

5. Interest shall be calculated on daily balances and as from the date of investment.

6. The first interest payment shall be made six months after the date of investment and the subsequent interest payments shall be made every six months after the first payment.

7. The final interest payment shall be made on the date of maturity of the relevant certificate or the date on which earlier repayment of the certificate is effected and no interest shall accrue after such date.

8. Payment of interest shall be effected by means of a cheque made payable to the holder of the relevant certificate and posted to an address given by him. On request by such holder, however, interest may be paid into his Post Savings Bank Account or an account in his name at any other financial institution.

9. The interest return on an investment in the certificates shall be exempt from income tax.".

DEPARTEMENT VAN SAMEWERKING EN ONTWIKKELING

No. R. 403 27 Februarie 1981

REGULASIES BETREFFENDE LIDMAATSKAP VAN DIE ORANJE-VRYSTAATSE GEMEENSKAPLIKE MUNISIPALE NIE-BLANKE PENSIOENFONDS.—SWART WERKNEMERS VAN ADMINISTRASIERADE OORGEPLAAS NA GEMEENSKAPSRADE

Ek, George de Villiers Morrison, Adjunk-minister van Samewerking vaardig hierby, namens en in opdrag van die Minister van Samewerking en Ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 6 (1A) (d) van die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977), en met die instemming van die bestuur van die Oranje-Vrystaatse Gemeenskaplike Munisipale Nie-Blanke Pensioenfonds, die volgende regulasies uit:

1. 'n Swarte in diens van 'n gemeenskapsraad, wat onmiddellik voor sy oorplasing daarheen vanaf die diens van 'n administrasieraad ingevolge artikel 6 (1A) (a) van die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977), uit hoofde van 'n keuse deur hom ingevolge artikel 10 (8) van die Wet op die Administrasie van Swart Sake, 1971 (Wet 45 van 1971), uitgeoefen, 'n lid was van die Oranje-Vrystaatse Gemeenskaplike Munisipale Nie-Blanke Pensioenfonds (hierna die Fonds genoem), ingestel by die regulasies uitgevaardig kragtens artikel 146 (21) van die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1962 (Ordonnansie 8 van 1962)—

(a) word geag sonder onderbreking in sy diens 'n lid van die Fonds te bly;

(b) is onderwerpe aan die wet, regulasies en reëls wat die Fonds beheer; en

(c) is, ondanks andersluidende wetsbepalings, nie geregtig op die betaling van 'n voordeel uit die Fonds uit hoofde van sy oorplasing nie, vir sover sy oorplasing met die beëindiging van sy diens by die betrokke administrasieraad gepaard gaan.

DEPARTMENT OF CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

No. R. 403 27 February 1981

REGULATIONS REGARDING MEMBERSHIP OF THE ORANGE FREE STATE JOINT MUNICIPAL NON-WHITE PENSION FUND. — BLACK EMPLOYEES OF ADMINISTRATION BOARDS TRANSFERRED TO COMMUNITY COUNCILS

I, George de Villiers Morrison, Deputy Minister of Co-operation, acting on behalf and by direction of the Minister of Co-operation and Development, under and by virtue of the powers vested in him by section 6 (1A) (d) of the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977), and with the concurrence of the Management of the Orange Free State Joint Municipal Non-White Pension Fund, hereby make the following regulations:

1. Any Black in the service of a community council who, immediately prior to his transfer thither from the service of an administration board in terms of section 6 (1A) (a) of the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977), by virtue of an election exercised by him in terms of section 10 (8) of the Black Affairs Administration Act, 1971 (Act 45 of 1971), was a member of the Orange Free State Joint Municipal Non-White Pension Fund (hereinafter referred to as the Fund), established by the regulations made under section 146 (21) of the Local Government Ordinance, 1962 (Ordinance 8 of 1962)—

(a) shall be deemed to remain a member of the Fund, without a break in his service;

(b) shall be subject to the law, regulations and rules, governing the Fund; and

(c) shall, notwithstanding anything to the contrary in any law contained, not be entitled to the payment of any benefit from the Fund by virtue of his transfer, in so far as his transfer involves the termination of his service with the administration board concerned.

University of Fort Hare

2. 'n Persoon bedoel in regulasie 1, wat afgedank is weens die oortolligheid van sy pos, word, vir die doeleindes van die wet, regulasies en reëls wat die Fonds beheer, geag deur die betrokke plaaslike owerheid afgedank te gewees het, en aan hom word uit die Fonds die toepaslike voordeel betaal wat by of kragtens die Wet, regulasies of reëls wat die Fonds beheer, betaalbaar is ten opsigte van 'n lid daarvan wat weens oortolligheid afgedank word.

3. Nadat die Fonds die toepaslike voordeel bedoel in regulasie 2, betaal het, moet die Fonds op die betrokke gemeenskapsraad—

(a) waar die betrokke voordeel 'n jaargeld is of insluit, die volle bedrag van elke betaling ten opsigte van die jaargeld verhaal met ingang van die datum van so iemand se uitdienstreding tot op die datum waarop hy die leeftyd bereik waarop hy ingevolge die wet, regulasies of reëls wat die Fonds beheer, verplig sou wees om uit die diens van die betrokke gemeenskapsraad te tree of tot op die datum waarop hy sterf, watter datum ook al die vroegste is;

(b) waar 'n jaargeld in paragraaf (a) genoem, ingevolge daardie wet, regulasies of reëls betaalbaar bly ná die datum waarop so iemand aldus verplig is om af te tree, die bedrag (as daar is) verhaal wat elke betaling ten opsigte van die jaargeld meer is as die bedrag wat ingevolge daardie wet, regulasies of reëls betaalbaar sou gewees het as die persoon op die datum waarop hy werklik afgetree het, die leeftyd bereik het waarop hy aldus verplig sou wees om af te tree;

(c) waar die betrokke voordeel 'n gratifikasie is of insluit, die volle bedrag van sodanige gratifikasie of 'n deel daarvan, verhaal, soos 'n aktuaris deur die Fonds aangewys, op koste van die gemeenskapsraad bepaal, met inagneming van die verhouding waarin so iemand se dienstermyn by die betrokke administrasieraad tot sy dienstermyn by die gemeenskapsraad staan.

4. Geen bedrag wat ingevolge die wet, regulasies of reëls wat die Fonds beheer, op 'n plaaslike owerheid of administrasieraad verhaal kan word, is in 'n geval waarop hierdie regulasies van toepassing is, ten opsigte van die uitdienstreding van iemand op grond van oortolligheid, op 'n plaaslike owerheid of 'n administrasieraad verhaalbaar nie.

G. DE V. MORRISON, Adjunk-minister van Samewerking.

(Lêer A2/14/3/B)

2. Any person referred to in regulation 1, who has been discharged by reason of the redundancy of his post, shall, for the purposes of the law, regulations and rules governing the Fund, be deemed to have been discharged by the local authority concerned and he shall be paid from the Fund the appropriate benefit prescribed by or under the law, regulations or rules governing the Fund in respect of a member thereof who is discharged on the grounds of redundancy.

3. After the Fund has paid out the appropriate benefit, as contemplated in regulation 2, the Fund shall recover from the community council concerned—

(a) where the benefit concerned is or include any annuity, the full amount of each payment in respect of such annuity, with effect from the date of such person's retirement up to the date on which he attains the age at which he is required in terms of the law, regulations or rules governing the Fund, to retire from the service of the community council concerned, or up to the date of his death, whichever date is the earlier;

(b) where any annuity referred to in paragraph (a) remains payable in terms of that act or those regulations or rules after the date on which such person is so required to retire, the amount (if any) by which every payment in respect of such annuity exceeds the amount which would have been payable in terms of that law or those regulations or rules had that person, on the date on which he actually retired, attained the age at which he would be so required to retire;

(c) where the benefit concerned is or includes any gratuity, the full amount of such gratuity or any portion thereof, as an acutary designated by the Fund may, at the expense of the community council, determine, with due regard to the ratio which such person's period of service with the administration board concerned bears to his period of service with the community council.

4. No amount which in terms of the law, regulations or rules governing the Fund may be recovered from a local authority or administration board, shall, in any case to which these regulations apply, be recovereable from a local authority or administration board in respect of the retirement of any person on the grounds of redundancy.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of Co-operation.

(File A2/14/3/B)

University of Fort Hare
Together in Excellence

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Buy National Savings Certificates

THE ONDERSTEPOORT JOURNAL OF VETERINARY RESEARCH

Die "Onderstepoort Journal of Veterinary Research" word deur die Staatsdrukker, Pretoria, gedruk en is verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Departement van Landbou-tegniese Dienste, Privaatsak X144, Pretoria, 0001, aan wie ook alle navrae in verband met die tydskrif gerig moet word.

Hierdie publikasie is 'n voortsetting van die "Reports of the Government Veterinary Bacteriologist of the Transvaal" wat terugdateer tot 1903 en waarvan 18 verskyn het tot 1932. Dit is gevolg deur 40 volumes van die "Onderstepoort Journal". Tans bestaan elke volume uit vier nommers wat teen R2 binnelands en R2,50 buitelands per nommer van bogenoemde adres verkrygbaar is.

Direkteure van laboratoriums ens. wat begerig is om publikasies om te ruil moet in verbinding tree met die Direkteur, Navorsings-instituut vir Veeartsenykunde, Pk. Onderstepoort, 0110, Republiek van Suid-Afrika.

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

THE ONDERSTEPOORT JOURNAL OF VETERINARY RESEARCH

The Onderstepoort Journal of Veterinary Research is printed by the Government Printer, Pretoria, and is obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Department of Agricultural Technical Services, Private Bag X144, Pretoria, 0001, to whom all communications should be addressed.

This publication is a continuation of the Reports of the Government Veterinary Bacteriologist of the Transvaal which date back to 1903 and of which 18 have appeared up to 1932. These were followed by 40 volumes of the Onderstepoort Journal. At present each volume comprises four numbers which are obtainable at R2, other countries R2,50 per number from the above address.

Directors of laboratories etc. desiring to exchange publications are invited to communicate with the Director, Veterinary Research Institute, P.O. Onderstepoort, 0110, Republic of South Africa.

Sales tax must accompany inland orders.

University of Fort Hare
Together in Excellence

AGROCHEMOPHYSICA

Hierdie publikasie is 'n voortsetting van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouwetenskap Jaargang 1 tot 11, 1958-1968 en bevat artikels oor Biochemie, Biometrika, Grondkunde, Landbou-ingenieurswese, Landbouweerkunde en Ontledingstegnieke. Vier dele van die tydskif word per jaar gepubliseer.

Verdienstelike landboukundige bydraes van oorspronklike wetenskaplike navorsing word vir plasing in hierdie tydskrif verwelkom. Voorskrifte vir die opstel van sulke bydraes is verkrygbaar van die Direkteur, Landbou-inlingting, Privaatsak X144, Pretoria, aan wie ook alle navrae in verband met die tydskrif gerig moet word.

Die tydskrif is verkrygbaar van bogenoemde adres teen R1,50 per eksemplaar of R6 per jaar, posvry (Buitelands R1,75 per eksemplaar of R7 per jaar).

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

AGROCHEMOPHYSICA

This publication is a continuation of the South African Journal of Agricultural Science Vol. 1 to 11, 1958-1968 and deals with Biochemistry, Biometry, Soil Science, Agricultural Engineering, Agriculutural Meteorology and Analysis Techniques. Four parts of the journal are published annually.

Contributions of scientific merit on agricultural research are invited for publication in this journal. Directions for the preparation of such contributions are obtainable from the Director, Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria, to whom all communications in connection with the journal should be addressed.

The journal is obtainable from the above-mentioned address at R1,50 per copy or R6 per annum, post free (Other countries R1,75 per copy or R7 per annum).

Sales tax must accompany inland orders.

DIE BLOMPLANTE VAN AFRIKA

Hierdie publikasie word uitgegee as 'n geïllustreerde reeks, baie na die aard van Curtis se "Botanical Magazine". Die doel van die werk is om die skoonheid en variasie van vorm van die flora van Afrika aan die leser bekend te stel, om belangstelling in die studie en kweek van die inheemse plante op te wek, en om plantkunde in die algemeen te bevorder.

Die meeste van die illustrasies word deur kunstenaars van die Navorsingsinstituut vir Plantkunde gemaak, dog die redakteur verwelkom geskikte bydraes van 'n wetenskaplike en kunsstandaard afkomstig van verwante inrigtings.

Onder huidige omstandighede word twee dele van die werk gelyktydig gepubliseer, maar met onreëlmatige tussenpose; elke deel bevat tien kleurplate. Intekengeld bedra R5 per deel (buitelands R5,25 per deel): Vier dele per band. Vanaf band 27 is die prys per band in linne gebind R30; in moroccoleer gebind R35. (Buitelands, linne gebind R31; moroccoleer R36).

Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbouinligting, Privaatsak X144, Pretoria.

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

THE FLOWERING PLANTS OF AFRICA

This publication is issued as an illustrated serial, much on the same lines as Curtis's Botanical Magazine, and for imitating which no apology need be tendered.

The desire and object of the promoters of the publication will be achieved if it stimulates further interest in the study and cultivation of our indigenous plants.

The illustrations are prepared mainly by the artists at the Botanical Research Institute, but the Editor welcomes contributions of suitable artistic and scientific merit from kindred institutions.

Each part contains 10 plates and costs R5 per part (other countries R5,25 per part). Two, three or four parts may be published annually, depending on the availability of illustrations. A volume consists of four parts. From Volume 27, the price per volume is: Cloth binding, R30; morocco binding, R35 (other countries, cloth binding R31; morocco binding R36).

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Sales tax must accompany inland orders.

University of Fort Hare
Together in Excellence

FLORA VAN SUIDELIKE AFRIKA

'n Taksonomiese behandeling van die flora van die Republiek van Suid-Afrika, Lesotho, Swaziland en Suidwes-Afrika. Sal bestaan uit 33 volumes, nie in numeriese volgorde nie.

Reeds beskikbaar:

Vol. 26 (1963): Prys R4,60. Buitelands R5,75, posvry.

"Furniture Industry" or "Industry" means—without in any way limiting the ordinary meaning of the expression—the Industry in which employers and employees are associated for the manufacture either in whole or in part of all types of furniture irrespective of the materials used, and shall include inter alia, the following operations:

Repairing, upholstering, re-upholstering, staining, spraying or polishing and/or repolishing, making of loose covers and/or cushions and/or certains and/or the making and/or repairing of box-spring mattresses and/or frames for upholstering, woodmachining, veneering, wood-turning, carves in connection with the manufacture and/or repair of furniture, polishing and/or repolishing of pianos and the manufacture and/or staining, spraying and polishing and/or repolishing of tea-room, office, church, school, bar or theatre furniture and cabinets for musical instruments and radio or wireless cabinets and includes the activities carried on in any premises where woodmachining, wood-turning and/or -carving in connection with the production of furniture is carried on; and includes, further, the repairing, re-upholstering or repolishing of furniture in or in connection with establishments in which the production of furniture or any operation associated with the final preparation of any article of furniture for sale, either in whole or in part is carried on, and the veneering of laminated blockboard or plywood doors used for furniture and all parts of materials used in the manufacture of furniture, but excludes the manufacture of studio couches as defined hereinafter, and cushions for such studio couches, and the manufacture of articles made principally of wicker, grass and/or cane, and the manufacture of metal furniture including the manufacture of metal bedsteads;
A "studio couch", for the purposes of this definitions, means an article of furniture designed for seating and for conversion into a double bed or two or more beds and the frame of which shall be constructed mainly of metal and the seating and/or sleeping surfaces of which shall consist of mattresses and/or cushions;
"learner" means an employee who is authorised or deemed to have been authorised a learner in terms of any agreement published in terms of the Act which is or was binding on the Industry from time to time;
"Main Agreement" means any current agreement for the Furniture Manufacturing Industry, Transvaal, published in terms of section 48 of the Act, in which wages are prescribed, or in the absence of such an agreement, the last wage agreement published for the Industry in terms of the Act;
"Medical Committee" means the Medical Committee appointed by the Council in accordance with the provisions of clause 12 of Chapter III;
"member" means an employee who has been admitted as a member of the Fund and/or Society and/or Association and/or Burial Society in terms of clause 3 of Chapter II, clause 3 of Chapter III, clause 3 of Chapter IV and clause 3 of Chapter V, and the words "member" and "membership" shall have a corresponding meaning;
"old age" means the age of 60 years or over;
"ordinary wage" means the wage based on an employee's earnings and payable had he worked 44 hours, excluding overtime, during any one week;
"pay-day" means Friday in each week, except where Friday is a non-working day, when the pay-day shall be the last working day preceding Friday;
"regulations" means the regulations of the Society made by the Medical Committee from time to time in accordance with the provisions of clause 9 of this Chapter and the provisions of Chapter III;
"retirement" means permanent retirement from the Industry through incapacity, ill-health or old age, and "retire" has a corresponding meaning;
"rules" means the rules of the Fund and the Association made by the Council in terms of clause 2 (1) (b) of Chapter II and clause 8 (3) of Chapter IV, and clause 8 (3) of Chapter V respectively;

"sektretaris" die sektretaris aangestel ingevolge klousule 4 van hierdie Hoofstuk;

"siekte" liggaamlike ongesteldheid, ongeskiktheid of ongesteldheid weens 'n kwaal, siekte, aandoening of besering waarvoor lede en afhanklikes geregtig is op bystand uit hoofde van klousule 2 en ingevolge klousule 8, soos by klousule 10 van Hoofstuk III beperk, of waarvoor lede geregtig is op siektebesoldiging ingevolge klousule 9 van Hoofstuk III;

"siektebesoldiging" die siektebesoldiging betaalbaar ingevolge klousule 9 van Hoofstuk III;

"Genootskap" die Siektebystandsgenootskap vir Transvaalse Meubelwerkers waarvoor in Hoofstuk III voorsiening gemaak word;

"ledegeld" die geld oorgedra ingevolge klousule 4 (5) van Hoofstuk II ooreenkomstig klousule 7 (1) van Hoofstuk III aan die Genootskap, klousule 4 (1) van Hoofstuk IV aan die Vereniging en klousule 4 (1) van Hoofstuk V aan die Begrafnisgenootskap;

"trustee(s)" die trustee(s) aangestel ingevolge klousule 7 van Hoofstuk II, klousule 15 van Hoofstuk III, klousule 10 van Hoofstuk IV of klousule 10 van Hoofstuk V.

4. ADMINISTRASIE

Die Raad moet 'n ouditeur, 'n sekretaris en personeel aanstel op sodanige grondslag en voorwaardes as wat hy geskik ag en hy kan sodanige aanstellings verander, reëlings tref en voorsiening maak vir persele, kantoormeubels en -uitrusting vir die administrasie van die Fonds, die Genootskap, die Vereniging en die Begrafnisgenootskap.

5. AGENTE

Enige agent wat deur die Raad aangestel word, moet help om die bepalings van hierdie Ooreenkoms uit te voer. Dit is die plig van elke werkgewer om sodanige agente toe te laat om sy bedryfsinrigting binne te gaan en om sodanige navrae te doen en om sodanige dokumente, boeke, loonstate, loon koeverte en loonkaartjies te ondersoek en om sodanige individue te ondervra as wat nodig is met die doel om vas te stel of die bepalings van hierdie Ooreenkoms nagekom word, en ingeval geen agente deur die Raad aangestel word nie, kan hy die Bestuurskomitee of die Mediese Komitee magtig om een of meer agente aan te stel, beklee met soortgelyke bevoegdhede en belas met soortgelyke pligte as die agente wat hierbo gemeld word, vir solank bydraes deur lede en werkgewers aan die Fonds, die Genootskap, die Vereniging of die Begrafnisgenootskap verskuldig is.

6. VRYSTELLINGS

(1) Die Bestuurskomitee of the Mediese Komitee kan vrystelling verleen van enige van of al die bepalings van hierdie Ooreenkoms ten opsigte van 'n werkgewer en/of een of meer van sy werknemers.

(2) Die Bestuurskomitee of die Mediese Komitee moet, ten opsigte van enige werkgewer of persoon aan wie vrystelling ingevolge subklousule (1) verleen is, die voorwaardes, as daar is, vasstel waaronder sodanige vrystelling verleen word en die tydperk waartydens sodanige vrystelling van krag is: Met dien verstande dat die Bestuurskomitee of die Mediese Komitee, indien hy dit gerade ag, nadat hy drie maande skriftelik kennis aan die betrokke werkgewer of werknemer gegee het, enige vrystellingsertifikaat kan intrek of wysig.

(3) Die sekretaris moet aan elke werkgewer/werknemer aan wie vrystelling ingevolge hierdie klousule verleen word, 'n sertifikaat onder sy handtekening uitreik waarin hy die volgende besonderhede vermeld:

(a) Die naam van die betrokke werkgewer/werknemer voluit;

(b) die bepalings van die Ooreenkoms waarvan vrystelling verleen word;

(c) die voorwaardes, as daar is, vasgestel ingevolge subklousule (2) waaronder sodanige vrystelling verleen word; en

(d) die tydperk wat die vrystelling van krag is.

(4) Die sekretaris moet—

(a) alle uitgereikte sertifikate in volgorde nommer;

(b) 'n kopie van elke sodanige uitgereikte sertifikaat bewaar; en

(c) wanneer 'n vrystelling aan 'n werknemer verleen word, 'n kopie van die vrystellingsertifikaat aan die betrokke werkgewer stuur.

(5) Elke werkgewer/werknemer moet die bepalings van enige vrystellingsertifikaat wat ingevolge hierdie klousule uitgereik is, nakom.

"secretary" means the secretary appointed in terms of clause 4 of this Chapter;

"sickness" means physical disorder, incapacity or indisposition through ailment, disease, illness or injury for which members and dependants are entitled to benefits by virtue of clause 2 and in terms of clause 8 as limited by clause 10 of Chapter III or for which members are entitled to sick-pay in terms of clause 9 of Chapter III;

"sick pay" means the sick pay payable in terms of clause 9 of Chapter III;

"Society" means the Transvaal Furniture Workers' Sick Benefit Society provided for in Chapter III;

"subscriptions" means the amount of moneys diverted in terms of clause 4 (5) of Chapter II in accordance with clause 7 (1) of Chapter III to the Society, clause 4 (1) of Chapter IV to the Association and clause 4 (1) of Chapter V to the Burial Society;

"trustee(s)" means the trustee(s) appointed in terms of clause 7 of Chapter II, clause 15 of Chapter III, clause 10 of Chapter IV or clause 10 of Chapter V.

4. ADMINISTRATION

The Council shall appoint an auditor, a secretary and staff on such terms and conditions as it may deem fit and may vary such appointments, arrange and provide for premises, office furniture and equipment for the administration of the Fund, the Society, the Association and the Burial Society.

5. AGENTS

Any agent appointed by the Council shall assist in giving effect to the terms of this Agreement. It shall be the duty of every employer to permit such agents to enter his establishment and to institute such enquiries and to examine such documents, books, wage-sheets, pay envelopes and pay tickets and to interrogate such individuals as may be necessary for the purpose of ascertaining whether the provisions of this Agreement are being observed, and in the event of there being no agents appointed by the Council it may authorise the Management Committee or the Medical Committee to appoint one or more agents, with similar powers and duties of the agents referred to above, for so long as contributions are due to the Fund, the Society, the Association or the Burial Society by members and employers.

6. EXEMPTIONS

(1) The Management Committee or the Medical Committee may grant exemption from any or all of the provisions of this Agreement in respect of an employer and/or one or more of his employees.

(2) The Management Committee or the Medical Committee shall fix in respect of any employer or person granted exemption under the provisions of subclause (1) the conditions, if any, subject to which such exemption is granted and the period during which such exemption shall operate: Provided that the Management Committee or the Medical Committee may, if it deems fit, after giving three months notice, in writing, to the employer or employee concerned, withdraw or vary any certificate of exemption.

(3) The secretary shall issue to every employer/employee granted exemption in accordance with the provisions of this clause a certificate signed by him setting out—

(a) the full name of the employer/employee concerned;

(b) the provisions of the Agreement from which exemption is granted;

(c) the conditions, if any, fixed in accordance with the provisions of subclause (2) hereof subject to which such exemption is granted; and

(d) the period during which the exemption shall operate.

(4) The secretary shall—

(a) number consecutively all certificates issued;

(b) retain a copy of each such certificate issued; and

(c) where an exemption is granted to an employee, forward a copy of the certificate of exemption to the employer concerned.

(5) Every employer/employee shall observe the provisions of any certificate of exemption issued in terms of this clause.

7. VRYWARING

(1) Die lede van die Raad, die lede van die Komitee of Mediese Komitee en die beamptes van die Fonds, die Genootskap, die Vereniging of die Begrafnisgenootskap, word nie verantwoordelik gehou nie vir enige handeling wat kan lei tot 'n verlies vir die Fonds, die Genootskap, die Vereniging, waar sodanige handeling te goeder trou verrig is, en hulle is ook nie aanspreeklik vir die skulde en laste van die Fonds, die Genootskap, die Vereniging, of die Begrafnisgenootskap, nie en hulle word hierby deur die Fonds, die Genootskap, die Vereniging of die Begrafnisgenootskap gevrywaar teen alle verliese en koste deur hulle aangegaan in of in verband met die bona fide-uitvoering van hul pligte.

(2) Die Raad en/of Komitee of Bestuurskomitee word nie verantwoordelik gehou nie vir enige bydraes afgetrek en enige bydraes verskuldig en betaalbaar deur die werkgewer wat by sekwestrasie of likwidasie van die werkgewer se boedel of hoegenaamd nie in die Fonds, Genootskap, Vereniging of Begrafnisgenootskap inbetaal is nie.

8. ALGEMENE BEPALINGS

(1) Enige bystand, reg of belang waarop 'n lid van die Fonds, die Genootskap, die Vereniging of die Begrafnisgenootskap na hy beweer ingevolge hierdie Ooreekoms geregtig is, mag nie gebruik word as grond vir skadevergoeding in enige geding wat deur sodanige lid teen die werkgewer ten opsigte van sy ontslag ingestel word nie.

Niks in hierdie Ooreenkoms beperk enigerwyse die reg van 'n werkgewer om die diens van sodanige lid te beëindig nie.

(2) Niemand, hetsy hy 'n lid is of nie, het enige eis, reg of belang teen, op of ten opsigte van die Fonds, die Genootskap, die Vereniging of die Begrafnisgenootskap of enige bydraes daartoe of enige belang daarby of enige eis teen die Raad, die Bestuurskomitee of die Mediese Komitee ingestel ingevolge hierdie Ooreenkoms en die werkgewers nie, behalwe kragtens en ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms.

(3) Behoudens die Insolvensiewet, 1936, of enige wet, maak die bystand waarop 'n lid of afhanklike geregtig is, by sekwestrasie of afstanddoening van sy boedel nie deel is, van die bates van sy insolvente of afgestane boedel uit nie, maar val dit toe aan die Fonds, die Genootskap, die Vereniging of die Begrafnisgenootskap, na gelang van die geval, en die betrokke Komitee kan daaroor beskik op 'n wyse wat, na die mening van die Komitee, daarop bereken is om sodanige lid of afhanklike te bevoordeel.

9. REGULASIES

(1) Die Mediese Komitee het die bevoegdheid om regulasies wat nie met Hoofstuk III of enige ander wet onbestaanbaar is nie, te maak, te wysig en te herroep, om behoorlik uitvoering te gee aan die Siektebystandsgenootskap vir Transvaalse Meubelwerkers se oogmerke en om die omvang te bepaal van die bystand wat deur die Genootskap toegestaan moet word, asook die bedinge en voorwaardes wat daarop van toepassing is.

(2) 'n Eksemplaar van die regulasies, tesame met eksemplare van alle wysigings daarvan, moet op aanvraag aan elke lid van die Genootskap uitgereik word en moet ook aan die Direkteur-generaal: Mannekragbenutting gestuur word.

HOOFSTUK II

1. VOORSORGFONDS VIR DIE MEUBELNYWERHEID, TRANSVAAL

(1) Die Voorsorgfonds vir die Meubelnywerheid, Transvaal, ingestel ingevolge die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing 44 van 13 Januarie 1961, word hierby voortgesit.

(2) Die Fonds bestaan uit—

(a) geld in die kredit van die Fonds op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms;

(b) die totale weeklikse bydraes van sowel werkgewer as werknemer wat in die Fonds inbetaal word, min enige bedrae wat ingevolge klousule 4 (5) van hierdie Hoofstuk oorgedra moet word;

(c) rente wat verkry word uit die belegging van enige geld van die Fonds;

(d) alle geld waarmee individuele lede ingvolge klousule 6 van hierdie Hoofstuk gekrediteer word;

(e) enige ander geld waarop die Fonds uit hoofde van hierdie Ooreenkoms of om enige ander rede geregtig word, of wat aan die Fonds geskenk word.

7. INDEMNITY

(1) The members of the Council, the members of the Committee or Medical Committee and the officers of the Fund, the Society, the Association or the Burial Society shall not be held responsible for any act which may result in loss to the Fund, the Society, the Association or the Burial Society where such act was done in good faith, and shall not be liable for the debts and liabilities of the Fund, the Society, the Association or the Burial Society and they are hereby indemnified by the Fund, the Society, the Association or the Burial Society against all losses and expenses incurred by them in or about the bona fide discharge of their duties.

(2) The Council and/or Committee or Management Committee shall not be held responsible for any contributions deducted and any contributions due and payable by the employer not paid into the Fund, the Society, the Association or the Burial Society upon sequestration or liquidation of the employer's estate or at all.

8. GENERAL PROVISIONS

(1) Any benefits, right or interest to which a member of the Fund, the Society, the Association or the Burial Society may claim to be entitled in terms of this Agreement shall not be used as a ground for damages in any action brought by such member against the employer in respect of dismissal.

Nothing in this Agreement shall in any way restrict the right of an employer to terminate the employment of such a member.

(2) No person, whether a member or otherwise, shall have any claim, right or interest upon, to or in respect of the Fund, the Society, the Association or the Burial Society or any contributions thereto or any interest therein or any claim against the Council, the Management Committee or the Medical Committee established in terms of this Agreement and the employers, except under and in accordance with the provisions of this Agreement.

(3) Subject to the provisions of the Insolvency Act, 1936, or any law, if the estate of any member and or his dependant is sequestrated or assigned, the benefit to which such member or dependant is entitled shall not form part of the assets of his insolvent or assigned estate but shall revert to the Fund, the Society, the Association or the Burial Society, as the case may be, and may be dealt with by the Committee concerned in a manner calculated, in the opinion of the Committee, to benefit such member or dependant.

9. REGULATIONS

(1) The Medical Committee shall have power to make, vary and repeal regulations not inconsistent with the provisions of Chapter III or any other law for the efficient carrying out of the Society's objects, and for determining the extent of the benefits to be granted by the Society and the terms and conditions applicable thereto.

(2) A copy of the regulations, as well as copies of any amendments thereto, shall be issued to every member of the Society upon request and shall also be transmitted to the Director-General: Manpower Utilisation.

CHAPTER II

1. THE PROVIDENT FUND FOR THE FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY, TRANSVAAL

(1) The Provident Fund for the Furniture Manufacturing Industry, Transvaal, established in terms of the Agreement published under Government Notice 44 of 13 January 1961, is hereby continued.

(2) The Fund shall consist of—

(a) moneys standing to the credit of the Fund at the date of coming into operation of this Agreement;

(b) the total weekly contributions of both employer and member paid into the Fund less any amounts to be diverted in terms of clause 4 (5) of this Chapter;

(c) interest derived from the investment of any moneys of the Fund;

(d) any moneys credited to individual members in terms of clause 6 of this Chapter;

(e) any other moneys to which the Fund may become entitled by virtue of this Agreement or for any other reason, or which may be donated to the Fund.

2. ADMINISTRASIE VAN DIE FONDS

(1) (a) Die administrasie van die Fonds berus by 'n Bestuurskomitee bestaande uit die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad tesame met drie werkgewerverteenwoordigers en drie werknemerverteenwoordigers wat lede van die Raad moet wees en deur die Raad aangestel moet word. Vir elke verteenwoordiger moet die Raad uit sy geledere 'n plaasvervanger aanstel. Die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad is Voorsitter en Ondervoorsitter van die Komitee.

(b) Die Raad het die bevoegdheid om sy eie prosedurereels vir die Komitee voor te skryf, te verander en te wysig en om reëls wat die administrasie van die Fonds beheer, te maak, te wysig en te verander: Met dien verstande dat sodanige reëls of enige wysiging daarvan nie onbestaanbaar met hierdie Ooreenkoms of met enige ander wet mag wees nie. 'n Eksemplaar van die reëls of enige wysiging daarvan moet aan die Direkteur-generaal: Mannekragbenutting gestuur word.

(c) Ingeval die Komitee om watter rede ook al nie in staat is om sy pligte na te kom nie, moet die Raad hierdie pligte waarneem en sy bevoegdheid uitoefen, en ingeval daar geen Nywerheidsraad vir die Meubelnywerheid, Transvaal, bestaan nie, kan trustees aangestel word soos bepaal in klousule 7 van hierdie Hoofstuk.

(2) Alle koste wat vir die administrasie van die Fonds aangegaan word, kom ten laste van die Fonds.

(3) So spoedig doenlik ná 28 Februarie elke jaar moet die Komitee 'n rekening opstel van die inkomste en uitgawes van die Fonds vir die 12 maande geëindig 28 Februarie, asook 'n staat wat die Fonds se bates en laste toon, wat deur die ouditeur gesertifiseer en deur die voorsitter van die Komitee medeonderteken moet word. Die gesertifiseerde rekenings en staat en enige verslag daaroor wat deur die ouditeur opgestel word, moet daarna op die kantoor van die Raad ter insae lê, en afskrifte daarvan moet binne drie maande ná die sluiting van die tydperk wat daardeur gedek word, aan die Direkteur-generaal: Mannekragbenutting, die werkgewersorganisasie en die vakverenigings gestuur word.

(4) Die Komitee moet alle inkomste van die Fonds invorder en in ontvangs neem en alle geld aldus ontvang in 'n bankrekening stort wat op naam van die Fonds geopen moet word. 'n Amptelike kwitansie moet uitgereik word vir alle geld wat deur die Fonds ontvang word en onttrekkings uit die Fonds moet geskied by wyse van tjeks onderteken deur sodanige persone as wat van tyd tot tyd deur die Raad daartoe gemagtig word, en medeonderteken deur die Sekretaris van die Fonds.

(5) Indien 'n geskil te eniger tyd ontstaan aangaande die administrasie van die Fonds waaroor lede van die Bestuurskomitee gelykop verdeel is, moet die saak vir beslissing na die Raad verwys word.

(6) Enige geld wat nie nodig is om lopende betalings te doen en koste te vereffen nie, moet belê word in—

(a) spaarrekenings, permanente aandele of vaste deposito's by geregistreerde bougenootskappe of banke, en/of

(b) Poskantoorspaarrekenings of -sertifikate, en/of

(c) Staatseffekte van die Republiek van Suid-Afrika of effekte van plaaslike owerhede, en/of die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, en/of

(d) Nasionale Spaarsertifikate, of op

(e) enige ander manier wat deur die Registrateur goedgekeur word.

3. LIDMAATSKAP

(1) Die lede van die Fonds bestaan—

(a) uit alle werknemers, uitgesonderd los werknemers, in die Nywerheid vir wie minimum lone in die Hoofooreenkoms voorgeskryf word, en vakleerlinge;

(b) behoudens die goedkeuring van die Komitee, uit sodanige ander persone in diens in die Nywerheid wat verkies om lede te word en ten opsigte van wie hul werkgewers toegestem het om die bydraes te doen wat in klousule 4 van hierdie Hoofstuk voorgeskryf word.

(2) Lidmaatskap eindig wanneer 'n lid die Nywerheid permanent verlaat en al sy bystand ingevolge klousule 5 van hierdie Hoofstuk ontvang het.

4. BYDRAES

(1) (a) Behoudens paragraaf (b), moet elke werkgewer op die eerste betaaldag na die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree en daarna op elke betaaldag van elke Fondsweek, van die gewone loon van elke lid in sy diens die volgende bedrae aftrek:

(i) In die geval van werknemers, met inbegrip van vakleerlinge en leerlinge wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms lede was van die Fonds, 5 persent van die gewone loon plus R1,08;

2. ADMINISTRATION OF THE FUND

(1) (a) The administration of the Fund shall be vested in a Management Committee consisting of the Chairman and Vice-Chairman of the Council togetner with three employer representatives and three employee representatives who shall be members of the Council and shall be appointed by the Council. For each representative an alternate shall be appointed by the Council from its members. The Chairman and Vice-Chairman of the Council shall be the Chairman and Vice-Chairman of the Committee.

(b) The Council shall have the power to prescribe, alter and amend its own rules of procedure for the Committee and to make, amend and alter ruies governing the administration of the Fund: Provided that such rules or any amendment thereof shall not be inconsistent with the provisions of this Agreement or with the provisions of any other law. A copy of the rules or any amendment thereof shall be transmitted to the Director-General: Manpower Utilisation.

(c) In the event of the Committee being unable to perform its duties for any reason, the Council shall perform those duties and exercise its powers, and in the event of there being no Industrial Council for the Furniture Manufacturing Industry, Transvaal, in existence trustees may be appointed as provided for in clause 7 of this Chapter.

(2) All expenses incurred for the purpose of administration of the Fund shall be a charge against the Fund.

(3) As soon as possible after 28 February in each year the Committee shall prepare an account of the revenue and expenditure of the Fund for the 12 months ended 28 February and a statement showing the Fund's assets and liabilities which shall be certified by the auditor and countersigned by the Chairman of the Committee. The certified accounts and statement and any report made by the auditor thereon shall thereafter lie for inspection at the office of the Council and copies thereof shall within three months of the close of the period covered thereby, be transmitted to the Director-General: Manpower Utilisation, the employers' organisation and the trade unions.

(4) The Committee shall collect and receive all revenue of the Fund and shall deposit all moneys so received in a banking account opened in the name of the Fund. An official receipt shall be issued for all moneys received into the Fund and withdrawals from the Fund shall be by cheque signed by such persons as may, from time to time, be authorised by the Council and be countersigned by the secretary of the Fund.

(5) Should a dispute arise at any time as to the administration of the Fund in regard to which members of the Management Committee are equally divided, the matter shall be referred to the Council for a decision.

(6) Any moneys not required to meet current payments and expenses shall be invested in—

(a) savings accounts, permanent shares or fixed deposits with registered building societies, or banks, and/or

(b) Post Office savings accounts or certificates, and/or

(c) Stock of the Government of the Republic of South Africa or Local Government Stock, and/or the Electricity Supply Commission, and/or

(d) National Savings Certificates, or

(e) any other manner approved by the Registrar.

3. MEMBERSHIP

(1) Membership of the Fund shall consist of—

(a) all employees, other than casual employees, in the Industry for whom minimum wages are prescribed in the Main Agreement and apprentices;

(b) subject to the approval of the Committee, such other persons employed in the Industry who elect to become members and in respect of whom their employers have consented to make the contributions prescribed in clause 4 of this Chapter.

(2) Membership shall cease when a member leaves the Industry permanently and has received all his benefits in terms of clause 5 of this Chapter.

4. CONTRIBUTIONS

(1) (a) Subject to the provisions of paragraph (b), every employer shall on the first pay-day after the date upon which this Agreement comes into operation and thereafter on every pay-day of each Fund week, deduct from the ordinary wages of each and every member in his employ—

(i) in the case of employees, including apprentices and learners who were members of the fund at the date of coming into operation of this agreement, 5 per cent of the ordinary weekly wage plus R1,08;

(ii) in die geval van werknemers met inbegrip van vakleerlinge en leerlinge wie na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms lede van die Fonds geword het en wie se gewone loon R50 of meer per week is, 5 persent van die gewone loon, plus R1,08;

(iii) in die geval van werknemers en leerlinge wie na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms lede van die Fonds geword het en wie se gewone loon minder as R50 per week is, 2 persent van die gewone loon en 50c vir die tydperk eindigende 30 Junie 1981, en 5 persent van die gewone loon, plus R1,08, met ingang van 1 Julie 1981.

By die bedrae aldus ooreenkomstig subparagrawe (i), (ii) en (iii) afgetrek moet die werkgewer 'n gelyke bedrag voeg.

(b) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms moet geen bydraes betaal word as 'n lid minder as 16 uur gedurende enige Fondsweek werk nie.

(c) Aftrekkings moet gedoen word van die loon wat 'n lid ontvang vir tydperke van afwesigheidsverlof met besoldiging asook vir vakansie met besoldiging asof die betrokke lid by sy werk aanwesig was op die gewone manier gedurende enige tydperk van diens, behalwe gedurende die tydperk van die jaarlikse sluiting.

(2) (a) Behoudens paragraaf (b), moet die werkgewer alle bedrae wat ingevolge subklousule (1) van hierdie klousule betaalbaar is, tesame met die voorgeskrewe opgawe, maandeliks aanstuur sodat dit die Sekretaris van die Raad bereik voor of op die 10de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan die bedrae verskuldig is.

(b) 'n Werkgewer wat met betalings ingevolge paragraaf (a) agterstallig is en wat versuim, nadat hy deur die Raad skriftelik gewaarsku is om die uitstaande bedrae binne sewe dae vanaf die datum van sodanige waarskuwing aan te stuur, moet, sodra hy skriftelik deur die Raad aangesê word om dit te doen, die bydraes waarvan in subklousule (1) melding gemaak word, week na week betaal sodat dit die Sekretaris bereik voor of op die Vrydag wat volg op die betaaldag van die week ten opsigte waarvan die bedrae verskuldig is. Die betaling ten opsigte van die laaste betaaldag van elke kalendermaand moet vergesel gaan van die opgawe waarvan in paragraaf (a) melding gemaak word. 'n Werkgewer op wie hierdie paragraaf toegepas is, kan, slegs nadat hy deur die Raad skriftelik in kennis gestel is, terugkeer na die betaling van die bydraes op die maandelikse basis waarvoor in paragraaf (a) hiervan voorsiening gemaak word.

(c) Indien die bedrag verskuldig ingevolge hierdie klousule nie teen die 10de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is, deur die Raad ontvang word nie, moet die werkgewer rente betaal op sodanige bedrag of op sodanige kleiner bedrag wat nog nie betaal is nie, bereken teen 'n koers van een persent per maand of gedeelte van 'n maand vanaf sodanige 10de dag tot die dag waarop betaling werklik deur die Raad ontvang word: Met dien verstande dat die Raad daartoe geregtig is om na absolute goeddunke betaling van sodanige rente of gedeelte daarvan kwyt te skeld.

(d) As dit nog nie reeds ten opsigte van huidige werknemers gedoen is nie, maar in elk geval wanneer 'n nuwe werknemer tot die Nywerheid toetree, moet die eerste opgawe, in paragraaf (a) of (b) hiervan gemeld, wat volg op die datum waarop sodanige werknemer vir lidmaatskap van die Fonds gekwalifiseer het, vergesel gaan van 'n bylae wat die name van die werknemer voluit aangee, asook sodanige werknemer se adres, identiteitsnommer en die adres en identiteitsnommer, as dit beskikbaar is, van die lid se afhanklike(s) en/of enige ander inligting wat die Komitee van tyd tot tyd nodig het.

(e) As hy dit nog nie reeds gedoen het nie maar in elk geval wanneer hy by die Fonds aansluit, moet elke lid sy werkgewer in kennis stel van sy adres en identiteitsnommer en die adres en identiteitsnommer, as dit beskikbaar is, van sy afhanklike(s). Elke lid moet sy werkgewer verwittig van enige adresverandering van 'n afhanklike(s) en elke werkgewer moet die sekretaris skriftelik daarvan kennis gee.

(3) As daar per abuis 'n bydrae tot die Fonds gedoen word, is die Fonds nie daarvoor aanspreeklik om dié bydrae na verloop van ses maande vanaf die datum van sodanige betaling terug te betaal nie.

(4) Wanneer enige bystand per abuis aan 'n lid betaal is omdat sodanige lid betalings aan die Fonds gedoen het wat nie verskuldig was nie, kan die Bestuurskomitee die bedrag van die bystand wat aldus betaal is, verreken—

(a) teen enige bedrag wat van die Fonds geëis word as 'n terugbetaling van sodanige bydraes wat nie verskuldig was nie; en

(ii) in the case of employees, including apprentices and learners who became members of the Fund after the date of coming into operation of this agreement and whose ordinary wage is R50 per week or more, 5 per cent of the ordinary wage plus R1,08;

(iii) in the case of employees and learners who became members of the Fund after the date of coming into operation of this Agreement and whose ordinary wage is less than R50 per week, 2 per cent of the ordinary wage and 50c for the period ending 30th June 1981, and 5 per cent of the ordinary wage plus R1,08 with effect from 1 July 1981.

To the amounts so deducted in terms of subparagraphs (i), (ii) and (iii), the employer shall add a similar amount.

(b) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Agreement, should a member work for less than 16 hours during any one Fund week, no contributions shall be made.

(c) Deductions shall be made from wages received by a member for periods of paid leave of absence from work and paid holidays as though the member concerned was present at work in the normal way during any period of employment other than during the period of annual closure.

(2) (a) Subject to the provisions of paragraph (b), the employer shall forward monthly the total contributions referred to in subclause (1) together with a return in the form prescribed by the Council from time to time to reach the Secretary not later than the 10th day of the month following the month during which the member's deductions were required to be made.

(b) An employer who is in arrear with payments in terms of paragraph (a) and who fails, after having been warned in writing by the Council, to forward the outstanding amounts within seven days of the date of such warning, shall upon being notified by the Council in writing to do so submit the contributions referred to in subclause (1) week by week, so as to reach the Secretary not later than the Friday following the pay-day of the week in respect of which the contributions are due. The payment submitted in respect of the last pay-day of each calendar month shall be accompanied by the return referred to in paragraph (a). An employer to whom the provisions of this paragraph have been applied may, only upon being notified by the Council in writing, revert to the payment of contributions on the monthly basis provided for in terms of paragraph (a).

(c) Should an amount due in terms of this clause not be received by the Council by the 10th day of the month following the month in respect of which it is payable, the employer shall pay interest on such amount or on such lesser amount as remains unpaid, calculated at the rate of one per cent per month or part thereof from such 10th day until the day upon which payment is actually received by the Council: Provided that the Council shall be entitled in its absolute discretion to waive payment of such interest or part thereof.

(d) If not already furnished in respect of present employees, but in any event whenever a new employee enters the Industry, the first return referred to in paragraph (a) or (b) following the date upon which such employee became eligible for membership of the Fund shall be accompanied by a schedule reflecting the full names of the employee, as well as such employee's address, identity number and the address and identity number, where available, of the member's dependant(s) and/or any other information as may be required by the Committee from time to time.

(e) Every member if he has not already done so but in any event upon joining the Fund shall advise his employer of his address and identity number and the address and identity number, where available, of his dependant(s). Every member shall furnish his employer with any change of address of dependant(s) and every employer shall advise the secretary thereof in writing.

(3) If any contribution is made in error to the Fund, the Fund shall not be liable to repay that contribution after the lapse of six months from the date of such payment.

(4) Whenever any benefit has been mistakenly paid to a member as a result of such member having made to the Fund payments which were not due, the Management Commitee may set off the amount of benefit so paid—

(a) against any sum claimed from the Fund as a repayment of such contributions which were not due; and

(b) teen enige toekomstige bystand wat deur die Fonds aan genoemde lid verskuldig word.

(5) Van die weeklikse bydraes ontvang van die werknemer wat lid is van enigeen van die vakverenigings wat 'n party by hierdie Ooreenkoms is, en van sy werkgewer wat lid is van die werkgewersorganisasie wat 'n party by hierdie Ooreenkoms is, moet die Fonds—

(a) aan die Siektebystandsgenootskap vir Transvaalse Meubelwerkers soos beliggaam in Hoofstuk III, sodanige ledegeld oordra as wat in klousule 7 van Hoofstuk III voorgeskryf word;

(b) aan die Sterftebystandsvereniging soos beliggaam in Hoofstuk IV, sodanige ledegeld oordra as wat in klousule 4 van Hoofstuk IV van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word; en

(c) aan die Begrafnisgenootskap soos beliggaam in Hoofstuk V, sodanige ledegeld oordra as wat in klousule 4 van Hoofstuk V voorgeskryf word.

5. BYSTAND

(1) 'n Lid is soos volg geregtig op die betaling van die bystand wat vir hom ingevolge hierdie Hoofstuk opgeloop het:

(a) Na 24 agtereenvolgende maande sedert hy die Nywerheid verlaat het en by voorlegging van 'n skriftelike bewys wat die Komitee daarvan oortuig dat die lid minstens 24 agtereenvolgende maande buite die Nywerheid gewerk het: Met dien verstande dat die Komitee, onder buitengewone omstandighede en uitsluitlik na eie goeddunke, die betaling van sodanige bystand vóór daardie tydperk kan magtig maar nie vroeër nie as drie agtereenvolgende maande nadat die lid die Nywerheid permanent verlaat het;

(b) by aftrede uit die Nywerheid weens—

(i) hoë ouderdom, of

(ii) ongeskiktheid, swak gesondheid of swakheid en 'n lid as gevolg daarvan permanent ongeskik geword het: Met dien verstande dat die lid van sodanige ongeskiktheid bewys gelewer het wat die Komitee tevrede stel;

(c) ondanks paragraaf (a), waar 'n vroeë betaling van bystand goedgekeur is en onder buitengewone omstandighede aan 'n lid gemaak is, kan die Komitee uitsluitlik na eie goeddunke te eniger tyd voor die verstryking van 21 maande vanaf die datum waarop die bystand aan die lid betaal is, van so 'n lid vereis om die hele bedrag wat as bystand aan hom betaal is of 'n gedeelte daarvan terug te betaal.

(2) (a) Behoudens klousule 4 van hierdie Hoofstuk, is 'n lid in subklousule (1) (a) bedoel, geregtig op ondervermelde bystand:

(i) As hy hoogstens vyf jaar lank lid was, die totale bedrag wat hy bygedra het, plus enige rente, asook bonusse waarmee hy op grond van sy eie bydraes ingevolge klousule 6 van hierdie Hoofstuk gekrediteer is, plus 50 persent van die totale som van die werkgewer se bydraes en rente waarmee dié lid gekrediteer is;

(ii) as hy langer as vyf jaar maar hoogstens 10 jaar lank lid was, die totale bedrag wat hy bygedra het, plus enige rente, asook bonusse waarmee hy op grond van sy eie bydraes ingevolge klousule 6 van hierdie Hoofstuk gekrediteer is, plus 60 persent van die totale som van die werkgewer se bydraes en rente waarmee dié lid gekrediteer is;

(iii) as hy langer as 10 jaar maar hoogstens 20 jaar lank lid was, die totale bedrag wat hy bygedra het, plus enige rente, asook bonusse waarmee hy op grond van sy eie bydraes ingevolge klousule 6 van hierdie Hoofstuk gekrediteer is, plus 75 persent van die totale som van die werkgewer se bydraes en rente waarmee dié lid gekrediteer is;

(iv) as hy langer as 20 jaar lank lid was, die totale bedrag wat hy bygedra het, plus enige rente, asook bonusse waarmee hy op grond van sy eie bydraes, gekrediteer is, plus die totale som van die werkgewer se bydraes en rente waarmee dié lid gekrediteer is.

(b) 'n Lid in subklousule (1) (b) hiervan bedoel, moet, behoudens klousule 4 (5) van hierdie Hoofstuk, die bystand betaal word wat in subklousule (2) (a) (iv) hiervan voorgeskryf word: Met dien verstande dat die Komitee die reg het om te vereis dat 'n mediese verslag oor sodanige lid op koste van die Fonds voorgelê word.

(3) (a) Aansoek om bystand moet skriftelik gedoen word in die vorm wat deur die Komitee voorgeskryf word.

(b) Wanneer 'n lid na die Nywerheid terugkeer voordat betaling gedoen is op grond van 'n aansoek om onttrekking van bystand, verval die aansoek outomaties en moet bydraes onmiddellik hervat word.

(b) against any future benefits that may become due by the Fund to the said member.

(5) From the weekly contributions received from the employee who is a member of either of the trade unions which is a party to this Agreement and his employer, who is a member of the employers' organisation which is a party to this Agreement, respectively, the Fund shall divert to—

(a) the Transvaal Furniture Workers' Sick Benefit Society embodied in Chapter III of this Agreement, such subscriptions as are prescribed in clause 7 of Chapter III;

(b) the Mortality Benefit Association embodied in Chapter IV such subscriptions as are prescribed in clause 4 of Chapter IV; and

(c) the Burial Society embodied in Chapter V of this Agreement, such subscriptions as are prescribed in clause 4 of Chapter V.

5. BENEFITS

(1) A member shall be entitled to payment of the benefits accrued to him in terms of this Chapter—

(a) 24 consecutive months after having left the Industry and upon production of written proof satisfactory to the Committee that the member was engaged outside the Industry for a period of not less than 24 consecutive months: Provided that the Committee may, in exceptional circumstances and at its sole discretion, authorise thé payment of such benefits prior thereto but not sooner than three consecutive months after the member has left the Industry permanently;

(b) upon retirement from the Industry owing to—

(i) old age; or

(ii) incapacity, ill-health or infirmity and if a member is permanently disabled as a result thereof: Provided that the member has produced proof of such disablement to the satisfaction of the Committee;

(c) notwithstanding anything contained in paragraph (a), where an early payment of benefits has been approved and made to a member pursuant to exceptional circumstances, the Committee may at its sole and absolute discretion, at any time prior to the expiry of 21 months from the date of the member having being paid his benefits, call upon such member to refund the whole or part of the benefits paid to such member.

(2) (a) Subject to the provisions of clause 4 of this Chapter, a member referred to in subclause (1) (a) shall be entitled to the following benefits:

(i) If he has been a member for a period not exceeding five years, the total amount contributed by him, plus any interest, and bonuses credited to his own contributions in terms of clause 6 of this Chapter plus 50 per cent of the total sum of the employer's contributions and interest credited in respect of that member;

(ii) if he has been a member for a period in excess of five years but not exceeding 10 years, the total amount contributed by him plus any interest and bonuses credited to his own contributions in terms of clause 6 of this Chapter plus 60 per cent of the total sum of the employer's contributions and interest credited in respect of that member;

(iii) if he has been a member for a period in excess of 10 years but not exceeding 20 years, the total amount contributed by him, plus any interest and bonuses credited to his own contributions in terms of clause 6 of this Chapter plus 75 per cent of the total sum of the employer's contributions and interest credited in respect of that member;

(iv) if he has been a member for a period in excess of 20 years, the total amount contributed by him, plus any interest and bonuses credited to his own contributions plus the total sum of the employer's contributions and interest credited in respect of that member.

(b) A member referred to in subclause (1) (b) hereof shall, subject to the provisions of clause 4 (5) of this Chapter, be paid the benefits prescribed in subclause (2) (a) (iv) hereof: Provided that the Committee shall have the right to demand a medical report in respect of such member at the expense of the Fund.

(3) (a) Applications for benefits shall be made, in writing, in the form prescribed by the Committee.

(b) When a member returns to the Industry before payment has been made on an application for withdrawal of benefits, the application will automatically lapse and contributions shall forthwith be resumed.

(c) By betaling aan 'n lid van alle bystand wat vir hom ingevolge hierdie Hoofstuk opgeloop het, word die saldo van die werkgewer se bydraes en rente, as daar is, aan die Fonds verbeur as 'n item waarop die Fonds ingevolge klousule 1 (2) (e) van hierdie Hoofstuk geregtig geword het.

(4) (a) By bewyslewering, wat vir die Bestuurskomitee aanvaarbaar is, van die dood van 'n lid, moet die Fonds aan die afhanklike(s) 'n bedrag betaal gelyk aan die totale bedrag van sy eie en die werkgewer se bydraes wat ten opsigte van sodanige lid bygedra is, plus rente en bonusse waarmee hy ingevolge klousule 6 van hierdie Hoofstuk gekrediteer is, en het die boedel van die gestorwe lid geen eis teen die Fonds nie.

(b) As die afhanklike 'n minderjarige is, moet die Komitee aan sodanige minderjarige se wettike voog die bystand betaal wat ten bate van die minderjarige gebruik moet word.

(c) Elke werkgewer moet die sekretaris verwittig van die dood van enige lid in sy diens. Die sekretaris moet, so gou moontlik, nadat hy inligting uit enige bron ontvang het van die dood van 'n lid, die afhanklike daarvan in kennis stel per brief of omsendbrief waarin die jongs bekende werkplek van die oorlede bydraer gemeld word, asook die feit dat bystand opgeëis kan word by 'n adres wat die Bestuurskomitee uitdruklik meld.

(d) Ingeval die sekretaris nie in kennis gestel is van die jongste adres van 'n afhanklike nie en die Bestuurskomitee nie daartoe in staat is om die afhanklike by sy/haar jongs bekende adres op te spoor en geen eis om bystand wat ingevolge hierdie klousule verskuldig is, ingestel word binne 'n maand nadat bewys van die dood van 'n lid ontvang is nie, moet die Komitee 'n advertensie, in albei amptelike tale, plaas in drie agtereenvolgende uitgawes van hoogstens drie dagblaaie wat in die Republiek van Suid-Afrika in omloop is, waarvan een 'n nuusblad moet wees wat in die distrik waarin die oorlede lid normaalweg woonagtig was, en in sodanige advertensie moet die jongs bekende werkplek van die oorlede lid en die bekende naam/name van afhanklikes en hul jongs bekende adresse genoem word asook die feit dat bystand beskikbaar is vir opvordering deur die afhanklike(s) by 'n adres wat die Komitee uitdruklik meld.

(e) As die afhanklike(s) binne 'n jaar en 'n dag vanaf die datum van die laaste plasing van sodanige advertensie soos in paragraaf (d) hiervan gespesifiseer, versuim om die bystand op te eis wat aan hulle verskuldig is, moet veronderstel word dat daar geen afhanklike(s) is nie en moet sodanige bystand aan die Fonds verbeur word as geld waarop die Fonds geregtig geword het ingevolge klousule 1 (2) (e) van hierdie Hoofstuk, ten bate van die oorblywende lede en daarna is daar geen verdere eis teen die Fonds nie: Met dien verstande dat die Komitee, ingeval van 'n eis ontvang word binne 'n tydperk van drie jaar na die dood van 'n lid, die bevoegdheid het om na sy eie uitsluitlike en absolute goeddunke bedrae aan die betrokke afhanklikes te betaal uit die geld wat aan die Fonds teruggeval het.

(5) As 'n lid bystand ontvang het waarop hy nie ingevolge hierdie Hoofstuk geregtig is en die saak nie behandel word op die wyse soos in klousule 4 (4) van hierdie Hoofstuk uiteengesit nie, is hy daarvoor aanspreeklik om die bedrag van die bystand aldus ontvang, aan die Fonds terug te betaal: Met dien verstande dat as die Komitee dit in enige besondere geval onbillik ag om terugbetaling van die hele bedrag van die bystand te eis, hy na goeddunke die terugbetaling van enige kleiner bedrag kan eis of die lid die hele bedrag kwytskeld.

(6) Behoudens soos in hierdie klousule bepaal, mag geen bystand of reg op bystand gesedeer, oorgedra, afgestaan of andersins oorgemaak, of verpand of verhipotekeer word nie, en geen bydrae deur 'n lid of namens 'n lid gedoen, is vatbaar vir beslaglegging of onderhewig aan enige vorm van eksekusie ingevolge 'n uitspraak of bevel van 'n geregshof nie.

(7) Niks in hierdie Hoofstuk raak op enige wyse die reg van 'n lid of sy afhanklike(s) om skadeloosstelling of skadevergoeding te eis ten opsigte van werkmanne wat beseer is, of wat sterf as gevolg van 'n ongeluk wat ontstaan het uit en in die loop van sy diens nie, en die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie subklousule mag nie as gevolg van sodanige eis verminder word nie.

(c) Upon payment to a member of all benefits accrued to him in terms of this Chapter, the balance of the employer's contributions and interest, if any, shall be forfeited to the Fund as an item to which the Fund has become entitled in terms of clause 1 (2) (e) of this Chapter.

sodanige advertensie moet die jongsbekende werkplek van die gestorwe lid en die bekende naam/name van afhanklikes en hul jongsbekende adresse genoem word, asook die feit dat bystand beskikbaar is vir opvordering op versoek deur die afhanklikes by 'n adres wat uitdruklik deur die Komitee gemeld word.

8. BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE KOMITEE

(1) Behoudens goedkeuring deur die Raad, moet die Komitee die beleid van die Vereniging bepaal en moet hy die algemene sake en werksaamhede van die Vereniging administreer ooreenkomstig die bepalings van hierdie Hoofstuk, en by die uitoefening van hierdie funksies moet die Komitee al sodanige stappe doen as wat hy nodig ag, of wat hy ag bevorderlik te wees vir, of wat sal help met die verwesenliking van sodanige oogmerk.

(2) Die Komitee moet alle inkomste van die Vereniging invorder, dit in ontvangs neem en alle geld aldus ontvang sonder versuim in 'n bankrekening deponeer wat op naam van die Vereniging geopen moet word. 'n Amptelike kwitansie moet uitgereik word vir alle kontantgeld deur die Vereniging ontvang, en onttrekkings uit die Vereniging moet geskied per tjek wat deur sodanige persone as wat van tyd tot tyd deur die Raad gemagtig word, onderteken en deur die sekretaris van die Vereniging medeonderteken moet word.

In die besonder kan die Komitee—

(a) enige bates van die Vereniging te gelde maak, verkoop of andersins daaroor beskik of daarmee handel;

(b) kontrak met 'n versekeringsmaatskappy, geregistreer ooreenkomstig Wet 27 van 1943, aangaan om alle of enige bystand te verseker wat in klousule 5 van hierdie Hoofstuk voorgeskryf word.

(3) Die Raad het die bevoegdheid om sy eie prosedurereëls vir die Komitee voor te skryf, te wysig en te verander en om reëls vir die administrasie van die Vereniging te maak, te wysig en te verander: Met dien verstande dat sodanige reëls of enige wysiging daarvan nie onbestaanbaar met hierdie Ooreenkoms of enige ander wet mag wees nie. 'n Afskrif van die reëls en enige wysiging daarvan moet aan die Direkteur-generaal: Mannekragbenutting gestuur word.

(4) Ingeval die Bestuurskomitee, om watter rede ook al, nie in staat is om sy pligte na te kom nie, moet die Raad sodanige pligte waarneem en sy bevoegdhede uitoefen.

(5) Ingeval 'n geskil te eniger tyd ontstaan oor die administrasie van die Vereniging waaroor lede van die Bestuurskomitee gelykop verdeel is, moet die saak vir 'n beslissing na die Raad verwys word.

9. FINANSIËLE BEHEER

(1) Alle uitgawes wat in verband met die administrasie van die Vereniging aangegaan word, kom ten laste van die Vereniging.

(2) Alle geld wat nie vir die bestryding van lopende betalings en uitgawes nodig is nie moet belê word soos voorgeskryf in klousule 2 (6) van Hoofstuk II.

(3) Die boekjaar van die Vereniging sluit elke jaar op 28 Februarie.

(4) So gou doenlik na 28 Februarie elke jaar moet die Vereniging 'n staat opstel van alle uitgawes en inkomste van die Vereniging, asook 'n balansstaat wat die bates en laste toon ten opsigte van die voorafgaande tydperk van 12 maande geëindig 28 Februarie, wat deur die ouditeur gesertifiseer en deur die Voorsitter van die Vereniging medeonderteken moet word en saam met enige verslag daaroor deur die ouditeur aan die Raad voorgelê moet word.

(5) Die geouditeerde staat en balansstaat moet daarna op die kantoor van die Raad ter insae lê en afskrifte daarvan moet binne drie maande vanaf die sluiting van die tydperk waarop hulle betrekking het, aan die Direkteur-generaal: Mannekragbenutting voorgelê word.

10. ONTBINDING VAN DIE VERENIGING

(1) Die bepalings van klousule 7 (1) tot klousule 7 (4) van Hoofstuk II is *mutatis mutandis* van toepassing op die Vereniging.

(2) By die likwidering van die Vereniging ingevolge klousule 7 (1) of 7 (2) van Hoofstuk II moet die Komitee, likwidateur of die trustees, na gelang van die geval—

(a) onverwyld daartoe oorgaan om alle beleggings en bates van die Vereniging in kontantfondse om te skep en om sodanige kontant binne 30 dae as onmiddellik opeisbare kontant te belê;

circulating in the district in which the deceased member was normally resident, stating the last known place of work of the deceased member, the known name(s) of dependants and their last known addresses and the fact that benefits are available for collection upon application by the dependants at an address specified by the Committee.

8. POWERS AND DUTIES OF THE COMMITTEE

(1) Subject to the approval of the Council, the Committee shall direct the policy of the Association and administer the general business and activities of the Association, in accordance with the provisions of this Chapter, and in so doing the Committee shall take all such steps as it may deem necessary, or which it considers will be conducive towards or will assist in the attainment of such object.

(2) The Committee shall collect and receive all revenue of the Association and shall deposit all moneys so received without delay in a banking account opened in the name of the Association. An official receipt shall be issued for all cash moneys received into the Association and withdrawals from the Association shall be by cheque signed by such persons as may, from time to time, be authorised by the Council, and countersigned by the secretary of the Association.

In particular the Committee may—

(a) a realise, sell or otherwise dispose of or deal with any of the assets of the Association;

(b) contract with an Insurance Company registered in terms of Act 27 of 1943, to underwrite all or any of the benefits prescribed in clause 5 of this Chapter.

(3) The Council shall have the power to prescribe, alter and amend its own rules of procedure for the Committee and to make, amend and alter rules governing the administration of the Association: Provided that such rules or any amendment thereof shall not be inconsistent with the provisions of this Agreement or with the provisions of any other law. A copy of the rules and any amendment thereof shall be transmitted to the Director-General: Manpower Utilisation.

(4) In the event of the Management Committee being unable to perform its duties for any reason, the Council shall perform such duties and exercise its powers.

(5) Should a dispute arise at any time as to the administration of the Association in regard to which members of the Management Committee are equally divided, the matter shall be referred to the Council for a decision.

9. FINANCIAL CONTROL

(1) All expenses incurred in connection with the administration of the Association shall be a charge against the Association.

(2) Any moneys not required to meet current payments and expenses shall be invested as prescribed in clause 2 (6) of Chapter II.

(3) The financial year of the Association shall end on 28 February of each year.

(4) As soon as possible after 28 February of each year the Association shall prepare a statement of all revenue and expenditure of the Association and a balance sheet showing the assets and liabilities in respect of the preceding period of 12 months ended 28 February, which shall be certified by the auditor and countersigned by the Chairman of the Association and submitted to the Council with any report by the auditor thereon.

(5) The audited statement and balance sheet shall thereafter lie for inspection at the office of the Council and copies thereof shall within three months of the close of the period to which they relate be submitted to the Director-General: Manpower Utilisation.

10. DISSOLUTION OF THE ASSOCIATION

(1) The provisions of clause 7 (1) to clause 7 (4) of Chapter II shall *mutatis mutandis* apply in respect of the Association.

(2) Upon the liquidation of the Association in accordance with the provisions of clause 7 (1) or 7 (2) of Chapter II, the Committee, liquidator or the trustee(s), as the case may be, shall—

(a) forthwith proceed to convert all investments and assets of the Association into cash funds and invest such cash on call within 30 days;

(b) alle krediteure, administrasie- en likwidasiekoste uit die fondse van die Vereniging betaal.

(3) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Hoofstuk, moet alle geld, as daar geld daarna oorbly, in die kredit van die Vereniging nadat dit ooreenkomstig subklousule (2) gelikwideer is, inbetaal word in die Siektebystandsgenootskap vir Transvaalse Meubelwerkers.

(4) Ingeval die Siektebystandsgenootskap vir Transvaalse Meubelwerkers gelikwideer is, moet die geld in subklousule (3) bedoel in die algemene fondse van die Raad inbetaal word.

(5) As die sake van die Raad reeds beredder en die saldo van die Raad se fondse verdeel is, moet die geld in subklousule (3) bedoel, ingeval die Siektebystandsgenootskap vir Transvaalse Meubelwerkers ook reeds gelikwideer is, verdeel word soos in artikel 34 (4) van die Wet bepaal asof dit deel van die algemene fondse van die Raad uitmaak.

HOOFSTUK V

1. BEGRAFNISGENOOTSKAP VIR TRANSVAALSE MEUBELWERKERS

(1) Die Begrafnisgenootskap bekend as die Transvaalse Meubelwerkers Begrafnisgenootskap, ingestel ingevolge die ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1354 van 22 Junie 1979, word hierby voortgesit as die Begrafnisgenootskap vir Transvaalse Meubelwerkers.

(2) Die geld van die Begrafnisgenootskap bestaan uit—

(a) geld in die kredit van die Begrafnisgenootskap vanaf 2 Julie 1979;

(b) die ledegeld wat kragtens klousule 4 (5) (c) van Hoofstuk II aan die Begrafnisgenootskap oorgedra word;

(c) rente verkry uit die belegging van enige geld van die Begrafnisgenootskap; en

(d) enige ander geld waarop die Begrafnisgenootskap geregtig word of wat aan die Begrafnisgenootskap geskenk word.

2. DOELSTELLINGS

(1) Die doel van die Begrafnisgenootskap is om voorsiening te maak vir bystand vir 'n afhanklike van 'n lid van die Begrafnisgenootskap ingeval van die dood van sodanige lid se afhanklikes. Vir die toepassing van hierdie Hoofstuk, beteken "afhanklike", met betrekking tot 'n lid, na die goeddunke van die Komitee een of meer van die volgende:

(a) Sy eggenote; en/of

(b) sy ongetroude minderjarige kind en/of ongetroude minderjarige stiefkind en/of ongetroude minderjarige aangenome kind.

(2) Behoudens die goedkeuring van die Raad, is die Komitee se beslissing oor wie die afhanklikes van die lid ingevolge hierdie klousule is, finaal.

3. LIDMAATSKAP

(1) (a) Lidmaatskap van die Begrafnisgenootskap is verpligtend—

(i) slegs vir lede van die Fonds wat kragtens Hoofstuk II voortgesit word wat lede van die vakverenigings is en wat in diens is by lede van die werkgewersorganisasie;

(ii) vir vakleerlinge en leerlinge.

(b) Ondanks paragraaf (a) hiervan, staan lidmaatskap voorts, na goeddunke van die Komitee, ook oop vir alle ander persone wat in die Nywerheid werksaam is, uitgesonderd, werknemers, wat verkies om lede te word en ten opsigte van wie hul werkgewers toegestem het om die ledegeld te betaal wat voorgeskryf word in klousule 4 van Deel II.

(2) Behoudens subklousule (3), eindig lidmaatskap van die Begrafnisgenootskap—

(a) sodra die bydraes ten opsigte van sodanige lid nie betaal word nie; of

(b) wanneer 'n lid sy bande met die Nywerheid verbreek en sodanige voormalige lid dan nie geregtig is op die bystand wat in klousule 5 van hierdie Hoofstuk voorgeskryf word nie.

(3) Ondanks andersluidende bepalings in subklousule (2) eindig lidmaatskap nie wanneer die bydraes gestaak word nie weens—

(a) die bereiking, deur 'n lid, van die leeftyd van 65 jaar;

(b) pay all creditors, administration and liquidation expenses from the funds of the Association.

(3) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Chapter, should any moneys thereafter remain to the credit of the Association upon liquidation in accordance with subclause (2), such moneys shall be paid into the Transvaal Furniture Workers' Sick Benefit Society.

(4) In the event of the Transvaal Furniture Workers' Sick Benefit Society having been liquidated, the moneys referred to in subclause (3) shall be paid into the general funds of the Council.

(5) If the affairs of the Council have already been wound up and the balance of the Council's funds distributed, the moneys referred to in subclause (3) shall, in the event of the Transvaal Furniture Workers' Sick Benefit Society also already having been liquidated, be distributed as provided for in section 34 (4) of the Act as if it formed part of the general funds of the Council.

CHAPTER V

1. TRANSVAAL FURNITURE WORKERS' BURIAL SOCIETY

(1) The Burial Society, known as the Transvaal Furniture Workers' Burial Society, established in terms of the Agreement published under Government Notice R. 1354 of 22 June 1979, is hereby continued.

(2) The moneys of the Burial Society shall consist of—

(a) moneys standing to the credit of the Burial Society as from 2 July 1979;

(b) the subscriptions diverted to the Burial Society in terms of clause 4 (5) (c) of Chapter II,

(c) interest derived from the investment of any moneys of the Burial Society; and

(d) any other moneys to which the Burial Society may become entitled or which may be donated to the Burial Society.

2. OBJECTS

(1) The objects of the Burial Society shall be to provide benefits for a member of the Burial Society in the event of the death of such member's dependants. For the purposes of this Chapter, "dependant", in relation to a member, shall mean at the discretion of the Committee any one or more of the following:

(a) His wife; and/or

(b) his unmarried minor child and/or unmarried minor step-child and/or unmarried minor adopted child.

(2) The Commitee's decision as to whom the dependants of the member are, in terms of this clause, shall, subject to the approval of the Council, be final.

3. MEMBERSHIP

(1) (a) Membership of the Burial Society shall be compulsory—

(i) only for members of the Fund continued in terms of Chapter II who are members of the trade unions and who are employed by members of the employers' organisation;

(ii) for apprentices and learners.

(b) Notwithstanding the provisions of paragraph (a) hereof, membership shall further, at the discretion of the Committee, be open to any other persons engaged in the Industry, other than casual employees, who elect to become members and in respect of whom their employers have consented to make the subscription provided for in clause 4 of Part II.

(2) Subject to the provisions of subclause (3), membership of the Burial Society shall cease—

(a) as soon as there is a cessation of contributions in respect of such member; or

(b) when a member severs his connection with the Industry, such former member shall thereupon not be entitled to the benefits prescribed in clause 5 of this Chapter.

(3) Notwithstanding anything to the contrary contained in subclause (2) membership shall not cease where the cessation of contributions is occasioned by—

(a) a member attaining the age of 65 years;

(b) werkloosheid wat, na die mening van die Komitee wie se beslissing finaal is, nie veroorsaak is deur onwilligheid om te werk nie en sodanige lid die maandelikse bydraes vooruit betaal, behoudens 'n maksimum van 13 weke;

(c) die onvermoë van die lid om weens swak gesondheid te werk nie;

(d) korttyd.

4. LEDEGELD

(1) Die ledegeld wat ten opsigte van elke lid betaalbaar is, is 22c per week en moet—

(a) ten opsigte van 'n lid in klousule 3 (1) (a) van hierdie Hoofstuk bedoel, in gelyke dele oorgedra word kragtens klousule 4 (5) van Hoofstuk II uit die bydraes wat in klousule 4 (1) (a) van Hoofstuk II voorgeskryf word; en

(b) ten opsigte van 'n lid in klousule 3 (1) (b) van hierdie Hoofstuk bedoel, weekliks deur sy werkgewer afgetrek word van die lid se loon en maand vir maand aan die sekretaris van die Begrafnisgenootskap gestuur word.

5. BEGRAFNISBYSTAND

(1) By die dood van 'n afhanklike en, behoudens klousule 6 van hierdie Hoofstuk, is die begrafnisbystand wat aan 'n lid betaalbaar is—

(a) in die geval van 'n afhanklike wat die ouderdom van 14 jaar bereik het: R300;

(b) in die geval van 'n afhanklike wat die ouderdom van ses jaar maar minder as 14 jaar bereik het: R200;

(c) in die geval van 'n afhanklike wat nie die ouderdom van ses jaar bereik het nie en doodgebore afhanklikes: R100.

6. BEPERKING VAN BYSTAND

(1) Geen betaling word ingevolge klousule 5 van hierdie Hoofstuk gedoen nie, tensy aansoek daarom gedoen word binne 'n tydperk van een jaar vanaf die datum van die dood van 'n betrokke afhanklike of binne sodanige langer tydperk (van hoogstens drie jaar vanaf die datum van die dood van die betrokke afhanklike) as wat die Komitee toelaat as hy daarvan oortuig is dat die vertraging van die aansoek veroorsaak is deur omstandighede buite die beheer van die aansoeker. Daarna val die bystand terug aan die Begrafnisgenootskap ten bate van die oorblywende lede en daarna is daar geen verdere eis teen die Begrafnisgenootskap nie.

(2) As die bedrag in die kredit van die Begrafnisgenootskap te eniger tyd tot onder R2 500 daal, moet betalings ingevolge klousule 5 eindig en moet dit nie weer hervat word voordat die bedrag in die kredit van die Begrafnisgenootskap meer as R5 000 is nie.

7. ADMINISTRASIE VAN DIE BEGRAFNISGENOOTSKAP

(1) Die administrasie van die Begrafnisgenootskap berus by 'n Bestuurskomitee bestaande uit die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad en, daarbenewens, drie werkgewersverteenwoordigers en drie werknemersverteenwoordigers wat lede van die Raad moet wees en deur die Raad aangestel moet word. Vir elke verteenwoordiger moet 'n plaasvervanger deur die Raad aangestel word. Die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad is die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Komitee.

(2) Elke lid moet die sekretaris in kennis stel van die dood van enige afhanklike. Nadat hy inligting uit enige bron van die dood van 'n afhanklike ontvang het, moet die sekretaris so gou doenlik die lid per brief of omsendbrief daarvan verwittig dat bystand op aansoek opgeëis kan word by 'n adres wat deur die Bestuurskomitee uitdruklik gemeld word.

(3) Ingeval die sekretaris nie in kennis gestel is van die jongste adres van 'n lid nie en die Bestuurskomitee nie daartoe in staat is om die lid by sy/haar jongs bekende adres op te spoor en geen eis om bystand wat ingevolge hierdie klousule verskuldig is, ingestel word binne 'n maand nadat bewys van die dood van 'n afhanklike ontvang is nie, moet die Komitee 'n advertensie in albei amptelike tale plaas in drie agtereenvolgende uitgawes van hoogstens drie dagblaaie wat in die Republiek van Suid-Afrika in omloop is, waarvan een 'n blad moet wees wat in omloop is in die distrik waarin die lid normaalweg woonagtig was, met die strekking dat bystand beskikbaar is vir opvordering op aansoek deur die lid by 'n adres wat uitdruklik deur die Komitee gemeld word.

(b) unemployment which, in the opinion of the Committee whose decision shall be final, was not occasioned by an unwillingness to work and where such member pays the monthly contributions in advance, subject to a maximum of 13 weeks;

(c) the inability of the member to perform any work because of ill-health;

(d) short-time.

4. SUBSCRIPTIONS

(1) The subscriptions payable in respect of each member shall be 22c per week and shall—

(a) in respect of a member referred to in clause 3 (1) (a) of this Chapter, be diverted in equal proportions in terms of clause 4 (5) of Chapter II from the contributions prescribed in clause 4 (1) (a) of Chapter II; and

(b) in respect of a member referred to in clause 3 (1) (b) of this Chapter, be deducted weekly by his employer from the wages of the member and forwarded month by month to the Secretary of the Burial Society.

5. BURIAL BENEFITS

(1) Upon the death of a dependant and subject to the provisions of clause 6 of this Chapter, the burial benefit payable to a member shall be—

(a) in the case of a dependant who has attained the age of 14 years: R300;

(b) in the case of a dependant who had attained the age of six years but less than 14 years: R200;

(c) in the case of a dependant who had not attained the age of six years and stillborns: R100.

6. LIMITATION OF BENEFITS

(1) No payments shall be made in terms of clause 5 of this Chapter, unless application therefor is made within a period of one year from the date of death of a dependant concerned or within such longer period (not exceeding three years from the date of death of the dependant concerned) as the Committee may allow if it is satisfied that the delay in making the application was caused by events beyond the control of the applicant, whereafter the benefits shall revert to the Burial Society for the benefit of the remaining members, and there shall thereafter be no further claim against the Burial Society.

(2) If at any time the amount to the credit of the Burial Society drops below R2 500, payments in terms of clause 5 shall cease and shall not be resumed until the amount to the credit of the Burial Society exceeds R5 000.

7. ADMINISTRATION OF THE BURIAL SOCIETY

(1) The administration of the Burial Society shall be vested in a Management Committee consisting of the Chairman and Vice-Chairman of the Council together with three employer representatives and three employee representatives who shall be members of the Council and shall be appointed by the Council. For each representative an alternate shall be appointed by the Council. The Chairman and Vice-Chairman of the Council shall be the Chairman and Vice-Chairman of the Committee.

(2) Every member shall notify the Secretary of the death of any dependant. The Secretary shall, as soon as possible, upon receiving information from any source of the death of a dependant, notify the member by letter or circular that benefits may be claimed upon application at an address specified by the Management Committee.

(3) In the event of the Secretary nog having been notified of the latest address of a member and the Management Committee not being able to trace the member at his/her last known address and no claim for benefits due in terms of this clause being made within a month of the proof of the death of a dependant, the Committee shall insert an advertisement in both official languages, in three successive issues of not more than three daily newspapers circulating in the Republic of South Africa, one of which shall be a newspaper circulating in the district in which the member was normally resident, stating the fact that benefits are available for collection upon application by the member at an address specified by the Committee.

8. BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE KOMITEE

(1) Behoudens goedkeuring deur die Raad, moet die Komitee die beleid van die Begrafnisgenootskap bepaal en die algemene sake en werksaamhede van die Begrafnisgenootskap administreer ooreenkomstig die bepalings van hierdie Hoofstuk, en by die uitoefening van hierdie funksies moet die Komitee al sodanige stappe doen as wat hy nodig ag, of wat hy ag bevorderlik te wees vir of wat sal help met die verwesenliking van sodanige oogmerk.

(2) Die Komitee moet alle inkomste van die Begrafnisgenootskap invorder, dit in ontvangs neem en alle geld aldus ontvang sonder versuim deponeer in 'n bankrekening wat op naam van die Begrafnisgenootskap geopen moet word. 'n Amptelike kwitansie moet uitgereik word vir alle kontantgeld deur die Begrafnisgenootskap ontvang, en onttrekkings uit die Begrafnisgenootskap moet geskied per tjek wat deur sodanige persone as wat van tyd tot tyd deur die Raad gemagtig word, onderteken en deur die sekretaris van die Begrafnisgenootskap medeonderteken moet word.

In die besonder kan die Komitee—

(a) enige bates van die Begrafnisgenootskap te gelde maak, verkoop of andersins daaroor beskik of daarmee handel;

(b) 'n kontrak met 'n versekeringsmaatskappy, geregistreer ooreenkomstig Wet 27 van 1943, aangaan om alle of enige bystand te verseker wat in klousule 5 van hierdie Hoofstuk voorgeskryf word.

(3) Die Raad het die bevoegdheid om sy eie prosedurereëls vir die Komitee voor te skryf, te wysig en te verander en om reëls vir die administrasie van die Begrafnisgenootskap te maak, te wysig en te verander: Met dien verstande dat sodanige reëls of enige wysiging daarvan nie onbestaanbaar met hierdie Ooreenkoms of enige ander wet mag wees nie. 'n Afskrif van die reëls en enige wysiging daarvan moet aan die Direkteur-generaal: Mannekragbenutting gestuur word.

(4) Ingeval die Bestuurskomitee, om watter rede ook al, nie in staat is om sy pligte na te kom nie, moet die Raad sodanige pligte waarneem en sy bevoegdhede uitoefen.

(5) Ingeval 'n geskil te eniger tyd ontstaan oor die administrasie van die Begrafnisgenootskap waaroor lede van die Bestuurskomitee gelykop verdeel is, moet die saak vir 'n beslissing na die Raad verwys word.

9. FINANSIËLE BEHEER

(1) Alle uitgawes wat in verband met die administrasie van die Begrafnisgenootskap aangegaan word, kom ten laste van die Begrafnisgenootskap.

(2) Alle geld wat nie vir die bestryding van lopende betalings en uitgawes nodig is nie, moet belê word soos voorgeskryf in klousule 2 (6) van Hoofstuk II.

(3) Die boekjaar van die Begrafnisgenootskap sluit elke jaar op 28 Februarie.

(4) So gou doenlik na 28 Februarie elke jaar moet die Begrafnisgenootskap 'n staat opstel van alle uitgawes en inkomste van die Begrafnisgenootskap, asook 'n balansstaat wat die bates en laste toon ten opsigte van die voorafgaande tydperk van 12 maande geëindig 28 Februarie, wat deur die ouditeur gesertifiseer en deur die Voorsitter van die Begrafnisgenootskap medeonderteken moet word en saam met enige verslag daaroor deur die ouditeur aan die Raad voorgelê moet word.

(5) Die geouditeerde staat en balansstaat moet daarna op die kantoor van die Raad ter insae lê en afskrifte daarvan moet binne drie maande vanaf die sluiting van die tydperk waarop hulle betrekking het, aan die Direkteur-generaal: Mannekragbenutting voorgelê word.

10. ONTBINDING VAN DIE BEGRAFNISGENOOTSKAP

(1) Klousule 7 (1) tot klousule 7 (4) van Hoofstuk II van hierdie Ooreenkoms is *mutatis mutandis* van toepassing op die Begrafnisgenootskap.

(2) By die likwidering van die Begrafnisgenootskap ingevolge klousule 7 (1) of 7 (2) van Hoofstuk II moet die Komitee, likwidateur of trustees, na gelang van die geval—

(a) onverwyld daartoe oorgaan om alle beleggings en bates van die Begrafnisgenootskap in kontantfondse om te skep en om sodanige kontant binne 30 dae as onmiddellik opeisbare kontant te belê;

(b) alle krediteure, administrasie- en likwidasiekoste uit die fondse van die Begrafnisgenootskap betaal.

8. POWERS AND DUTIES OF THE COMMITTEE

(1) Subject to the approval of the Council, the Committee shall direct the policy of the Burial Society and administer the general business and activities of the Burial Society in accordance with the provisions of this Chapter and, in so doing, the Committee shall take all such steps as it may deem necessary for, or which it considers will be conductive towards or will assist in the attainment of such object.

(2) The Committee shall collect and receive all revenue of the Burial Society and shall deposit all moneys so received without delay in a banking account opened in the name of the Burial Society. An official receipt shall be issued for all cash moneys received into the Burial Society and withdrawals from the Burial Society shall be by cheque signed by such persons as may, from time to time, be authorised by the Council, and countersigned by the Secretary of the Burial Society.

In particular, the Committee may—

(a) realise, sell or otherwise dispose of or deal with any of the assets of the Burial Society;

(b) contract with an Insurance Company registered in terms of Act 27 of 1943, to underwrite all or any of the benefits prescribed in clause 5 of this Chapter.

(3) The Council shall have the power to prescribe, alter and amend its own rules of procedure for the Committee and to make, amend and alter rules governing the administration of the Burial Society: Provided that such rules or any amendment thereof shall not be inconsistent with the provisions of this Agreement or with the provisions of any other law. A copy of the rules and any amendment thereof shall be transmitted to the Director-General: Manpower Utilisation.

(4) In the event of the Management Committee being unable to perform its duties for any reason, the Council shall perform such duties and exercise its powers.

(5) Should a dispute arise at any time as to the administration of the Burial Society, in regard to which members of the Management Committee are equally divided, the matter shall be referred to the Council for a decision.

9. FINANCIAL CONTROL

(1) All expenses incurred in connection with the administration of the Burial Society shall be a charge against the Burial Society.

(2) Any moneys not required to meet current payments and expenses shall be invested as prescribed in clause 2 (6) of Chapter II.

(3) The financial year of the Burial Society shall end on 28 February of each year.

(4) As soon as possible after 28 February of each year the Burial Society shall prepare a statement of all revenue and expenditure of the Burial Society and a balance sheet showing the assets and liabilities in respect of the preceding period of 12 months ended 28 February, which shall be certified by the auditor and countersigned by the Chairman of the Burial Society and submitted to the Council with any report by the auditor thereon.

(5) The audited statement and balance sheet shall thereafter lie for inspection at the office of the Council and copies thereof shall within three months of the close of the period to which they relate be submitted to the Director-General: Manpower Utilisation.

10. DISSOLUTION OF THE BURIAL SOCIETY

(1) The provisions of clause 7 (1) to clause 7 (4) of Chapter II of this Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of the Burial Society.

(2) Upon the liquidation of the Burial Society in accordance with the provisions of clause 7 (1) or 7 (2) of Chapter II, the Committee, liquidator or the trustees as the case may be, shall—

(a) forthwith proceed to convert all investments and assets of the Burial Society into cash funds and invest such cash on call within 30 days;

(b) pay all creditors, administration and liquidation expenses from the funds of the Burial Society.

(3) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Hoofstuk, moet alle geld, as daar geld daarna oorbly in die kredit van die Begrafnisgenootskap nadat dit ooreenkomstig subklousule (2) gelikwideer is, inbetaal word in die Siektebystandsgenootskap vir Transvaalse Meubelwerkers.

(4) Ingeval die Siektebystandsgenootskap vir Transvaalse Meubelwerkers gelikwideer is, moet die geld in subklousule (3) bedoel in die algemene fondse van die Raad inbetaal word.

(5) As die sake van die Raad reeds beredder en die saldo van die Raad se fondse verdeel is, moet die geld in subklousule (3) bedoel, ingeval die Siektebystandsgenootskap vir Transvaalse Meubelwerkers ook reeds gelikwideer is, verdeel word soos in artikel 34 (4) van die Wet bepaal asof dit deel van die algemene fondse van die Raad uitmaak.

Hierdie Ooreenkoms is namens die partye op hede die 6de dag van Augustus 1980 in Johannesburg onderteken.

I. R. MYERS, Voorsitter van die Raad.

A. J. M. GROENEWALD, Ondervoorsitter van die Raad.

P. C. SMIT, Sekretaris van die Raad.

(3) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Chapter, should any moneys thereafter remain to the credit of the Burial Society upon liquidation in accordance with subclause (2), such moneys shall be paid into the Transvaal Furniture Workers' Sick Benefit Society.

(4) In the event of the Sick Benefit Society having been liquidated, then the moneys referred to in subclause (3) shall be paid into the general funds of the Council.

(5) If the affairs of the Council have already been wound up and the balance of the Council's funds distributed, the moneys referred to in subclause (3) shall, in the event of the Sick Benefit Society also already having been liquidated, be distributed as provided for in section 34 (4) of the Act as if it formed part of the general funds of the Council.

This Agreement signed on behalf of the parties at Johannesburg this 6th day of August 1980.

I. R. MYERS, Chairman of the Council.

A. J. M. GROENEWALD, Vice-Chairman of the Council.

P. C. SMIT, Secretary of the Council.

No. R. 364 27 Februarie 1981

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941

MEUBELNYWERHEID, TRANSVAAL. — VRYSTELLING VAN SIEKTEVERLOFBEPALINGS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, stel hierby, kragtens artikel 54 (1) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, en met ingang van die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir sodanige tydperk of tydperke as wat die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 363 van 27 Februarie 1981, kragtens die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, bindend mag wees, alle werkgewers wat onderworpe is aan die bepalings van genoemde Ooreenkoms, vry van die vereistes van artikel 21A van eersgenoemde Wet, ten opsigte van werknemers wat ingevolge genoemde Ooreenkoms op siektebystand geregtig is.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

No. R. 364 27 February 1981

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941

FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY, TRANSVAAL.—EXEMPTION FROM SICK LEAVE PROVISIONS

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 54 (1) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, and with effect from the first Monday after the date of publication of this notice and for such period or periods as the Agreement published under Government Notice R. 363 of 27 February 1981, may be binding in terms of the Industrial Conciliation Act, 1956, exempt all employers who are subject to the provisions of the said Agreement from the requirements of section 21A of the first-mentioned Act, in respect of employees who are entitled to sick pay in terms of the said Agreement.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

No. R. 365 27 Februarie 1981

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

MEUBELNYWERHEID, TRANSVAAL.—INTREKKING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, trek hierby, kragtens artikel 48 (5) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, Goewermentskennisgewings R. 1950, R. 1951, R. 1952 en R. 1953 van 22 Oktober 1976, R. 1304 van 15 Julie 1977, R. 2120 van 21 Oktober 1977, R. 1715 van 25 Augustus 1978 en R. 1354 van 22 Junie 1979, in met ingang van die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

No. R. 365 27 February 1981

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

FURNITURE MANUFACTURING INDUSTRY, TRANSVAAL.—CANCELLATION OF GOVERNMENT NOTICES

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 48 (5) of the Industrial Conciliation Act, 1956, cancel Government Notices R. 1950, R. 1951, R. 1952 and R. 1953 of 22 October 1976, R. 1304 of 15 July 1977, R. 2120 of 21 October 1977, R. 1715 of 25 August 1978 and R. 1354 of 22 June 1979, with effect from the first Monday after the date of publication of this notice.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

University of Port Elizabeth

University of Fort Hare
Together in Excellence

CONT

DIE BLOMPLANTE VAN AFRIKA

Hierdie publikasie word uitgegee as 'n geïllustreerde reeks, baie na die aard van Curtis se "Botanical Magazine". Die doel van die werk is om die skoonheid en variasie van vorm van die flora van Afrika aan die leser bekend te stel, om belangstelling in die studie en kweek van die inheemse plante op te wek, en om plantkunde in die algemeen te bevorder.

Die meeste van die illustrasies word deur kunstenaars van die Navorsingsinstituut vir Plantkunde gemaak, dog die redakteur verwelkom geskikte bydraes van 'n wetenskaplike en kunsstandaard afkomstig van verwante inrigtings.

Onder huidige omstandighede word twee dele van die werk gelyktydig gepubliseer, maar met onreëlmatige tussenpose; elke deel bevat tien kleurplate. Intekengeld bedra R5 per deel (buitelands R5,25 per deel): Vier dele per band. Vanaf band 27 is die prys per band in linne gebind R30; in moroccoleer gebind R35. (Buitelands, linne gebind R31; moroccoleer R36).

Verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbouinligting, Privaatsak X144, Pretoria.

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings ingesluit word.

THE FLOWERING PLANTS OF AFRICA

This publication is issued as an illustrated serial, much on the same lines as Curtis's Botanical Magazine, and for imitating which no apology need be tendered.

The desire and object of the promoters of the publication will be achieved if it stimulates further interest in the study and cultivation of our indigenous plants.

The illustrations are prepared mainly by the artists at the Botanical Research Institute, but the Editor welcomes contributions of suitable artistic and scientific merit from kindred institutions.

Each part contains 10 plates and costs R5 per part (other countries R5,25 per part). Two, three or four parts may be published annually, depending on the availability of illustrations. A volume consists of four parts. From Volume 27, the price per volume is: Cloth binding, R30; morocco binding, R35 (other countries, cloth binding R31; morocco binding R36).

Obtainable from the Director, Division of Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria.

Sales tax must accompany inland orders.

Koop Nasionale Spaarsertifikate

Buy National Savings Certificates

INHOUD

No.		Bladsy No.	Staatskoerant No.
Mannekragbenutting, Departement van			
Goewermentskennisgewings			
R. 363	Wet op Nywerheidsversoening (28/1956): Meubelnywerheid, Tvl.: Bystandsfondse-ooreenkoms	1	7444
R. 364	Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk (22/1941): Meubelnywerheid, Tvl.: Vrystelling van siekteverlofbepalings	25	7444
R. 365	Wet op Nywerheidsversoening (28/1956): Meubelnywerheid, Tvl.: Intrekking van Goewermentskennisgewings	25	7444

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
Manpower Utilization, Department of			
Government Notices			
R. 363	Industrial Conciliation Act (28/1956): Furniture Manufacturing Industry, Tvl: Benefit Funds Agreement	1	7444
R. 364	Factories, Machinery and Building Work Act (22/1941): Furniture Manufacturing Industry, Tvl: Exemption of sick leave provisions	25	7444
R. 365	Industrial Conciliation Act (28/1956): Furniture Manufacturing Industry, Tvl: Cancellation of Government Notices	25	7444

University of Pretoria
Together in Excellence

7445

University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

REGULASIEKOERANT No. 3150 PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST REGULATION GAZETTE No. 3150
As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer BUITELANDS 30c ABROAD *Registered at the Post Office as a Newspaper*
POSVRY · POST FREE

Vol. 188] PRETORIA, 27 FEBRUARIE FEBRUARY 1981 [No. 7445

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAGBENUTTING

No. R. 366 27 Februarie 1981

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BEDDEGOEDNYWERHEID, TRANSVAAL.—BYSTANDSFONDSE-OOREENKOMS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, verklaar hierby—

(a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en op die beddegoednywerheid betrekking het, met ingang van die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie, kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1981 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakverenigings wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of verenigings is;

(b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1), 2, 5 en 9 van Hoofstuk I, klousule 4 (5) van Hoofstuk II, en Hoofstukke III, IV en V, met ingang van die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1981 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing, wat betrokke is by of in diens is in genoemde Nywerheid in die provinsie Transvaal; en

(c) kragtens artikel 48 (3) (a) van genoemde Wet, dat die bepalings van genoemde Ooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1), 2, 5 en 9 van Hoofstuk I, klousule 4 (5) van Hoofstuk II, en Hoofstukke III, IV en V, met ingang van die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1981 eindig, in die provinsie Transvaal *mutatis mutandis* bindend is vir alle persone wat nie werknemers is nie en wat in diens is in genoemde Nywerheid by dié werkgewers vir wie enigeen van genoemde bepalings ten opsigte van werknemers bindend is en vir daardie werkgewers ten opsigte van sodanige persone in hul diens.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 366 27 February 1981

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BEDDING MANUFACTURING INDUSTRY, TRANSVAAL.—BENEFIT FUNDS AGREEMENT

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby—

(a) in terms of section 48 (1) (a) of the Industrial Conciliation Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Bedding Manufacturing Industry, shall be binding, with effect from the first Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1981, upon the employers' organisation and the trade unions which entered into the said Agreement and upon the employers and the employees who are members of the said organisation or unions;

(b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1), 2, 5 and 9 of Chapter I, clause 4 (5) of Chapter II, and Chapters III, IV and V, shall be binding, with effect from the first Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1981, upon all employers and employees other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Industry in the Province of the Transvaal; and

(c) in terms of section 48 (3) (a) of the said Act, declare that in the Province of the Transvaal and with effect from the first Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1981, the provisions of the said Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1), 2, 5 and 9 of Chapter I, clause 4 (5) of Chapter II, and Chapters III, IV and V, shall *mutatis mutandis* be binding upon all persons who are not employees and who are employed in the said industry by the employers upon whom any of the said provisions are binding in respect of employees and upon those employers in respect of such persons in their employ.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

BYLAE

NYWERHEIDSRAAD VIR DIE BEDDEGOEDNYWERHEID TRANSVAAL

BYSTANDSFONDSE-OOREENKOMS

ingevolge die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

Bedding Manufacturers Association of the Transvaal

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

National Association of Furniture and Allied Workers of South Africa

en die

National Union of Furniture and Allied Workers of South Africa

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Beddegoednywerheid, Transvaal.

HOOFSTUK I

1. TOEPASSINGSBESTEK

(1) Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet in die provinsie Transvaal nagekom word deur lede van die werkgewersorganisasie en lede van enige van die vakverenigings wat die Beddegoednywerheid bedryf of daarin werksaam is.

(2) Ondanks die bepalings van subklousule (1) is hierdie Ooreenkoms van toepassing slegs op werknemers, uitgesonderd los werknemers, vir wie lone in die Hoofooreenkoms voorgeskryf word.

2. GELDIGHEIDSDUUR

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op 'n datum wat kragtens artikel 48 van die Wet deur die Minister bepaal word, en bly van krag vir die tydperk wat op 31 Oktober 1981 eindig, of vir sodanige tydperk as wat hy vasstel.

3. WOORDOMSKRYWING

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig en in die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, omskryf word, het dieselfde betekenis as in daardie Wet, en tensy die teenoorgestelde bedoeling blyk, omvat alle woorde en uitdrukkings wat die manlike geslag aandui, die vroulike, en dié wat die enkelvoud aandui, die meervoud, en omgekeerd; voorts, tensy dit onbestaanbaar met die samehang is, beteken—

"Wet" die Wet op Nywerheidsversoening, 1956;

"Vereniging" die Sterftebystandvereniging vir Transvaalse Beddegoedwerkers, waarvoor in Hoofstuk IV voorsiening gemaak word;

"Ouditeur" 'n openbare rekenmeester soos in die Wet omskryf;

"Beddegoednywerheid" die Nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die vervaardiging van beddegoed, wat die volgende insluit:

(i) Matrasse, veermatrasse, bomatrasse, peule, kussings vir ateljeerusbanke en veereenhede;

(ii) ateljeerusbanke;

(iii) alle werksaamhede en prosesse wat voortvloei uit die vervaardiging van die artikels genoem in paragrawe (i) en (ii), indien uitgevoer deur 'n werknemer wat vir die vervaardiging van sodanige artikels in diens is, maar uitgesonderd die werksaamhede en prosesse by die vervaardiging en/of montering van die metaaldele van sodanige artikels.

Vir die doeleindes van hierdie omskrywing beteken "ateljeerusbank" 'n meubelstuk wat as sitplek bedoel is maar wat in 'n dubbelbed of twee of meer beddens omgeskep kan word en waarvan die raamwerk hoofsaaklik van metaal gemaak is en waarvan die sit- of slaapoppervlakke uit matrasse en/of kussings bestaan;

"Begrafnisgenootskap" die Begrafnisgenootskap vir Transvaalse Beddegoedwerkers waarvoor in Hoofstuk V voorsiening gemaak word;

"Los werknemer" 'n werknemer wat by dieselfde werkgewer vir hoogstens drie dae in enige bepaalde week in diens is om grondstowwe van watter aard ook al op te laai en/of af te laai en/of op te berg;

"Komitee" of "Bestuurskomitee", vir doeleindes van die administrasie van die Fonds, die Komitee deur die Raad aangestel ingevolge klousule 2 (1) (a) van Hoofstuk II en vir doeleindes van die administrasie van die Vereeniging en die begrafnisgenootskap, die Komitee deur die Raad aangestel ingevolge klousule 7 (1) van Hoofstuk IV en klousule 7 (1) van hoofstuk V;

"Bydraes" die geld wat ingevolge klousule 4 (1) van Hoofstuk II aan die Fonds betaalbaar is;

"Raad" die Nywerheidsraad vir die Beddegoednywerheid, Transvaal;

"Afhanklike", met betrekking tot 'n lid vir die doeleindes van—

Hoofstuk II:

(i) Sy vrou;

(ii) sy weduwee;

(iii) sy miderjarige kind of minderjarige stiefkind; of

SCHEDULE

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BEDDING MANUFACTURING INDUSTRY, TRANSVAAL

BENEFIT FUND AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1956, made and entered into by and between the

Bedding Manufactures' Association of the Transvaal

(hereinafter referred to as the "Employers" or the "employers organisation"), of the one part and the

National Association of Furniture and Allied Workers of South Africa

and the

National Union of Furniture and allied workers of south Africa

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Bedding Manufacturing Industry, Transvaal.

CHAPTER I

1. SCOPE OF APPLICATION

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Province of the Transvaal by members of the employers' organisation and members of any of the trade unions who are engaged or employed in the Bedding Manufacturing Industry.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the provisions of this Agreement shall apply only to employees, other than casual employees, for whom wages are prescribed in the main Agreement.

2. PERIOD OF OPERATION

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister in terms of section 48 of the Act, and shall remain in force for the period ending 31 October 1981 or for such period as may be determined by him.

3. DEFINITIONS

All expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1956, shall have the same meaning as in that Act and unless the contrary intention appears, all words and expressions importing the masculine shall include the feminine gender, and those signifying the singular shall include the plural and vice versa; further, unless inconsistent with the context—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1956, "Association" means the Transvaal Bedding Workers' Mortality Benefit Association provided for in Chapter IV;

"auditor" means a public accountant as defined in the Act; "Bedding Manufacturing Industry" means the Industry in which employers and employees are associated for the manufacture of bedding which shall include—

(i) mattresses, spring mattresses, overlays, bolsters, cushions for studio couches and spring units;

(ii) studio couches;

(iii) all operations and processes incidental to the manufacture of the articles mentioned in paragraphs (i) and (ii) if carried out by an employee employed in the manufacture of such articles, but excluding the operations and processes in the manufacture and/or assembly of metal parts of such articles.

A "studio couch" for the purpose of this definition shall mean an article of furniture designed for seating and for conversion into a double bed or two or more beds and the frame of which shall be constructed mainly of metal and the seating and/or sleeping surfaces of which shall consist of mattresses and/or cushions;

(4) (a) On proof, satisfactory to the Management Committee, of the death of a member, the Fund shall pay an amount equal to the aggregate amount of his own and the employer's contributions contributed in respect of such member plus interest and bonuses credited thereto in terms of clause 6 of this Chapter to the dependant(s), and the estate of a deceased member shall have no claim against the Fund.

(b) As die afhanklike 'n minderjarige is, moet die Komitee aan sodanige minderjarige se wetlike voog die bystand betaal wat ten bate van die minderjarige gebruik moet word.

(c) Elke werkgewer moet die sekretaris verwittig van die dood van enige lid in sy diens. Die sekretaris moet so gou moontlik, nadat hy inligting uit enige bron ontvang het van die dood van 'n lid, die afhanklike daarvan in kennis stel per brief of omsendbrief waarin die jongs bekende werkplek van die oorlede bydraer gemeld word, asook die feit dat bystand opgeëis kan word by 'n adres wat die Bestuurskomitee uitdruklik meld.

(d) Ingeval die sekretaris nie in kennis gestel is van die jongste adres van 'n afhanklike nie en die Bestuurskomitee nie daartoe in staat is om die afhanklike by sy/haar jongs bekende adres op te spoor en geen eis om bystand wat ingevolge hierdie klousule verskuldig is, ingestel word binne 'n maand nadat bewys van die dood van 'n lid ontvang is nie, moet die Komitee 'n advertensie, in albei amptelike tale, plaas in drie agtereenvolgende uitgawes van hoogstens drie dagblaaie wat in die Republiek van Suid-Afrika in omloop is, waarvan een 'n nuusblad moet wees wat in omloop is in die distrik waarin die oorlede lid normaalweg woonagtig was, en in sodanige advertensie moet die jongs bekende werkplek van die oorlede lid en die bekende naam/name van afhanklikes en hul jongs bekende adresse genoem word, asook die feit dat bystand beskikbaar is vir opvordering deur die afhanklike(s) by 'n adres wat die Komitee uitdruklik meld.

(e) As die afhanklike(s) binne 'n jaar en 'n dag vanaf die datum van die laaste plasing van sodanige advertensie soos in paragraaf (d) gespesifiseer, versuim om die bystand op te eis wat aan hulle verskuldig is, moet veronderstel word dat daar geen afhanklike(s) is nie en moet sodanige bystand aan die Fonds verbeur word as geld waarop die Fonds geregtig geword het ingevolge klousule 1 (2) (e) van hierdie Hoofstuk, ten bate van die oorblywende lede en daarna is daar geen verdere eis teen die Fonds nie: Met dien verstande dat die Komitee, ingeval 'n eis ontvang word binne 'n tydperk van drie jaar na die dood van 'n lid, die bevoegdheid het om na sy eie uitsluitlike en absolute goeddunke bedrae aan die betrokke afhanklikes te betaal uit die geld wat aan die Fonds teruggeval het.

(5) As 'n lid bystand ontvang het waarop hy nie ingevolge hierdie Hoofstuk geregtig is nie en die saak nie behandel word op die wyse soos in klousule 4 (4) van hierdie Hoofstuk uiteengesit nie, is hy daarvoor aanspreeklik om die bedrag van die bystand aldus ontvang aan die Fonds terug te betaal: Met dien verstande dat as die Komitee dit in enige besondere geval onbillik ag om terugbetaling van die hele bedrag van die bystand te eis, hy na goeddunke die terugbetaling van enige kleiner bedrag kan eis of die lid die hele bedrag kwytskeld.

(6) Behoudens soos in hierdie klousule bepaal, mag geen bystand of reg op bystand gesedeer, oorgedra, afgestaan of andersins oorgemaak, of verpand of verhipotekeer word nie, en geen bydrae deur 'n lid of namens 'n lid gedoen, is vatbaar vir beslaglegging of onderhewig aan enige vorm van eksekusie ingevolge 'n uitspraak of bevel van 'n geregshof nie.

(7) Niks in hierdie Hoofstuk raak op enige wyse die reg van 'n lid of sy afhanklike(s) om skadeloosstelling of skadevergoeding te eis ten opsigte van werkmanne wat beseer is, of wat sterf as gevolg van 'n ongeluk wat ontstaan het uit en in die loop van sy diens nie, en die bedrag betaalbaar ingevolge hierdie subklousule mag nie as gevolg van sodanige eis verminder word nie.

(8) (a) As enige bystand wat verskuldig en betaalbaar geword het, uitgesonderd bystand verskuldig en betaalbaar aan afhanklikes ingevolge subklousule (4) nie opgeëis word binne twee jaar vanaf die datum waarop dit verskuldig geword het nie, moet die Komitee, na verstryking van die tweejaartydperk, 'n advertensie, in albei amptelike tale, plaas in hoogstens drie agtereenvolgende uitgawes van drie dagblaaie wat in die Republiek van Suid-Afrika in omloop is waarin bekendgemaak word dat 'n opgawe op die kantoor van die Raad beskikbaar is ter insae van lede of die afhanklike(s) van sodanige lede wat die Nywerheid verlaat het voor en tot op die vervaldatum van die onopgeëiste Voorsorgfondsbydraes wat in die opgawe verskyn en waarin sodanige lid of sy afhanklike(s) versoek word om eise om sodanige bystand in te dien binne 'n tydperk van drie maande vanaf die datum van die laaste plasing van die advertensie en om volledige besonderhede te verstrek van die grond waarop sodanige eise ingedien word. Die Komitee moet, na die laaste datum waarop eise ingedien kan word, sodanige eise oorweeg en aan 'n lid of, as geen eis van 'n lid ontvang word nie, aan sy afhanklike(s) wat eise ingedien het op die wyse hierin voorgeskryf, sodanige bedrae soos hy goeddink betaal wat nie die volle bystand oorskry wat aan die lid verskuldig is nie: Met Dien verstande dat sodanige betaling gedoen moet word aan afhanklikes volgens die rangorde gemeld in die omskrywing van "afhanklike" in klousule 3 van Hoofstuk I.

(b) As geen eis binne die tydperk van drie maande van 'n lid of sy afhanklikes ontvang word nie, moet die Fonds afskrifte van die opgawe van sodanige onopgeëiste geld verstrek aan die vakverenigings wat moet poog om binne 'n verdere drie maande die lede op te spoor of hul afhanklikes te vind wanneer daar kennis gedra word van afhanklikes. As geen eis binne 'n tydperk van ses maande vanaf die datum van die laaste plasing van die advertensie ingevolge paragraaf (a) van 'n lid of sy afhanklikes ontvang is nie, moet die bystand aan die Fonds verbeur word as geld waarop die Fonds geregtig geword het ingevolge klousule 1 (2) (e) van hierdie Hoofstuk ten bate van die oorblywende lede en daarna is daar geen verdere eis teen die Fonds nie: Met dien verstande dat die Bestuurskomitee egter, ingeval 'n eis ontvang word binne 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van beëindiging van die dienste van 'n lid in die Nywerheid, die bevoegdheid het om na sy uitsluitlike en absolute goeddunke bedrae te betaal aan die betrokke lid of bevoordeeldes uit die geld wat aan die Fonds teruggeval het.

(b) If the dependant is a minor, the Committee shall pay the benefit to such minor's legal guardian, to be used for the benefit of the minor.

(c) Every employer shall notify the secretary of the death of any member in his employ. The secretary shall, as soon as possible, upon receiving information from any source of the death of a member, notify the dependant by letter or circular stating the last known place of work of the deceased contributor and the fact that benefits may be claimed at an address specified by the Management Committee.

(d) In the event of the secretary not having been notified of the latest address of a dependant and the Management Committee not being able to trace the dependant at his/her last known address and no claim for benefits due in terms of this clause being made within a month of the proof of the death of a member the Committee shall insert an advertisement, in both official languages, in three successive issues of not more than three daily newpapers circulating in the Republic of South Africa, one of which shall be a newspaper circulating in the district in which the deceased member was normally resident, stating the last known place of work of the deceased member, the known name(s) of dependants and their last known addresses and the fact that benefits are available for collection by the dependant(s) at an address specified by the Committee.

(e) If within a year and a day from the date of the last insertion of such advertisement as specified in paragraph (d), the dependant(s) fail to claim the benefits due to them, it shall be assumed that there are no dependant(s) and such benefits shall be forfeited to the Fund as moneys to which the Fund has become entitled in terms of clause 1 (2) (e) of this Chapter, for the benefit of the remaining members and there shall thereafter be no further claim against the Fund: Provided that the Committe shall, in the event of a claim being received within a period of three years after the death of a member, be entitled in its entire and absolute discretion, to make payments to the dependants concerned out of the moneys which have reverted to the Fund.

(5) If a member has received a benefit to which he is not entitled under the provisions of this Chapter and the matter is not dealt with in the manner set out in clause 4 (4) of this Chapter, he shall be liable to repay to the Fund the amount of the benefits so received: Provided that if the Committee deems it inequitable in any particular case to demand repayment of the whole amount of the benefit, it may, in its discretion, demand repayment of any lesser amount or relieve such member of the repayment of the whole amount.

(6) Save as is provided for in this clause, no benefit or right to benefit shall be capable of being ceded, transferred, assigned or otherwise made over, or of being pledged or hypothecated, nor shall any contribution made by a member or on his behalf be liable to be attached or be subject to any form of execution under a judgement or order of a court of law.

(7) Nothing contained in this Chapter shall in any way affect the right of any member or his dependant(s) to claim compensation or damages to workmen injured or dying from any accident arising out of and in the course of his employment, and the amount payable under this subclause shall not be reduced by reason of any payment that may be made as a result of such claim.

(8) (a) If any benefit due and payable to dependants in terms of subclause (4), is not claimed within two years from the due date thereof, the Committee shall, after the expiry of the two year period, insert an advertisement, in both official languages, in not more than three successive issues of three daily newpapers circulating in the Republic of South Africa, advising that a schedule is available for scruting at the Offices of the Council by members or the dependants of such members who had left the Industry prior to and up to the due date of the unclaimed Provident Fund contributions reflected in the Schedule and calling upon such member or his dependant(s) to submit claims for such benefits within a period of three months from the date of the last insertion of the advertisement and to furnish full details of the grounds upon which such claims are made. The Committee shall, after the last date upon which claims may be submitted, consider such claims and may pay to a member or, if no claim is received from a member, to his dependant(s) who have submitted claims in the manner prescribed herein, such moneys not exceeding the full benefit due to the member, as it may deem fit: Provided that such payment shall be made to dependants in the order of preference contained in the definition of "dependant" as defined in clause 3 of Chapter 1.

(b) Should no claim have been received from a member or his dependants within the period of three months, the Fund shall supply the trade unions with copies of the schedule of such unclaimed moneys and the trade unions shall within a further period of three months try to trace the members or dependants where known. Should no claim have been received from a member or his dependants within a period of six months from the date of the last insertion of the advertisement in terms of paragraph (a), the benefit shall be forfeited to the Fund as moneys to which the Fund has become entitled in terms of clause 1 (2) (e) of this Chapter for the benefit of the remaining members and there shall thereafter be no further claim against the Fund: Provided that the Management Committee shall, however, in the event of a claim being received within a period of five years from the date of termination of services of a member in the Industry, be intitled in its entire and absolute discretion, to make payment to the member of beneficiaries concerned out of the moneys that have reverted to the Fund.

6. RENTE EN BONUSSE

(1) Op 28 Februarie elke jaar moet die surplus (as daar is) verkry word deur die totale bedrag van—

(a) die uitgawes van die administrasie van die Fonds tot en met 28 Februarie van daardie jaar;

(b) enige rente gekrediteer aan lede wat bystand gedurende daardie jaar ontvang het; en

(c) sodanige bedrae as wat in subklousule (4) gemeld word;

af te trek van die som van die bedrae wat gedurende die vorige jaar soos volg opgeloop het, naamlik:

(i) Rente uit beleggings;

(ii) bystand verbeur deur lede van die Fonds toe hulle die Nywerheid verlaat het voordat hulle vir volle bystand gekwalifiseer het;

(iii) alle geld in klousule 1 (2) (e) van hierdie Hoofstuk gemeld; en

(iv) enige saldo oorgebring na die toewysing van rente en bonusse.

(2) Ingeval 'n surplus verkry word op die wyse voorgeskryf in subklousule (1), is elke lid geregtig op rente op die bedrag wat in sy kredit staan, en die bedrag in die Fonds wat in die kredit van sy werkgewer staan, moet met 'n gelyke bedrag aan rente verhoog word. Die rentekoers moet deur die Komitee vasgestel word.

(3) (a) As daar, na die mening van die Komitee, 'n groot genoeg saldo oorbly nadat die totale bedrag aan rente, gekrediteer ingevolge subklousule (2), afgetrek is van die surplus in genoemde subklousule gemeld, moet die bedrag wat in die kredit van die lid staan, verhoog word by wyse van 'n bonus wat op die volgende wyse bereken word:

Gemelde saldo moet vasgestel word as 'n persentasie van die totale bedrae wat op 28 Februarie in die kredit van 'n lid se eie bydraerekening in die Fonds staan. Die persentasie aldus vasgestel, moet daarna vermenigvuldig word met die totale bedrag wat in die kredit van die lid se eie bydraerekening staan, en die resultaat aldus verkry, is dan sy bonus.

(b) Die Komitee het die bevoegdheid om die persentasie in paragraaf (a) gemeld vir berekeningsdoeleindes te verminder tot die naaste geneflike persentasie en/of breuk daarvan en om enige saldo wat oorbly na die toewysing van bonusse na die volgende jaar oor te dra.

(c) Vir die toepassing van hierdie klousule ontvang elke lid van die Fonds rente en bonusse ooreenkomstig subklousules (2) en (3) ongeag of die bedrag wat in sy rekening staan, verskuldig geword het en betaalbaar is of onderworpe is aan 'n aansoek om onttrekking, of onderworpe is aan enigeen van die prosedures voorgeskryf vir aansoeke om eise, of verbeuring.

(d) Na die toewysing van rente en bonusse ingevolge onderskeidelik subklousules (2) en (3) en ingeval hierdie bystand verskuldig en betaalbaar word, en by betaling van sodanige bystand vir die eersvolgende 28 Februarie, is 'n lid geregtig op rente vanaf 28 Februarie, onmiddellik voor die datum van betaling, tot sodanige datum van betaling. Die rentekoers is dié wat die Komitee vasstel ooreenkomstig subklousule (2).

(4) Die Komitee moet lede se bystand wat verbeurd verklaar is weens geen fout van hul kant nie, as gevolg van foute in opgawes van werkgewers of persoonsverwarring deur die administrasie van die Fonds, herstel.

HOOFSTUK III

1. SIEKTEBYSTANDSGENOOTSKAP VIR TRANSVAALSE BEDDEGOEDWERKERS

(1) Die Siektebystandsvereniging vir Transvaalse Beddegoedwerkers, ingestel kragtens die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing 495 van 24 Maart 1961, word hierby voortgesit as die Siektebystandsgenootskap vir Transvaalse Beddegoedwerkers.

(2) Die geld van die Genootskap bestaan uit—

(a) geld wat in die kredit van die Genootskap staan op die datum waarop hierdie Ooreenkoms van krag word;

(b) die ledegeld wat kragtens klousule 4 (5) van Hoofstuk II aan die Genootskap oorgedra word;

(c) rente verkry uit die belegging van geld van die Genootskap; en

(d) enige ander geld waarop die Genootskap geregtig word of wat aan die Genootskap geskenk word.

2. DOELSTELLINGS

(1) Die doel van die Genootskap is om fondse in te samel en in stand te hou deur middel van ledegeld, bydraes en skenkings om ingevolge hierdie Hoofstuk van hierdie Ooreenkoms en die regulasies lede en, behoudens klousule 5 van hierdie Hoofstuk, hul afhanklikes, te voorsien van mediese, chirurgiese, tandheelkundige en oftalmiese ondersoeke en behandelings, medisyne, verbande, geriewe, behandeling in hospitale of verpleeginrigtings wanneer vry beddens in 'n hospitaal, ooreenkomstig die betrokke provinsiale ordonnansie, onverkrygbaar is en laasgenoemde geval dringend is; om lede te voorsien van siektebesoldiging en sodanige ander bystand en hulp as wat van tyd tot tyd deur die Mediese Komitee bepaal word en om stappe te doen vir die voorkoming van siekte en die verbetering en bevordering van die gesondheid van lede en hul afhanklikes.

(2) In verband met die verwesenliking van bogenoemde doelstellings kan die Genootskap—

(a) kontrakte aangaan met sodanige dokters, verpleegsters, aptekers en ander persone as wat hy wenslik ag asook hulle retineer of in diens neem;

6. INTEREST AND BONUSES

(1) As at 28 February of each year, the surplus (if any) shall be obtained by deducting the total of—

(a) the expenses of the administration of the Fund up to and including 28 February of that year;

(b) any interest credited to members who received benefits during that year; and

(c) such moneys as are referred to in subclause (4);

from the sum of the following accruals during the previous year:

(i) Interest from investments;

(ii) benefits forfeited by members of the Fund upon leaving the Industry before qualifying for full benefits;

(iii) any moneys referred to in clause 1 (2) (e) of this Chapter; and

(iv) any balance carried forward after the allocation of interest and bonuses.

(2) In the event of a surplus being obtained in the manner prescribed in subclause (1), each member shall be entitled to interest on the amount standing to his credit and the amount in the Fund standing to the credit of his employer shall be increased by a like amount of interest. The rate of such interest shall be determined by the Committee.

(3) (a) If, in the opinion of the Committee, a balance of sufficient proportions remains after deducting the total sum of interest credited in terms of subclause (2) from the surplus referred to in the said subclause, the amount standing to the credit of the member shall be increased by way of a bonus arrived at in the following manner:

The said balance shall be determined as a percentage of the total amount standing to the credit in the Fund of a members's own contribution account as at 28 February. The percentage thus ascertained shall thereupon be multiplied by the total amount standing, to the credit of the member's own contribution account and the figure so obtained shall be his bonus.

(b) The Committee shall have the right to reduce the percentage referred to in paragraph (a) to the nearest convenient percentage and/or fraction thereof for puposes of calculation and to carry forward to the following year any balance left over after allocation of bonuses.

(c) For the purposes of this clause every member of the Fund shall receive interest and bonuses, in terms of subclauses (2) and (3), irrespective of whether the amount standing to his account has become due and payable, or is subject to an application for withdrawal, or is subject to any of the procedures prescribed for the invitation of claims or forfeiture.

(d) After the allocation of interest and bonuses in terms of subclauses (2) and (3), respectively, and in the event of these benefits becoming due and payable, and upon payment of such benefits before the next succeeding 28 February, a member shall be entitled to interest from 28 February, immediately prior to the date of payment, to such date of payment. The rate of interest shall be the rate determined by the Committee in terms of subclause (2).

(4) The Committee shall reinstate benefits of members which have been declared forfeited through no fault of their own by virtue of errors in returns of employers, or mistaken identity by the administration of the Fund.

CHAPTER III

1. TRANSVAAL BEDDING WORKERS' SICK BENEFIT SOCIETY

(1) The Transvaal Bedding Worker's Sick Benefit Society, established in terms of the Agreement published under Government Notice 495 of 24 March 1961, is hereby continued.

(2) The moneys of the Society shall consist of—

(a) moneys standing to the credit of the Society as at the date of coming into operation of this Agreement;

(b) the subscriptions diverted to the Society in terms of clause 4 (5) of Chapter II;

(c) interest derived from the investment of any moneys of the Society; and

(d) any other moneys to which the Society may become entitled or which may be donated to the Society.

2. OBJECTS

(1) The objects of the Society shall be to raise and maintain funds by subscriptions, contributions and donations for the purpose of providing, in accordance with the provisions of this Chapter of this Agreement and the regulations, members and, subject to clause 5 of this Chapter, their dependant(s) with medical, surgical, dental, and opthalmic attendance and treatment, medicines, dressings, comforts, hospital or nursing home treatment when free beds in a hospital, in terms of the relevant Provincial Ordinance, are unobtainable and the latter case is one of urgency; to provide sick pay for members and such other benefits and assistance as may from time to time be determined by the Medical Committee and to take measures for the prevention of sickness and for the improvement and promotion of health amongst members and their dependants.

(2) In connection with the attainment of the afore-mentioned objects the Society may—

(a) contract with, ratain or employ such doctors, nurses, dispensers and other persons as it may consider desirable;

(b) enige hospitaal, verpleeginrigting, herstellingsoord of 'n dergelike inrigting of enige spreekkamer of apteek instel en/of dryf;

(c) kontrakte aangaan met enige hospitaal, verpleeginrigting, herstellingsoord of 'n dergelike inrigting vir die versorging van lede en hul afhanklikes;

(d) kontrakte aangaan met enige oogkundige, tandarts, farmaseut of enige ander persoon vir die verskaffing van dienste, oogkundige benodigdhede, medisyne, kunsgebitte, verbande en drogerye;

(e) roerende en, behoudens die goedkeuring van die Registrateur, vaste eiendom verkry en/of geboue oprig en/of in stand hou;

(f) amalgameer of verenig met of wederkerig saamwerk met enige ander organisasie of liggaam wie se doelstellings geheel en al of gedeeltelik soortgelyk is aan dié van die Genootskap.

(3) Verder kan die Genootskap al sodanige ander dinge doen as wat voortvloei uit of bevorderlik is vir die verwesenliking van enige doelstelling, of wat voortvloei uit enige van die bevoegdhede of funksies in hierdie Hoofstuk gemeld.

3. LIDMAATSKAP

(1) (a) Lidmaatskap van die Genootskap word voortgesit en is verpligtend—

(i) slegs vir lede van die Fonds voortgesit kragtens Hoofstuk II van hierdie Ooreenkoms wat lede van die vakverenigings is en in diens is by lede van die werkgewersorganisasie;

(ii) vir leerlinge.

(b) Ondanks paragraaf (a), staan lidmaatskap verder oop, na goeddunke van die Mediese Komitee, vir enige ander persone wat in die Nywerheid werksaam is, uitgesonderd los werknemers, wat verkies om lede te word en ten opsigte van wie hul werkgewers toegestem het om die ledegeld te betaal waarvoor in klousule 4 van Deel II voorsiening gemaak word.

(2) Lidmaatskap van die Genootskap eindig sodra 'n lid die Nywerheid verlaat, ongeag enige ledegeld wat reeds betaal is.

(3) Lede wat na 20 jaar diens uit die Nywerheid tree weens hoë ouderdom of liggaamlike ongeskiktheid, soos gestaaf deur 'n mediese sertifikaat, of weduwees van oorlede lede, kan toegelaat word om steeds deel te hê aan die bystand wat die Genootskap bied, op sodanige voorwaardes rakende bydraes aan die Genootskap en andersins as wat die Mediese Komitee van tyd tot tyd voorskryf.

(4) Hierdie klousule is nie van toepassing op persone wat in die Nywerheid werksaam is en wat afhanklikes van lede van hierdie of enige ander mediese skema is nie.

4. LEDE SE KLAGTES

(1) Enige klag teen die Mediese Komitee of enige beampte of dienaar daarvan moet skriftelik gerig word aan die Raad wat die bevoegdheid het om 'n oordeel te vel en wie se beslissing finaal is.

(2) Klagtes teen mediese personeel moet by die Mediese Komitee ingedien word, wat op sy beurt genoemde klagtes moet verwys na 'n komitee aangestel om sodanige klagtes te ondersoek en wat bestaan uit persone uit eersgenoemde Komitee se geledere aangestel, tesame met die Hoof-Mediese Beampte. Die komitee van ondersoek moet daarna sy bevindings aan die Mediese Komitee voorlê.

5. TOELATING VAN AFHANKLIKES

Ondergemelde persone moet op die voorwaardes hieronder uiteengesit as afhanklikes van 'n lid toegelaat word:

(a) 'n Lid se vrou, en 'n lid se kinders onder die ouderdom van 18 jaar (met inbegrip van wettig aangenome en stiefkinders), behoudens sodanige bewys as wat die Mediese Komitee vereis aangaande die vraag of hulle geheel en al van sodanige lid afhanklik is;

(b) enige ander persoon wat na goeddunke van die Mediese Komitee geheel en al van 'n lid afhanklik is:

Met dien verstande dat 'n persoon in (a) en (b) hierbo bedoel—

(i) nie toegelaat word as 'n afhanklike van 'n lid nie, tensy sodanige persoon medies gekeur is tot tevredenheid van die Mediese Komitee;

(ii) wat ouderdoms- of enige ander pensioen van hoogstens R60 per maand ontvang, en kinders onder die ouderdom van 18 jaar wat 'n inkomste van R60 per maand of minder het, na goeddunke van die Mediese Komitee, as geheel en al afhanklik geag kan word;

(iii) gewoonlik by die betrokke lid inwoon: Met dien verstande dat die Mediese Komitee in spesiale gevalle, op sodanige voorwaardes as wat hy van tyd tot tyd bepaal, persone wat nie aldus inwoon nie as afhanklikes kan toelaat, mits hulle in die Republiek van Suid-Afrika woonagtig is;

(c) ondanks voorbehoudsbepaling (i) hierbo, moet niemand toegelaat word as 'n afhanklike van 'n lid wat minder as R1,80 per week tot die Genootskap bydra nie (90c van die lid en 90c van die werkgewer).

6. LIDMAATSKAPKAARTE

(1) Aan elke lid moet 'n kaart uitgereik word as bewys van lidmaatskap. Op versoek moet hierdie kaart getoon word aan enige persoon wat aan 'n lid of afhanklike ooreenkomstig hierdie Hoofstuk dienste lewer waarvoor die Genootskap geheel en al of gedeeltelik aanspreeklik is.

(b) establish and/or conduct any hospital, nursing home, convalescent home or the like, or any surgery or dispensary;

(c) contract with any hospital, nursing home, convalescent home or the like for the care of members and their dependants;

(d) contract with any optician, dentist, pharmacist or any other person for the supply of services, optical requirements, medicines, dentures, dressings and drugs;

(e) acquire movable and subject to the approval of the Registrar acquire immovable property and/or erect and/or maintain buildings;

(f) amalgamate or incorporate with or work in reciprocity with any other organisation or body having objects similar in whole or in part to those of the Society.

(3) The Society may futher do all such other things as are incidental or conducive to the attainment of any object, or incidental to any of the powers or functions in this Chapter.

3. MEMBERSHIP

(1) (a) Membership of the Society shall be continued and compulsory for—

(i) only members of the Fund continued in terms of Chapter II of this Agreement who are members of the trade unions and who are employed by members of the employers' organisation;

(ii) learners.

(b) Notwithstanding the provisions of paragraph (a), membership shall further, at the discretion of the Medical Committee, be open to any other persons engaged in the Industry, other than casual employees, who elect to become members and in respect of whom their employers have consented to make the subscriptions provided for in clause 4 of Part II.

(2) Membership of the Society shall terminate immediately a member leaves the Industry, notwithstanding any subscriptions which may have been paid.

(3) Members who, after 20 years of service, retire from the Industry owing to old age or physical inability as substantiated by a medical certificate, or widows of deceased members may be permitted to continue to participate in the benefits of the Society, on such terms and conditions as to contributions to the Society and otherwise as the medical Committee may from time to time prescribe.

(4) The provisions of this clause shall not apply to persons who are engaged in the Industry and who are dependants of members of this or any other medical scheme.

4. MEMBERS' COMPLAINTS

(1) Any complaint against the Medical Committee or any official or servant thereof shall be made, in writing, to the Council who shall have power to adjudicate, and whose ruling shall be final.

(2) Complaints against medical personnel shall be lodged with the Medical Committee, which in turn shall refer the said complaints to a committee appointed to investigate such complaints, consisting of persons appointed from the members of the first named Committee together with the Chief Medical Officer. The investigating committee shall thereupon report its findings to the Medical Committee.

5. ADMISSION OF DEPENDANTS

The following persons shall, on the conditions set out hereunder, be admitted as dependants of a member:

(a) A member's wife, and a member's children under the age of 18 years (including legally adopted and foster children) subject to such proof as the Medical Committee may require of their being wholly dependent on such member;

(b) any other person who at the discretion of the Medical Committee is wholly dependent on a member:

Provided that a person referred to in (a) and (b) above—

(i) shall not be admitted as a dependent of any member unless such person has passed a medical examination to the satisfaction of the Medical Committee;

(ii) who is in receipt of old age or any pension not exceeding R60 per month, and children under the age of 18 years who are in receipt of an income of R60 per month or less may, at the discretion of the Medical Committee, be considered as wholly dependent;

(iii) shall normally reside with the member concerned: Provided that in special cases the Medical Committee may, on such conditions as it may lay down from time to time, admit as dependants persons not so resident, provided they are resident in the Republic of South Africa;

(c) Notwithstanding the provisions of proviso (i) above, no person shall be admitted as a dependant of any member who contributes less than R1,80 per week (90c from the member and 90c from the employer) to the Society.

6. MEMBERSHIP CARDS

(1) A card shall be issued to every member as evidence of membership. This card must be produced, upon request to any person rendering services to a member or dependant in terms of the provisions of this Chapter and for which the Society may be liable in whole or in part.

(2) Lede moet die sekretaris van die Genootskap binne 30 dae in kennis stel van—

(a) enige verandering in die huwelikstaat van 'n lid;

(b) die geboorte van 'n kind aan 'n lid se vrou of die wettige aanneming van 'n kind deur 'n lid;

(c) die dood, die bereiking van die ouderdom van 18 jaar, of die huwelik van 'n afhanklike;

(d) die feit dat 'n afhanklike 'n loon of pensioen van meer as R60 per maand begin ontvang;

(e) verandering van adres; en

(f) verandering van paneeldokter.

(3) In die geval van (a) of (b) van subklousule (2), moet die huwelik- of geboortesertifikaat en/of bewys van wettige aanneming ingedien word.

(4) Lidmaatskapkaarte moet in eerste instansie gratis uitgereik word maar as 'n kaart verlore raak, moet R1 deur die betrokke lid aan die Genootskap vir die vervanging van die kaart betaal word.

(5) 'n Nuwe uitreiking van lidmaatskapkaarte kan van tyd tot tyd na goeddunke van die Komitee gedoen word.

(6) Lidmaatskapkaarte by te alle tye die eiendom van die Genootskap en moet by beëindiging van lidmaatskap aan die Genootskap terugbesorg word.

(7) Die Genootskap moet die lid se paneeldokter in kennis stel van enige verandering in die lid se besonderhede wat kragtens subklousule (2) aan die Genootskap verstrek is.

7. LEDEGELD

(1) Ledegeld deur verpligte lede betaal, moet kragtens klousule 4 (5) van Hoofstuk II aan die Genootskap oorgedra word uit die bydraes in klousule 4 (1) (a) van Hoofstuk II van hierdie Ooreenkoms bepaal, en wel soos volg:

(a) Lede en leerlinge wie op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms lede van die Fonds was, R1,80 per week (90c van die bydraes van die lid en 90c van die bydraes van die werkgewer);

(b) lede en leerlinge wie na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms lede van die Fonds geword het en wie se gewone loon R50 of meer per week is, R1,80 per week (90c van die bydraes van die lid en 90c van die bydraes van die werkgewer);

(c) lede en leerlinge wie na die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms lede van die Fonds geword het en wie se gewone loon minder as R50 per week is, 64c (32c van die bydraes van die lid en 32c van die bydraes van die werkgewer) vir die tydperk geëindig 30 Junie 1981, en R1,80 per week (90c van die bydraes van die lid en 90c van die bydraes van die werkgewer) met ingang van 1 Julie 1981.

(2) Ledegeld van ander lede as verpligte lede is R1,80 per week maandeliks vooruitbetaalbaar aan die sekretaris van die Genootskap.

8. BYSTAND

(1) Ondanks andersluidende bepalings hierin, word lede en hul afhanklikes nie geregtig op enige bystand waarvoor in hierdie klousule voorsiening gemaak word nie, tensy sodanige lede minstens 13 weke lank bydraes aan die Genootskap betaal het.

(2) Van alle lede en afhanklikes wat woonagtig is binne enige gebied waarin 'n dokter deur die Mediese Komitee aangestel is, word vereis om gebruik te maak van die dienste van sodanige dokter, en van alle lede en afhanklikes word ook vereis om gebruik te maak van die dienste van aptekers met wie die Mediese Komitee 'n kontrak aangegaan het vir die opmaak van voorskrifte.

(3) Die Mediese Komitee het die bevoegdheid om te verklaar dat die behandeling van enige chroniese siekte waaraan 'n lid of afhanklike ly na behandeling van 26 weke nie langer die aanspreeklikheid van die Genootskap is nie en om bystand op te skort ten opsigte van werklose lede wat vir 'n tydperk van vier weke nie bydraes aan die Genootskap betaal het nie.

(4) 'n Lid en sy afhanklikes is geregtig op die volgende bystand:

(a) Mediese behandeling (uitgesonderd bevallings of komplikasies wat daaruit voortspruit);

(b) spesialisdienste (uitgesonderd verloskundige dienste), met die toestemming van die Hoof- Mediese Beampte van die Genootskap of sy plaasvervanger;

(c) operasies (as dit uitgevoer word deur die Genootskap se chirurge of met hul toestemming), maar uitgesonderd operasies gemeld in klousule 10 van hierdie Deel van die Ooreenkoms;

(d) mediese verbande en sodanige medisyne en/of drogerye waaroor die Mediese Komitee besluit: Met dien verstande dat die lid 10 persent van die totale koste van sodanige medisyne en drogerye betaal;

(e) oogkundige dienste, uitgesonderd dié in paragraaf (j) bepaal, soos die Mediese Komitee besluit;

(f) na die uitsluitlike goeddunke van die Mediese Komitee, 'n ex gratia-bydrae tot mediese koste—

(i) terwyl hulle in enige provinsie van die Republiek van Suid-Afrika reis, of

(ii) terwyl hulle tydelik woon in 'n ander gebied as die gebied waarin hulle gewoonlik woonagtig is;

(2) Members shall advise the secretary of the Society within 30 days of—

(a) any change in the marital status of a member;

(b) the birth of a child to a member's wife or the legal adoption of a child by a member;

(c) the death, the attainment of 18 years of age, or the marriage of a dependant;

(d) a dependant becoming the recipient of a wage or pension exceeding R60 per month;

(e) a change of address;

(f) a change of panel doctor.

(3) In the case of (a) or (b) of subclause (2), the marriage or birth certificate and/or evidence of legal adoption must be produced.

(4) Membership cards shall be issued free in the first instance but if a card is lost, a fee of R1 shall be paid to the Society by the member concerned for its replacement.

(5) A new issue of membership cards may be made from time to time at the discretion of the Committee.

(6) Membership cards remain the property of the Society at all times and must be surrendered to the Society on termination of membership.

(7) The Society shall advise the member's panel doctor of any change in the member's particulars supplied to the Society in terms of suclause (2).

7. SUBSCRIPTIONS

(1) Subscriptions by compulsory members shall be diverted in terms of clause 4 (5) of Chapter II to the Society from the contributions provided for in clause 4 (1) (a) of Chapter II as follows:

(a) Members and learners who were members of the Fund at the date of coming into operation of this Agreement, R1,80 per week made up of 90c from the contributions of the member and 90c from the contributions of the employer;

(b) members and learners who became members of the Fund after the date of coming into operation of this Agreement and whose ordinary weekly wage is R50 or more, R1,80 per week made up of 90c from the contributions of the member and 90c from the contributions of the employer;

(c) members and learners who became members of the Fund after the date of coming into operation of this Agreement and whose ordinary wage is less than R50 per week, 64c made up of 32c from the contributions of the member and 32c from the contributions of the employer, for the period ended 30 June 1981, and R1,80 per week made up of 90c from the contributions of the member and 90c from the contributions of the employer with effect from 1 July 1981.

(2) Subscriptions by other than compulsory members shall be R1,80 per week payable monthly in advance to the Secretary of the Society.

8. BENEFITS

(1) Notwithstanding anything herein contained, members and their dependants shall not become entitled to any of the benefits provided for in this clause unless such members have contributed not less than 13 weeks' contributions to the Society.

(2) All members and dependants who are resident within any area in which a doctor has been appointed by the Medical Committee shall be required to utilise the services of such doctor, and all members and dependants shall also be required to utilise the services of chemists with whom the Medical Committee has contracted for the dispensing of prescriptions.

(3) The Medical Committee shall have the power to declare the treatment of any chronic ailment from which a member or dependant is suffering to be no longer a liability of the Society after a period of 26 weeks of treatment and to suspend benefits in respect of unemployed members who have not contributed to the Society for a period of four weeks.

(4) A member and his dependants shall be entitled to the following benefits:

(a) Medical attendance (excluding confinements or complications arising therefrom);

(b) specialists' services (excluding obstetrics), with the consent of the Chief Medical Officer of the Society, or his deputy;

(c) operations (if performed by the Society's surgeons or with their approval), but excluding operations referred to in clause 10 of this Part of the Agreement;

(d) medical dressings and such medicines and/or drugs as may be decided upon by the Medical Committee: Provided that the member shall pay 10 per cent of the total cost of such medicines and drugs,

(e) optical services other than those provided for in paragraph (j), as may be decided by the Medical Committee;

(f) at the entire discretion of the Medical Committee, to an *ex gratia* contribution towards medical expenses—

(i) whilst journeying in any province of the Republic of South Africa, or

(ii) whilst temporarily resident in an area other than the area where he is usually resident;

(g) akkommodasie in 'n hospitaal of verpleeginrigting (wanneer dit 'n dringende geval is en vry beddens in 'n hospitaal onverkrygbaar is);

(h) sodanige ander dienste as wat om tyd tot tyd deur die Mediese Komitee ingestel word;

(i) siektebesoldiging in die geval van 'n lid slegs kragtens klousule 9 van hierdie Hoofstuk;

(j) koste van brille ten opsigte 'n lid sonder afhanklikes, behoudens 'n maksimum van R100 een maal elke twee jaar, en R200 een maal elke twee jaar ten opsigte van 'n lid met afhanklikes;

(k) koste van kunsgebitte ten opsigte van 'n lid sonder afhanklikes, behoudens 'n maksimum van R100 een maal elke vyf jaar, en R200 een maal elke vyf jaar, ten opsigte van 'n lid met afhanklikes;

(l) koste van tandheelkundige ondersoek, behandeling en chirurgie ten opsigte van 'n lid en/of sy afhanklikes behoudens—

(i) 'n maksimum van R100 per jaar ten opsigte van 'n lid sonder afhanklikes; of

(ii) 'n maksimum van R200 per jaar ten opsigte van 'n getroude lid sonder minderjarige afhanklikes; of

(iii) 'n maksimum van R200 per jaar ten opsigte van 'n getroude lid plus R25 per jaar vir elke minderjarige afhanklike;

(m) *Spesiale bystand.*—Ondanks hierdie klousule, kan die Bestuurskomitee in verdienstelike gevalle na goeddunke *ex gratia*-betalings tot 'n maksimum van R200 per lid per jaar aan lede maak op die voorwaardes wat hy bepaal.

9. SIEKTEBESOLDIGING

(1) 'n Lid ten opsigte van wie bydraes deur die Genootskap ontvang word en wat weens siekte verplig is om van die werk weg te bly, is, behoudens klousules 3 en 5 van die regulasies, geregtig op siektebesoldiging gedurende enige 12 kalendermaande vir elke werkdag van afwesigheid weens siekte, maar hoogstens 40 werkdae, teen die dagtarief in die Bylae hieronder gemeld:

Gewone verdienste per week volgens die Raad se registers	*Dagtarief van siektebesoldiging*
	R
Werknemers wat tot R32,49 verdien	4
Werknemers wat tussen R32,50 en R47,49 verdien	6
Werknemers wat R47,50 en meer verdien	8

Vir die berekening van siektebesoldiging word Saterdag en Sondag en openbare vakansiedae met besoldiging nie as werkdae geag nie.

Siektebesoldiging is aan'n lid betaalbaar slegs by voorlegging aan die Genootskap van 'n ingevulde amptelike doktersertifikaat insake siektebesoldiging wat in Aanhangsel A van die regulasies voorgeskryf word.

(2) Ondanks subklousule (1), kan die Bestuurskomitee in verdienstelike gevalle na goeddunke *ex gratia*-betalings vir siektebesoldiging vir 'n verdere tydperk van 40 dae aan lede maak op die voorwaardes wat hy betaal.

10. BEPERKING VAN BYSTAND

(1) Sonder benadeling van klousules 8 en 9 van hierdie Hoofstuk is dienste wat deur lede en hul afhanklikes vereis word in verband met enigeen van die volgende nie 'n aanspreeklikheid van die Genootskap nie:

(a) Enige siekte wat voortspruit uit wanordelike gedrag, wangedrag, oormatige gebruik van alkolhol of sterk drank, of misbruik van drogerye of iets dergeliks;

(b) voortduring van siekte in gevalle waar 'n lid of afhanklike weier om enige redelike opdrag of aanbeveling van sy mediese dokter na te kom;

(c) enige toevallige of opsetlike besering wat na die mening van die Mediese Komitee nie die Genootskap ten laste behoort te kom nie, of enige toevallige of opsetlike besering waarvoor 'n derde party aanspreeklik is vir die betaling van vergoeding en dit wel betaal, of wat deur versekering gedek is, tot die bedrag van sodanige vergoeding of dekking, na gelang van die geval;

(d) beserings as gevolg van aanranding of motorongelukke waar 'n gesertifiseerde polisieverslag nie aan die Genootskap voorgelê word nie;

(e) beserings of beroepsiektes wat 'n lid opdoen terwyl hy op diens is, vir sover 'n werkgewer voorsiening vir behandeling maak;

(f) siekte tydens militêre diens of waarvoor die militêre owerhede verantwoordelikheid aanvaar het;

(g) operasies uit eie keuse;

(h) die verskaffing van patentmedisyne en sodanige antibiotika as wat die Mediese Komitee bepaal;

(i) spesiale behandelings wat deur ander persone as 'n geregistreerde mediese praktisyn aanbeveel word;

(j) kraam- en/of verloskundige gevalle en/of sekwela;

(k) geestessiektes;

(l) geslagsiektes;

(m) hartoperasies wat na die mening van die Mediese Komitee die Genootskap onredelik baie sal kos;

(g) hospital and nursing home accommodation (when the case is one of urgency and free beds in a hospital are unobtainable);

(h) such other services as may from time to time be introduced by the Medical Committee;

(i) sick pay in the case of a member only in terms of clause 9 of this Chapter;

(j) cost of spectacles in respect of a member without dependants, subject to a maximum of R100 once every two years, and R200 once every two years in respect of a member with dependants;

(k) cost of dentures in respect of a member without dependants, subject to a maximum of R100 once every five years, and R200 once every five years in respect of a member with dependants;

(l) cost of dental examination, treatment and surgery in respect of a member and/or his dependants, subject to—

(i) a maximum of R100 per annum in respect of a member without dependants; or

(ii) a maximum of R200 per annum in respect of a married member without minor dependants; or

(iii) a maximum of R200 per annum in respect of a married member plus R25 per annum for each minor dependant;

(m) *special benefits.*—Notwithstanding anything contained in this clause, the Management Committee may at its discretion make *ex gratia* payments to members on such terms and conditions as it may determine, in deserving cases, up to a maximum of R200 per member per year.

9. SICK PAY

(1) A member in respect of whom contributions are received by the Society and who through illness is compelled to absent himself from work, shall, subject to clauses 3 and 5 of the regulations, be entitled to sick pay during any 12 calendar months for each working day of absence through sickness not exceeding 40 working days at the daily rate reflected in the Schedule below:

Ordinary earnings per week according to Council records	*Daily rate of sick pay*
	R
Employees earning up to R32,49	4
Employees earning between R32,50 and R47,49	6
Employees earning R47,50 and more	8

Saturday and Sunday and paid public holidays shall for purposes of sick-pay calculations not be considered to be working days.

Sick pay shall only be payable to a member upon presentation to the Society of a completed official sick-pay medical certificate prescribed in Annexure A of the regulations.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the Management Committee may at its discretion make *ex gratia* sick-pay payments to members on such terms and conditions as it may determine, in deserving cases, for a further period of 40 days.

10. LIMITATION OF BENEFITS

(1) Without prejudice to the provisions of clauses 8 and 9 of this Chapter, services required by members and their dependants in connection with any of the following shall not be a liability of the Society:

(a) Any sickness arising out of disorderly behaviour, misconduct, indulgence in alcohol or intoxicating liquor, or the misuse of drugs or the like;

(b) continuation of sickness in cases where a member or dependant refuses to observe any reasonable instruction or recommendation of his medical attendant;

(c) any accidental or wilful injury which, in the opinion of the Medical Committee, should not be a charge upon the Society or any accidental or wilful injury for which a third party is liable to pay, and does pay, compensation or which is covered by insurance, to the extent of such compensation or cover, as the case may be;

(d) injuries arising from assualts or motor accidents where a certified police report is not submitted to the Society;

(e) injuries received or occupational diseases contracted by a member whilst on duty, to the extent to which an employer provides for treatment;

(f) sickness whilst on military service or for which the military authorities have accepted responsibility;

(g) operations of choice;

(h) the supply of patent medicines and such antibiotics as may be determined by the Medical Committee;

(i) special treatments recommended by persons other than a registered medical practitioner;

(j) maternity and/or obstetrical cases and/or sequela;

(k) mental ailments;

(l) venereal disease;

(m) heart operations which in the opinion of the Medical Committee will involve the Society in unreasonable expense;

(n) rekenings wat meer as vier maande na die datum waarop die aanspreeklikheid aangegaan is, vir betaling voorgelê word.

(2) As die bedrag in die kredit van die Genootskap benede een derde van die vorige jaar se jaarlikse uitgawes aan bystand aan lede, of R10 000, daal naamlik die grootste bedrag, word betalings kragtens klousule 8 van hierdie Hoofstuk gestaak en word dit nie hervat nie voordat die bedrag in die kredit van die Genootskap groter is as die waarde van die eise ter hand, plus R10 000, of een derde van die vorige jaar se jaarlikse uitgawes aan bystand, naamlik die grootste bedrag.

11. MEDIESE BEHANDELING

Die Mediese Komitee kan te eniger tyd vereis dat 'n lid of enigeen van sy afhanklikes 'n mediese ondersoek ondergaan op koste van die Genootskap deur enige dokter wat die Komitee benoem.

12. BESTUUR

(1) Die administrasie en beheer van die Genootskap berus by 'n Mediese Komitee waarvan die lede deur die Raad aangestel word. Die sekretaris van die Genootskap word deur die Raad òf in 'n ere- òf in 'n besoldigde hoedanigheid kragtens klousule 4 van Hoofstuk I aangestel.

(2) Die Mediese Komitee bestaan uit ses lede of plaasvervangers van die Raad (van wie drie werknemer- en drie werkgewerverteenwoordigers moet wees) en die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad, wat *ipso facto* Voorsitter en Ondervoorsitter van die Mediese Komitee is.

(3) Die Raad kies uit sy lede of plaasvervangers, plaasvervangers vir die vernaamste verteenwoordigers van die Mediese Komitee wat hy aangestel het.

(4) Lede en plaasvervangers in die Mediese Komitee, beklee hul amp vir 'n tydperk van 12 maande, waarna hulle heraangestel kan word.

(5) As 'n geskil te eniger tyd ontstaan oor die administrasie van die Genootskap waaroor lede van die Mediese Komitee gelykop verdeel is, moet die saak vir beslissing na die Raad verwys word.

13. BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE MEDIESE KOMITEE

Die Mediese Komitee bepaal die beleid van die Genootskap en administreer die algemene sake en werksaamhede van die Genootskap ooreenkomstig die bepalings van hierdie Hoofstuk en by die uitoefening van hierdie funksies doen die Mediese Komitee al sodanige stappe as wat hy nodig ag, of wat hy beskou as bevorderlik vir of wat hom sal help by die bereiking van sodanige doelstelling. In die besonder kan die Mediese Komitee—

(a) van tyd tot tyd soveel geld van die Genootskap belê as wat nie onmiddellik nodig is om die verpligtings van die Genootskap na te kom nie, op die wyse voorgeskryf in klousule 2 (6) van Hoofstuk II; en

(b) enige bates van die Genootskap te gelde maak, verkoop of andersins daaroor beskik of daarmee handel;

(c) behoudens die goedkeuring van die Raad, enige lid van lidmaatskap van die Genootskap ontheff—

(i) as hy skriftelik aansoek om sodanige ontheffing doen; of

(ii) as dit in belang van die Genootskap is.

14. FINANSIËLE BEHEER

(1) 'n Bankrekening moet by die Raad se bankiers op naam van die Genootskap geopen word. Die Mediese Komitee het die bevoegheid om sodanige ander bankrekenings as wat hy van tyd tot tyd nodig ag, op naam van die Genootskap te open en daarop te werk en moet die persone aanwys wat gemagtig is om op enigeen van die Genootskap se bankrekenings te werk.

(2) Alle geld wat aan die Genootskap betaal word, moet sonder versuim in een van die Genootskap se bankrekenings inbetaal word.

(3) Alle koste wat aangegaan word in verband met die administrasie van die Genootskap kom ten laste van die Genootskap.

(4) Alle geld wat nie nodig is om lopende betalings en uitgawes te dek nie, moet belê word soos voorgeskryf in klousule 2 (6) van Hoofstuk II.

(5) Die boekjaar van die Genootskap sluit op 28 Februarie elke jaar.

(6) So spoedig doenlik na 28 Februarie elke jaar moet die mediese Komitee 'n staat laat opstel van alle inkomste en uitgawes van die Genootskap en 'n balansstaat wat die bates en laste toon vir die typerk van 12 maande geëindig 28 Februarie, wat deur die ouditeur gesertifiseer en deur die Voorsitter van die Genootskap medeonderteken en tesame met enige verslag deur die ouditeur daaroor aan die Raad voorgelê moet word.

(7) Die geouditeerde staat en balansstaat moet daarna ter insae lê op die kantoor van die Raad en afskrifte daarvan moet binne drie maande na die sluiting van die typerk wat daardeur gedek word aan die Direkteur-generaal van Mannekragbenutting, Pretoria, voorgelê word.

HOOFSTUK IV

1. STERFTEBYSTANDSVERENIGING VIR TRANSVAALSE BEDDEGOEDWERKERS

(1) Die Vereniging bekend as die Sterftebystandsvereniging vir Transvaalse Beddegoedwerkers, ingestel kragtens die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing 1946 van 30 November 1962, word hierby voortgesit.

(n) accounts submitted for payment more than four months after the date on which such liabilities were incurred.

(2) If at any time the amount to the credit of the Society drops below a third of the previous year's annual expenditure on benefits to members, or R10 000, whichever amount is the greater, payments in terms of clause 8 of this Chapter shall cease and shall not be resumed until the amount to the credit of the Society exceeds the value of the claims on hand, plus R10 000 or a third of the previous year's annual expenditure on benefits, whichever is the greater amount.

11. MEDICAL TREATMENT

The Medical Committee may at any time require a member or any of his dependants to undergo a medical examination at the Society's expense by any doctor which it may nominate.

12. MANAGEMENT

(1) The administration and control of the Society shall be vested in a Medical Committee, the members of which shall be appointed by the Council. The secretary of the Society shall be appointed by the Council in terms of clause 4 of Chapter I, either in an honorary or a paid capacity.

(2) The Medical Committee shall consist of six members or alternates of the Council (three of whom shall be employee representatives and three employer representatives), and the Chairman and Vice-Chairman of the Council who shall *ipso facto* be the Chairman and Vice-Chairman of the Medical Committee.

(3) The Council shall choose, from amongst its members or alternates, alternates to the principal members of the Medical Committee which it has appointed.

(4) Members and alternates of the Medical Committee shall hold office for a period of 12 months, whereafter they shall be eligible for reappointment.

(5) Should a dispute arise at any time as to the administration of the Society in regard to which members of the Medical Committee are equally divided, the matter shall be referred to the Council for a decision.

13. POWERS AND DUTIES OF THE MEDICAL COMMITTEE

The Medical Committee shall direct the policy of the Society and administer the general business and activities of the Society, in accordance with the provisions of this Chapter and, in so doing, the Medical Committee shall take all such steps as it may deem necessary, or which it considers will be conducive towards or will assist in the attainment of such object. In particular the Medical Committee may—

(a) from time to time invest so much of the moneys of the Society as are not immediately required to meet the obligations of the Society, in the manner prescribed in clause 2 (6) of Chapter II; and

(b) realise, sell or otherwise dispose of or deal with any of the assets of the Society;

(c) subject to the approval of the Council, in addition, remove any member from membership of the Society—

(i) if he applies in writing for such removal, or

(ii) if it is in the interest of the Society.

14. FINANCIAL CONTROL

(1) A banking account shall be opened with the Council's bankers in the name of the Society. The Medical Committee shall have the power to open and operate such other banking accounts in the name of the Society as it may deem necessary from time to time and shall designate the persons authorised to operate upon any of the Society's banking accounts.

(2) All moneys paid to the Society shall be paid into one of the Society's banking accounts without delay.

(3) All expenses incurred in connection with the administration of the Society shall be a charge against the Society.

(4) Any moneys not required to meet current payments and expenses shall be invested in the manner prescribed in clause 2 (6) of Chapter II.

(5) The financial year of the Society shall end on 28 February of each year.

(6) As soon as possible after 28 February of each year, the Medical Committee shall cause to be prepared a statement of all revenue and expenditure of the Society and a balance sheet showing the assets and liabilities in respect of the period of 12 months ended 28 February, which shall be certified by the auditor and countersigned by the Chairman of the Society and submitted together with any report by the auditor thereon to the Council.

(7) The audited statement and balance sheet shall thereafter lie for inspection at the office of the Council and copies thereof shall within 3 months of the close of the period covered thereby be submitted to the Director-General of Manpower Utilisation, Pretoria.

CHAPTER IV

1. TRANSVAAL BEDDING WORKERS' MORTALITY BENEFIT ASSOCIATION

(1) The Association known as the Transvaal Bedding Workers' Mortality Benefit Association, established in terms of the Agreement published under Government Notice 1946 of 30 November 1962, is hereby continued.

(2) Die geld van die Vereniging bestaan uit—

(a) geld in die kredit van die Vereniging op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms;

(b) die ledegeld wat kragtens klousule 4 (5) van Hoofstuk II aan die Vereniging oorgedra word;

(c) rente verkry uit die belegging van enige geld van die Vereniging; en

(d) enige ander geld waarop die Vereniging geregtig word of wat aan die Vereniging geskenk word.

2. DOELSTELLINGS

(1) Die doelstellings van die Vereniging is om voorsiening te maak vir bystand vir 'n afhanklike van 'n lid van die Vereniging ingeval sodanige lid te sterwe kom. Vir die toepassing van hierdie Hoofstuk beteken "afhanklike", met betrekking tot 'n lid, na die goeddunke van die Komitee, een of meer van die volgende:

(a) Sy weduwee; en/of

(b) sy minderjarige kind en/of minderjarige stiefkind; en/of

(c) enige ander persoon wat geheel en al van sodanige lid afhanklik is en wat die Komitee oortuig dat hy aldus afhanklik is.

(2) Behoudens die goedkeuring van die Raad, is die Komitee se beslissing oor wie die afhanklikes van die afgestorwe lid ingevolge hierdie klousule is, finaal.

3. LIDMAATSKAP

(1) (a) Lidmaatskap van die Vereniging word voortgesit en is verpligtend—

(i) slegs vir lede van die Fonds wat kragtens Hoofstuk II voortgesit word, wat lede van die vakverenigings is en wat in diens is by lede van die werkgewersorganisasie;

(ii) vir leerlinge.

(b) Ondanks paragraaf (a), staan lidmaatskap voorts, na goeddunke van die Komitee, ook oop vir alle ander persone wat in die Nywerheid werksaam is, uitgesonderd los werknemers, wat verkies om lede te word en ten opsigte van wie hul werkgewers toegestem het om die ledegeld te betaal wat voorgeskryf word in klousule 4 van Deel II.

(2) Behoudens subklousule (3), eindig lidmaatskap van die Vereniging—

(a) sodra die bydraes ten opsigte van sodanige lid nie betaal word nie; of

(b) wanneer 'n lid sy bande met die Nywerheid verbreek, en die afhanklike van sodanige voormalige lid is dan nie geregtig op die bystand wat in klousule 5 van hierdie Hoofstuk voorgeskryf word nie.

(3) Ondanks andersluidende bepalings in subklousule (2) eindig lidmaatskap nie wanneer bydraes gestaak word nie weens—

(a) die bereiking deur 'n lid van die leeftyd van 65 jaar;

(b) werkloosheid wat, na die mening van die Komitee, wie se beslissing finaal is, nie veroorsaak is deur onwilligheid om te werk nie;

(c) die onvermoë van 'n lid om te werk weens swak gesondheid;

(d) korttyd.

4. LEDEGELD

1. Die ledegeld wat ten opsigte van elke lid betaalbaar is, is 14c per week en moet—

(a) ten opsigte van 'n lid in klousule 3 (1) van hierdie Hoofstuk bedoel, in gelyke dele oorgedra word kragtens klousule 4 (5) van Hoofstuk II uit die bydraes wat in klousule 4 (1) (a) van Hoofstuk II voorgeskryf word; en

(b) ten opsigte van 'n lid in klousule 3 (1) (b) van hierdie Hoofstuk bedoel, weekliks deur sy werkgewer afgetrek word van die lid se loon en maand vir maand aan die sekretaris van die Vereniging gestuur word.

5. STERFTEBYSTAND

(1) By die dood van 'n lid wat ten tyde van sy dood nog nie die ouderdom van 65 jaar bereik het nie en ten behoewe van wie die Vereniging bydraes ontvang het tot die datum van sy dood, of wat nog nie die ouderdom van 65 jaar bereik het nie en wat voor sy dood opgehou het om bydraes tot die Vereniging te maak om die redes in klousule 3 (3) (b) en (d) uiteengesit, is die sterftebystand wat, behoudens klousule 6, aan 'n afhanklike betaalbaar is—

(a) in die geval van 'n gestorwe lid wat hoogstens 12 maande lank lid was: R150;

(b) in die geval van 'n gestorwe lid wat langer as 12 maande maar hoogstens vyf jaar lank lid was: R250;

(c) in die geval van 'n gestorwe lid wat langer as vyf jaar maar hoogstens 10 jaar lank lid was: R500;

(d) in die geval van 'n gestorwe lid wat langer as 10 jaar maar hoogstens 20 jaar lank lid was: R750;

(e) in die geval van 'n gestorwe lid wat langer as 20 jaar lank lid was: R1 000.

(2) As 'n gestorwe lid geen afhanklike sou hê nie, kan die Komitee na goeddunke 'n aansoek om 'n *ex gratia*-betaling ten opsigte van begrafniskoste van die gestorwe lid oorweeg: Met dien verstande dat as die Komitee sou besluit om sodanige betaling te doen, dit hoogstens R180 mag bedra. Die Komitee se beslissing ten opsigte van so 'n aansoek is finaal.

(2) The moneys of the Association shall consist of—

(a) moneys standing to the credit of the Association as at the date of coming into operation of this Agreement;

(b) the subscriptions diverted to the Association in terms of clause 4 (5) of Chapter II;

(c) interest derived from the investment of any moneys of the Association; and

(d) any other moneys to which the Association may become entitled or which may be donated to the Association.

2. OBJECTS

(1) The objects of the Association shall be to provide benefits for a dependant of a member of the Association in the event of the death of such member. For the purposes of this Chapter, "dependant" in relation to a member shall mean, at the discretion of the Committee, any one or more of the following:

(a) His widow; and/or

(b) his minor child and/or minor step-child; and/or

(c) any other person wholly dependent upon such member, and who satisfies the Committee that he is so dependent.

(2) The Committee's decision as to who the dependants of the deceased member are, in terms of this clause, shall, subject to the approval of the Council, be final.

3. MEMBERSHIP

(1) (a) Membership of the Association shall be continued and compulsory for—

(i) only members of the Fund continued in terms of Chapter II who are members of the trade unions and who are employed by members of the employers' organisation;

(ii) learners.

(b) Notwithstanding the provisions of paragraph (a) hereof, membership shall further, at the discretion of the Committee, be open to any other persons engaged in the Industry, other than casual employees, who elect to become members and in respect of whom their employers have consented to make the subscriptions provided for in clause 4 of Part II.

(2) Subject to the provisions of subclause (3), membership of the Association shall cease—

(a) immediately there is a cessation of contributions in respect of such member; or

(b) when a member severs his connection with the Industry, and the dependant of such former member shall thereupon not be entitled to the benefits prescribed by clause 5 of this Chapter.

(3) Notwithstanding anything to the contrary contained in subclause (2) hereof, membership shall not cease where the cessation of contributions is occasioned by—

(a) a member attaining the age of 65 years;

(b) unemployment, which in the opinion of the Committee, whose decision shall be final, was not occasioned by an unwillingness to work;

(c) the inability of the member to work because of ill-health;

(d) short-time.

4. SUBSCRIPTIONS

(1) The subscriptions payable in respect of each member shall be 14c per week and shall—

(a) in respect of a member referred to in clause 3 (1) (a) of this Chapter, be diverted in equal proportions in terms of clause 4 (5) of Chapter II, from the contributions prescribed in clause 4 (1) (a) of Chapter II; and

(b) in respect of a member referred to in clause 3 (1) (b) of this Chapter, be deducted weekly by his employer from the wages of the member and forwarded month by month to the secretary of the Association.

5. MORTALITY BENEFITS

(1) Upon the death of a member who had not attained the age of 65 years at the time of his death and on behalf of whom the Association received contributions up to the day of his death, or who has not attained the age of 65 years and who ceased to contribute to the Association prior to his death for the reasons specified in clause 3 (3) (b) and (d), the mortality benefits payable to the dependant shall, subject to clause 6, be—

(a) in the case of a deceased member who had been a member for up to 12 months: R150;

(b) in the case of a deceased member who had been a member for more than 12 months but not more than five years: R250;

(c) in the case of a deceased member who had been a member for more than five years but not more than 10 years: R500;

(d) in the case of a deceased member who had been a member for more than 10 years but not more than 20 years: R750;

(e) in the case of a deceased member who had been a member for longer than 20 years: R1 000.

(2) Should a deceased member have no dependant, the Committee may in its discretion consider an application for an *ex gratia* payment in respect of burial costs of such deceased member: Provided that, should the Committee decide to make such payment, it shall not exceed the amount of R180. The Commitee's decision in regard to such application shall be final.

(3) As 'n gestorwe lid geen afhanklikes het nie, moet die Bestuurskomitee die bedrag wat die gestorwe lid sou ontvang het indien hy afhanklikes gehad het, min enige *ex gratia*-betalings wat ingevolge subklousule (2) gemaak is, oordra na 'n reserwe wat ingestel word vir die betaling van bystand aan die afhanklikes van nie-bydraende lede wat ten tyde van hul dood nie tot die Vereniging bygedra het nie om redes in klousule 3 (3) (a) en (c) uiteengesit.

(4) Afhangende van sodanige surplus as wat toegeval het aan die reserwe vir nie-bydraende lede wat ingevolge subklousule (3) ingestel is, moet die Komitee by die dood van 'n nie-bydraende lid in daardie subklousule vermeld, besluit, met betrekking tot sodanige gestorwe lid se tydperk van lidmaatskap waartydens hy bygedra het, oor die bedrag van die sterftebystand wat volgens die absolute en finale goeddunke van die Komitee aan die afhanklike(s) van sodanige lid betaal moet word, welke bedrag hoogstens R1 000 mag wees.

(5) Indien die bedrag in die kredit van die reserwe vir nie-bydraende lede te eniger tyd tot onder R1 000 daal, moet betaling ingevolge subklousule (4) gestaak word. Betaling van enige bystand ingevolge subklousule (4) mag nie hervat word nie voordat die bedrag in die kredit van die reserwe vir nie-bydraende lede meer as R2 000 beloop.

(6) Ondanks subklousule (5), indien die bedrag in die reserwe vir nie-bydraende lede meer as R1 000 is maar die totale bedrag in die kredit van die Vereniging tot onder R2 500 daal, mag geen betalings gedoen word voordat daar aan die vereistes van klousule 6 (3) voldoen is nie.

(7) Die Bestuurskomitee kan volgens absolute goeddunke geld, benewens die geld in subklousule (3) bedoel, uit die Vereniging se opgelope fondse oordra na die reserwe vir nie-bydraende lede indien hierdie reserwe nie sy verpligtings kan nakom nie: Met dien verstande dat die Vereniging se opgelope fondse as gevolg van sodanige oordrag nie tot 'n bedrag van minder as R17 500 verminder word nie.

6. BEPERKING VAN BYSTAND

(1) Geen betaling moet ingevolge klousule 5 van hierdie Hoofstuk gedoen word nie, tensy aansoek daarom gedoen word binne 'n tydperk van een jaar vanaf die datum van die dood van die betrokke lid of binne sodanige langer tydperk (van hoogstens drie jaar vanaf die datum van die dood van die betrokke lid) as wat die Komitee kan toelaat as hy daarvan oortuig is dat die vertraging van die aansoek veroorsaak is deur omstandighede buite die beheer van die aansoeker. Daarna val die bystand terug aan die Vereniging ten bate van die oorblywende lede, en daarna is daar geen verdere eis teen die Vereniging nie.

(2) Die Vereniging is nie aanspreeklik vir die betaling van enige bystand nie, uitgesonderd na goeddunke van die Komitee, in gevalle waar die eis voortvloei uit die dood van 'n lid—

(a) terwyl hy kranksinnig of in 'n besope toestand was, as gevolg van selfmoord of poging tot selfmoord, opsetlike selfbesering, of vanweë selfverwonding met 'n vuurwapen;

(b) terwyl hy betrokke was by of deelgeneem het aan lugvaart of die vliegkuns van enige aard of as gevolg van die feit dat die lid in enige vliegtuig was, uigesonderd as 'n betalende passasier in 'n ten volle gelisensieerde standaardtipe lugvaartuig in bedryf by 'n erkende lugredery op 'n gereelde lugroete of in 'n ten volle gelisensieerde standaardtipe veelmotorige lugvaartuig in bedryf by 'n erkende huurlugvaartmaatskappy;

(c) terwyl hy gery het of bestuur het in enige soort wedren of as gevolg van bergklim, Alpynse wintersport, yshokkie, hinderniswedrenne, polo, motorfietsry of die gebruik van bromponies en/of meganies aangedrewe fietse van enige aard;

(d) terwyl hy besig was met of deelgeneem het aan militêre, vloot- of lugmagdiensoperasies;

(e) weens regstreekse of onregstreekse gevolge wat voortvloei uit oorlog, inval, 'n daad van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of oorlogsoperasies (hetsy oorlog verklaar is al dan nie), burgeroorlog, muitery, opstand, rebellie, revolusie, militêre of wederregtelik toegeëinde mag, krygswet of toestand van beleg, of terwyl hy besig was met of deelgeneem het aan enige versteuring van die openbare vrede of opstootjies of burgerlike opstand van enige aard.

(3) As die bedrag in die kredit van die Vereniging te eniger tyd tot onder R2 500 daal, moet uibetalings ingevolge klousule 5 eindig en moet dit nie weer hervat word voordat die bedrag in die kredit van die Vereniging meer as R5 000 is nie.

7. ADMINISTRASIE VAN DIE VERENIGING

(1) Die administrasie van die Vereniging berus by 'n Bestuurskomitee bestaande uit die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad tesame met drie werkgewerverteenwoordigers en drie werknemerverteenwoordigers wat lede van die Raad moet wees en deur die Raad aangestel moet word. Vir elke verteenwoordiger moet 'n plaasvervanger deur die Raad aangestel word. Die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad is die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Komitee.

(2) Elke werkgewer moet die sekretaris in kennis stel van die dood van enige lid in sy diens. Nadat hy inligting uit enige bron van die dood van 'n lid ontvang het, moet die sekretaris so gou doenlik die afhanklike per brief of omsendbrief daarvan verwittig, met vermelding van die jongs bekende werkplek van die oorlede bydraer, asook die feit dat bystand op aansoek opgeëis kan word by 'n adres wat deur die Bestuurskomitee uitdruklik gemeld word.

(3) Where a deceased member has no dependants, the Management Committee shall transfer such amount the deceased member would have received, had he had dependants, less any *ex gratia* payments made in terms of subclause (2) to a reserve created for the payment of benefits to the dependants of non-contributing members who at the time of their death were not contributing to the Association for reasons specified in clause 3 (3) (a) and (c).

(4) Depending upon such surplus accrued to the non-contributory members' reserve created in terms of subclause (3), the Committee shall, upon the death of a non-contributory member referred to in that subclause, decide in relation to such deceased member's period of contributory membership, upon the mortality benefits to be paid at the entire and final discretion of the Committtee to the dependant(s) of such member, which amount shall not exceed R1 000.

(5) If at any time the amount to the credit of the non-contributory members' reserve falls below R1 000, payment in terms of subclause (4) shall cease. Payment of any benefits in terms of subclause (4) shall not be resumed until the amount to the credit of the non-contributory reserve exceeds R2 000.

(6) Notwithstanding subclause (5), should the amount in the non-contributory members' reserve exceed R1 000 but the total amount to the credit of the Association fall below R2 500, no payments shall be made until the requirements of clause 6 (3) have been complied with.

(7) The Management Committee may in its entire discretion transfer moneys, in addition to the moneys mentioned in subclause (3), from the Association's accumulated funds to the non-contributory members' reserve should this reserve not be able to meet its commitments: Provided that the Association's accumulated moneys shall by such transfer not be reduced to an amount of less than R17 500.

6. LIMITATION OF BENEFITS

(1) No payments shall be made in terms of clause 5 of this Chapter, unless application therefor is made within a period of one year from the date of death of the member concerned or within such longer period (not exceeding three years from the date of death of the member concerned) as the Committee may allow if it is satisfied that the delay in making the application was caused by events beyond the control of the applicant, whereafter the benefits shall revert to the Association for the benefit of the remaining members and there shall thereafter be no further claim against the Association.

(2) The Association shall not be liable to pay any benefits, other than at the discretion of the Committee, where the claim arises from the death of a member caused—

(a) while insane or in a state of intoxication, by reason of suicide or attempted suicide, intentional self-inflicted injuries or because of self-inflicted gunshot wounds;

(b) while engaged or taking part in aeronautics or aviation of any kind or resulting from the member being in any aircraft except as a fare-paying passenger in a fully licensed standard type of aircraft operated by a recognised airline on a regular air route or in a fully licensed standard type multi-engined aircraft operated by a recognised air charter company;

(c) while riding or driving in any kind of race or resulting from mountaineering, alpine winter sports, ice-hockey, steeplechasing, polo, motor cycling or the use of motor scooters and/or mechanically driven cycles of any description;

(d) while engaged or taking part in Military, Naval or Air Force service operations;

(e) from any consequences arising directly or indirectly from war, invasion, act of foreign enemy, hostilities or warlike operations (whether war be declared or not), civil war, mutiny, insurrection, rebellion, revolution, military or usurped power, martial law or state of siege or whilst engaged or taking part in any disturbances of the public peace or riots or civil commotions of any kind.

(3) If at any time the amount to the credit of the Association drops below R2 500, payments in terms of clause 5 shall cease and shall not be resumed until the amount to the credit of the Association exceeds R5 000.

7. ADMINISTRATION OF THE ASSOCIATION

(1) The administration of the Association shall be vested in a Management Committee consisting of the Chairman and Vice-Chairman of the Council together with three employer representatives and three employee representatives who shall be members of the Council and shall be appointed by the Council. For each representative an alternate shall be appointed by the Council. The Chairman and Vice-Chairman of the Council shall be the Chairman and Vice-Chairman of the Committee.

(2) Every employer shall notify the secretary of the death of any member in his employ. The secretary shall, as soon as possible, upon receiving information from any source of the death of a member, notify the dependant by letter or circular stating the last known place of work of the deceased contributor and the fact that benefits may be claimed upon application at an address specified by the Management Committee.

(3) Ingeval die sekretaris nie in kennis gestel is van die jongste adres van 'n afhanklike nie en die Bestuurskomitee nie daartoe in staat is om die afhanklike by sy/haar jongs bekende adres op te spoor en geen eis om bystand wat ingevolge hierdie klousule verskuldig is, ingestel word binne 'n maand nadat bewys van die dood van 'n lid ontvang is nie, moet die Komitee 'n advertensie in albei amptelike tale plaas in drie agtereenvolgende uitgawes van hoogstens drie dagblaaie wat in die Republiek van Suid-Afrika in omloop is, waarvan een 'n blad moet wees wat in omloop is in die distrik waarin die oorlede lid normaalweg woonagtig was, en in sodanige advertensie moet die jongs bekende werkplek van die gestorwe lid en die bekende naam/name van afhanklikes en hul jongs bekende adresse genoem word, asook die feit dat bystand beskikbaar is vir opvordering op aansoek deur die afhanklikes by 'n adres wat uitdruklik deur die Komitee gemeld word.

8. BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE KOMITEE

(1) Behoudens goedkeuring deur die Raad moet die Komitee die beleid van die Vereniging bepaal en moet hy die algemene sake en werksaamhede van die Vereniging administreer ooreenkomstig die bepalings van hierdie Hoofstuk, en by die uitoefening van hierdie funksies moet die Komitee al sodanige stappe doen as wat hy nodig ag, of wat hy ag bevorderlik te wees vir, of wat sal help met, die verwesenliking van sodanige oogmerk.

(2) Die Komitee moet alle inkomste van die Vereniging invorder, dit in ontvangs neem en alle geld aldus ontvang sonder versuim in 'n bankrekening deponeer wat op naam van die Vereniging geopen moet word. 'n Amptelike kwitansie moet uitgereik word vir alle kontantgeld deur die Vereniging ontvang, en onttrekkings uit die Vereniging moet per tjek geskied wat deur sodanige persone as wat van tyd tot tyd deur die Raad gemagtig word, onderteken en deur die sekretaris van die Vereniging mede-onderteken moet word.

In die besonder kan die Komitee—

(a) enige bates van die Vereniging te gelde maak, verkoop of andersins daaroor beskik of daarmee handel;

(b) 'n kontrak met 'n versekeringsmaatskappy, geregistreer ooreenkomstig Wet 27 van 1943, aangaan om alle of enige bystand te verseker wat in klousule 5 van hierdie Hoofstuk voorgeskryf word.

(3) Die Raad het die bevoegdheid om sy eie prosedureëls vir die Komitee voor te skryf, te wysig en te verander en om reëls vir die administrasie van die Vereniging te maak, te wysig en te verander: Met dien verstande dat sodanige reëls of enige wysiging daarvan nie onbestaanbaar met hierdie Ooreenkoms of enige ander wet mag wees nie. 'n Afskrif van die reëls en enige wysiging daarvan moet aan die Direkteur-generaal: Mannekragbenutting gestuur word.

(4) Ingeval die Bestuurskomitee om watter rede ook al nie in staat is om sy pligte na te kom nie moet die Raad sodanige pligte waarneem en sy bevoegdhede uitoefen.

(5) Ingeval 'n geskil te eniger tyd ontstaan oor die administrasie van die Vereniging waaroor lede van die Bestuurskomitee gelykop verdeel is, moet die saak vir 'n beslissing na die Raad verwys word.

9. FINANSIËLE BEHEER

(1) Alle uitgawes wat in verband met die administrasie van die Vereniging aangegaan word, kom ten laste van die Vereniging.

(2) Alle geld wat nie vir die bestryding van lopende betalings en uitgawes nodig is nie, moet belê word soos voorgeskryf in klousule 2 (6) van Hoofstuk II.

(3) Die boekjaar van die Vereniging sluit elke jaar op 28 Februarie.

(4) So gou doenlik na 28 Februarie elke jaar moet die Vereniging 'n staat opstel van alle uitgawes en inkomste van die Vereniging, asook 'n balansstaat wat die bates en laste toon ten opsigte van die voorafgaande tydperk van 12 maande geëindig 28 Februarie, wat deur die ouditeur gesertifiseer en deur die Voorsitter van die Vereniging mede-onderteken moet word, en saam met enige verslag daaroor deur die ouditeur, aan die Raad voorgelê moet word.

(5) Die geouditeerde staat en balansstaat moet daarna op die kantoor van die Raad ter insae lê en afskrifte daarvan moet binne drie maande vanaf die sluiting van die tydperk waarop hulle betrekking het aan die Direkteur-generaal: Mannekragbenutting voorgelê word.

HOOFSTUK V

1. BEGRAFNISGENOOTSKAP VIR TRANSVAALSE BEDDEGOEDWERKERS

(1) Die Begrafnisgenootskap bekend as Die Transvaalse Beddegoedwerkers Begrafnisgenootskap, ingestel ingevolge die ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1353 van 22 Junie 1979, word hierby voortgesit as die Begrafnisgenootskap vir Transvaalse Beddegoedwerkers.

(2) Die geld van die Begrafnisgenootskap bestaan uit—

(a) geld in die kredit van die Begrafnisgenootskap vanaf 2 Julie 1979;

(b) die ledegeld wat kragtens klousule 4 (5) (c) van Hoofstuk II van hierdie Ooreenkoms aan die Begrafnisgenootskap oorgedra word;

(c) rente verkry uit die belegging van enige geld van die Begrafnisgenootskap; en

(d) enige ander geld waarop die Begrafnisgenootskap geregtig word of wat aan die Begrafnisgenootskap geskenk word.

(3) In the event of the secretary not having been notified of the latest address of a dependant and the Management Committee not being able to trace the dependant at his/her last known address and no claim for benefits due in terms of this clause being made within a month of the proof of the death of a member, the Committee shall insert an advertisement, in both official languages, in three successive issues of not more than three daily newspapers circulating in the Republic of South Africa, one of which shall be a newspaper circulating in the district in which the deceased member was normally resident, stating the last known place of work of the deceased member, the known name(s) of dependants and their last known addresses and the fact that benefits are available for collection upon application by the dependants at an address specified by the Committee.

8. POWERS AND DUTIES OF THE COMMITTEE

(1) Subject to the approval of the Council, the Committee shall direct the policy of the Association and administer the general business and activities of the Association, in accordance with the provisions of this Chapter, and in so doing the Committee shall take all such steps as it may deem necessary, or which it considers will be conductive towards or will assist in the attainment of such object.

(2) The Committee shall collect and receive all revenue of the Association and shall deposit all moneys so received without delay in a banking account opened in the name of the Association. An official receipt shall be issued for all cash moneys received into the Association and withdrawals from the Association shall be by cheque signed by such persons as may, from time to time, be authorised by the Council, and countersigned by the secretary of the Association.

In particular the Committee may—

(a) realise, sell or otherwise dispose of or deal with any of the assets of the Association;

(b) contract with an insurance company registered in terms of Act 27 of 1943, to underwrite all or any of the benefits prescribed in clause 5 of this Chapter.

(3) The Council shall have the power to prescribe, alter and amend its own rules of procedure for the Committee and to make, amend and alter rules governing the administration of the Association: Provided that such rules or any amendment thereof shall not be inconsistent with the provisions of this Agreement or with the provisions of any other law. A copy of the rules and any amendment thereof shall be transmitted to the Director-General of Manpower Utilisation.

(4) In the event of the Management Committee being unable to perform its duties for any reason, the Council shall perform such duties and exercise its powers.

(5) Should a dispute arise at any time as to the administration of the Association in regard to which members of the Management Committee are equally divided, the matter shall be referred to the Council for a decision.

9. FINANCIAL CONTROL

(1) All expenses incurred in connection with the administration of the Association shall be a charge against the Association.

(2) Any moneys not required to meet current payments and expenses shall be invested as prescribed in clause 2 (6) of Chapter II of this Agreement.

(3) The financial year of the Association shall end on 28 February of each year.

(4) As soon as possible after 28 February of each year the Association shall prepare a statement of all revenue and expenditure of the Association and a balance sheet showing the assets and liabilities in respect of the preceding period of 12 months ended 28 February, which shall be certified by the auditor and countersigned by the Chairman of the Association and submitted to the Council with any report by the auditor thereon.

(5) The audited statement and balance sheet shall thereafter lie for inspection at the office of the Council and copies thereof shall within three months of the close of the period to which they relate be submitted to the Director-General of Manpower Utilisation.

CHAPTER V

1. TRANSVAAL BEDDING WORKERS' BURIAL SOCIETY

(1) The Burial Society, known as the Transvaal Bedding Workers' Burial Society, established in terms of the Agreement published under Government Notice R. 1353 of 22 June 1979, is hereby continued.

(2) The moneys of the Burial Society shall consist of—

(a) moneys standing to the credit of the Burial Society as from 2 July 1979;

(b) the subscriptions diverted to the Burial Society in terms of clause 4 (5) (c) of Chapter II of this Agreement;

(c) interest derived from the investment of any moneys of the Burial Society; and

(d) any other moneys to which the Burial Society may become entitled or which may be donated to the Burial Society.

2. DOELSTELLINGS

(1) Die doel van die Begrafnisgenootskap is om voorsiening te maak vir bystand vir 'n afhanklike van 'n lid van die Begrafnisgenootskap ingeval van die dood van sodanige lid se afhanklikes. Vir die toepassing van hierdie Hoofstuk, beteken "afhanklike", met betrekking tot 'n lid, na die goeddunke van die Komitee een of meer van die volgende:

(a) Sy eggenote; en/of

(b) sy ongetroude minderjarige kind en/of ongetroude minderjarige stiefkind en/of ongetroude minderjarige aangenome kind.

(2) Behoudens die goedkeuring van die Raad, is die Komitee se beslissing oor wie die afhanklikes van die lid ingevolge hierdie klousule is, finaal.

3. LIDMAATSKAP

(1) (a) Lidmaatskap van die Begrafnisgenootskap is verpligtend—

(i) slegs vir lede van die Fonds wat kragtens Hoofstuk II van hierdie Ooreenkoms voortgesit word wat lede van vakverenigings is en wat in diens is by lede van die werkgewersorganisasie;

(ii) vir leerlinge.

(b) Ondanks paragraaf (a) hiervan, staan lidmaatskap voorts, na goeddunke van die Komitee, ook oop vir alle ander persone wat in die Nywerheid werksaam is, uitgesonderd los werknemers, wat verkies om lede te word en ten opsigte van wie hul werkgewers toegestem het om die ledegeld te betaal wat voorgeskryf word in klousule 4 van Deel II.

(2) Behoudens subklousule (3), eindig lidmaatskap van die Begrafnisgenootskap—

(a) sodra die bydraes ten opsigte van sodanige lid nie betaal word nie; of

(b) wanneer 'n lid sy bande met die Nywerheid verbreek en sodanige voormalige lid dan nie geregtig is op die bystand wat in klousule 5 van hierdie Hoofstuk voorgeskryf word nie.

(3) Ondanks andersluidende bepalings in subklousule (2) hiervan, eindig lidmaatskap nie wanneer die bydraes gestaak word nie weens—

(a) die bereiking, deur 'n lid, van die leeftyd van 65 jaar;

(b) werkloosheid wat, na die mening van die Komitee wie se beslissing finaal is, nie veroorsaak is deur onwilligheid om te werk nie en sodanige lid die maandelikse bydraes vooruit betaal, behoudens 'n maksimum van 13 weke;

(c) die onvermoë van die lid om weens swak gesondheid te werk nie;

(d) korttyd.

4. LEDEGELD

(1) Die ledegeld wat ten opsigte van elke lid betaalbaar is, is 22c per week en moet—

(a) ten opsigte van 'n lid in klousule 3 (1) (a) van hierdie Hoofstuk bedoel, in gelyke dele oorgedra word kragtens klousule 4 (5) van Hoofstuk II uit die bydraes wat in klousule 4 (1) (a) van Hoofstuk II voorgeskryf word; en

(b) ten opsigte van 'n lid in klousule 3 (1) (b) van hierdie Hoofstuk bedoel, weekliks deur sy werkgewer afgetrek word van die lid se loon en maand vir maand aan die sekretaris van die Begrafnisgenootskap gestuur word.

5. BEGRAFNISBYSTAND

(1) By die dood van 'n afhanklike en, behoudens klousule 6 van hierdie Hoofstuk, is die begrafnisbystand wat aan 'n lid betaalbaar is—

(a) in die geval van 'n afhanklike wat die ouderdom van 14 jaar bereik het: R300;

(b) in die geval van 'n afhanklike wat die ouderdom van ses jaar maar minder as 14 jaar bereik het: R200;

(c) in die geval van 'n afhanklike wat nie die ouderdom van ses jaar bereik het nie en doodgebore afhanklikes: R100.

6. BEPERKING VAN BYSTAND

(1) Geen betaling word ingevolge klousule 5 van hierdie Hoofstuk gedoen nie, tensy aansoek daarom gedoen word, binne 'n tydperk van een jaar vanaf die datum van die dood van 'n betrokke afhanklike of binne sodanige langer tydperk (van hoogstens drie jaar vanaf die datum van die dood van die betrokke afhanklike) as wat die Komitee toelaat as hy daarvan oortuig is dat die vertraging van die aansoek veroorsaak is deur omstandighede buite die beheer van die aansoeker. Daarna val die bystand terug aan die Begrafnisgenootskap ten bate van die oorblywende lede en daarna is daar geen verdere eis teen die Begrafnisgenootskap nie.

(2) As die bedrag in die kredit van die Begrafnisgenootskap te eniger tyd tot onder R2 500 daal, moet betalings ingevolge klousule 5 eindig en moet dit nie weer hervat word voordat die bedrag in die kredit van die Begrafnisgenootskap meer as R5 000 is nie.

7. ADMINISTRASIE VAN DIE BEGRAFNISGENOOTSKAP

(1) Die administrasie van die Begrafnisgenootskap berus by 'n Bestuurskomitee bestaande uit die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad en, daarbenewens, drie werkgewerverteenwoordigers en drie werknemerverteenwoordigers wat lede van die Raad moet wees en deur die Raad aangestel moet word. Vir elke verteenwoordiger moet 'n plaasvervanger deur die Raad aangestel word. Die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad is die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Komitee.

2. OBJECTS

(1) The objects of the Burial Society shall be to provide benefits for a member of the Burial Society in the event of the death of such member's dependants. For the purposes of this Chapter, "dependant" in relation to a member, shall mean, at the discretion of the Committee, any one or more of the following:

(a) His wife; and/or

(b) his unmarried minor child and/or unmarried minor step-child and/or unmarried minor adopted child.

(2) The Committee's decision as to whom the dependants of the member are, in terms of this clause, shall, subject to the approval of the Council, be final.

3. MEMBERSHIP

(1) (a) Membership of the Burial Society shall be compulsory—

(i) only for members of the Fund continued in terms of Chapter II of this Agreement who are members of the trade unions and who are employed by members of the employers' organisation;

(ii) for learners.

(b) Notwithstanding the provisions of paragraph (a) hereof, membership shall further, at the discretion of the Committee, be open to any other persons engaged in the Industry, other than casual employees, who elect to become members and in respect of whom their employers have consented to make the subscriptions provided for in clause 4 of Part II.

(2) Subject to the provisions of subclause (3), membership of the Burial Society shall cease—

(a) as soon as there is a cessation of contributions in respect of such member; or

(b) when a member severs his connection with the Industry; such former member shall thereupon not be entitled to the benefits prescribed in clause 5 of this Chapter.

(3) Notwithstanding anything to the contrary contained in subclause (2) hereof, membership shall not cease where the cessation of contributions is occasioned by—

(a) a member attaining the age of 65 years;

(b) unemployment which, in the opinion of the Committee, whose decision shall be final, was not occasioned by an unwillingness to work and where such member pays the monthly contributions in advance, subject to a maximum of 13 weeks;

(c) the inability of the member to perform any work because of ill-health;

(d) short-time.

4. SUBSCRIPTIONS

(1) The subscriptions payable in respect of each member shall be 22c per week and shall—

(a) in respect of a member referred to in clause 3 (1) (a) of this Chapter, be diverted in equal proportions in terms of clause 4 (5) of Chapter II from the contributions prescribed in clause 4 (1) (a) of Chapter II; and

(b) in respect of a member referred to in clause 3 (1) (b) of this Chapter, be deducted weekly by his employer from the wages of the member and forwarded month by month to the secretary of die Burial Society.

5. BURIAL BENEFITS

(1) Upon the death of a dependant and subject to the provisions of clause 6 of this Chapter, the burial benefit payable to a member shall be—

(a) in the case of a dependant who had attained the age of 14 years: R300;

(b) in the case of a dependant who had attained the age of six years but less than 14 years: R200;

(c) in the case of a dependant who had not attained the age of six years and stillborns: R100.

6. LIMITATION OF BENEFITS

(1) No paymensts shall be made in terms of clause 5 of this Chapter, unless application therefor is made within a period of one year from the date of death of a dependant concerned or within such longer period (not exceeding three years from the date of death of the dependant concerned) as the Committee may allow if it is satisfied that the delay in making the application was caused by events beyond the control of the applicant, whereafter the benefits shall revert to the Burial Society for the benefit of the remaining members, and there shall thereafter be no further claim against the Burial Society.

(2) If at any time the amount to the credit of the Burial Society drops below R2 500, payments in terms of clause 5 shall cease and shall not be resumed until the amount to the credit of the Burial Society exceeds R5 000.

7. ADMINISTRATION OF THE BURIAL SOCIETY

(1) The administration of the Burial Society shall be vested in a Management Committee consisting of the Chairman and Vice-Chairman of the Council together with three employer representatives and three employee representatives who shall be members of the Council and shall be appointed by the Council. For each representative an altenate shall be appointed by the Council. The Chairman and Vice-Chairman of the Council shall be the Chairman and Vice-Chairman of the Committee.

University of Pretoria
Together in Excellence

(2) Elke lid moet die sekretaris in kennis stel van die dood van enige afhanklike. Nadat hy inligting uit enige bron van die dood van 'n afhanklike ontvang het, moet die sekretaris so gou doenlik die lid per brief of omsendbrief daarvan verwittig dat bystand op aansoek opgeëis kan word by 'n adres wat deur die Bestuurskomitee uitdruklik gemeld word.

(3) Ingeval die sekretaris nie in kennis gestel is van die jongste adres van 'n lid nie en die Bestuurskomitee nie daartoe in staat is om die lid by sy/haar jongsbekende adres op te spoor en geen eis om bystand wat ingevolge hierdie klousule verskuldig is, ingestel word binne 'n maand nadat bewys van die dood van 'n afhanklike ontvang is nie, moet die Komitee 'n advertensie in albei amptelike tale plaas in drie agtereenvolgende uitgawes van hoogstens drie dagblaaie wat in die Republiek van Suid-Afrika in omloop is, waarvan een 'n blad moet wees wat in omloop is in die distrik waarin die lid normaalweg woonagtig was, met die strekking dat bystand beskikbaar is vir opvordering op aansoek deur die lid by 'n adres wat uitdruklik deur die Komitee gemeld word.

8. BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE KOMITEE

(1) Behoudens goedkeuring deur die Raad, moet die Komitee die beleid van die Begrafnisgenootskap bepaal en die algemene sake en werksaamhede van Begrafnisgenootskap administreer ooreenkomstig die bepalings van hierdie Hoofstuk, en by die uitoefening van hierdie funksies moet die Komitee al sodanige stappe doen as wat hy nodig ag of wat hy ag bevordelik te wees vir of wat sal help met die verwesenliking van sodanige oogmerk.

(2) Die Komitee moet alle inkomste van die Begrafnisgenootskap invorder, dit in ontvangs neem en alle geld aldus ontvang sonder versuim deponeer in 'n bankrekening wat op naam van die Begrafnisgenootskap geopen moet word. 'n Amptelike kwitansie moet uitgereik word vir alle kontantgeld deur die Begrafnisgenootskap ontvang, en onttrekkings uit die Begrafnisgenootskap moet geskied per tjek wat deur sodanige persone as wat van tyd tot tyd deur die Raad gemagtig word, onderteken en deur die sekretaris van die Begrafnisgenootskap medeonderteken moet word.

In die besonder kan die Komitee—

(a) enige bates van die Begrafnisgenootskap te gelde maak, verkoop of andersins daaroor beskik of daarmee handel;

(b) 'n kontrak met 'n versekeringsmaatskappy, geregistreer ooreenkomstig Wet 27 van 1943, aangaan om alle of enige bystand te verseker wat in klousule 5 van hierdie Hoofstuk voorgeskryf word.

(3) Die Raad het die bevoegdheid om sy eie prosedurereëls vir die Komitee voor te skryf, te wysig en te verander en om reëls vir die administrasie van die Begrafnisgenootskap te maak, te wysig en te verander: Met dien verstande dat sodanige reëls of enige wysiging daarvan nie onbestaanbaar met hierdie Ooreenkoms of enige ander wet mag wees nie. 'n Afskrif van die reëls en enige wysiging daarvan moet aan die Direkteur-generaal van Mannekragbenutting gestuur word.

(4) Ingeval die Bestuurskomitee, om watter rede ook al, nie in staat is om sy pligte na te kom nie moet die Raad sodanige pligte waarneem en sy bevoegdhede uitoefen.

(5) Ingeval 'n geskil te eniger tyd onstaan oor die administrasie van die Begrafnisgenootskap waaroor lede van die Bestuurskomitee gelykop verdeel is, moet die saak vir 'n beslissing na die Raad verwys word.

9. FINANSIËLE BEHEER

(1) Alle uitgawes wat in verband met die administrasie van die Begrafnisgenootskap aangegaan word, kom ten laste van die Begrafnisgenootskap.

(2) Alle geld wat nie vir die bestryding van lopende betalings en uitgawes nodig is nie, moet belê word soos voorgeskryf in klousule 2 (6) van Hoofstuk II.

(3) Die boekjaar van die Begrafnisgenootskap sluit elke jaar op 28 Februarie.

(4) So gou doenlik na 28 Februarie elke jaar moet die Begrafnisgenootskap 'n staat opstel van alle uitgawes en inkomste van die Begrafnisgenootskap, asook 'n balansstaat wat die bates en laste toon ten opsigte van die voorafgaande tydperk van 12 maande geëindig 28 Februarie, wat deur die ouditeur gesertifiseer en deur die Voorsitter van die Begrafnisgenootskap medeonderteken moet word en saam met enige verslag daaroor deur die ouditeur aan die Raad voorgelê moet word.

(5) Die geouditeerde staat en balansstaat moet daarna op die kantoor van die Raad ter insae lê en afskrifte daarvan moet binne drie maande vanaf die sluiting van die tydperk waarop hulle betrekking het, aan die Direkteur-generaal van Mannekragbenutting voorgelê word.

Hierdie Ooreenkoms is namens die partye op hede die 6de dag van Augustus 1980 in Johannesburg onderteken.

A. J. M. GROENEWALD, Waarnemende Voorsitter van die Raad.

W. J. J. SMITH, Lid van die Raad.

P. S. SMIT, Sekretaris van die Raad.

(2) Every member shall notify the secretary of the death of any dependant. The secretary shall, as soon as possible, upon receiving information from any source of the death of a dependant, notify the member by letter or circular that benefits may be claimed upon application at an address specified by the Management Committee.

(3) In the event of the secretary not having been notified of the latest address of a member and the Management Committee not being able to trace the member at his/her last known address and no claim for benefits due in terms of this clause being made within a month of the proof of the death of a dependant, the Committee shall insert an advertisement in both official languages, in three successive issues of nog more than three daily newspapers circulating in the Republic of South Africa, one of which shall be a newspaper circulating in the district in which the member was normally resident, stating the fact that benefits are available for collection upon application by the member at an address specified by the Committee.

8. POWERS AND DUTIES OF THE COMMITTEE

(1) Subject to the approval of the Council the Committee shall direct the policy of the Burial Society and administer the general business and activities of the Burial Society in accordance with the provisions of this Chapter and, in so doing, the Committee shall take all such steps as it may deem necessary for, or which it considers will be conducive towards or will assist in the attainment of such object.

(2) The Committee shall collect and receive all revenue of the Burial Society and shall deposit all moneys so received without delay in a banking account opened in the name of the Burial Society. An official receipt shall be issued for all cash moneys received into the Burial Society and withdrawals from the Burial Society shall be by cheque signed by such persons as may, from time to time, be authorised by the Council, and countersigned by the secretary of the Burial Society.

In particular, the Committee may—

(a) realise, sell or otherwise dispose of or deal with any of the assets of the Burial Society;

(b) contract with an insurance company registered in terms of Act 27 of 1943, to underwrite all or any of the benefits prescribed in clause 5 of this Chapter.

(3) The Council shall have the power to prescribe, alter and amend its own rules of procedure for the Committee and to make, amend and alter rules governing the administration of the Burial Society: Provided that such rules or any amendment thereof shall not be inconsistent with the provisions of this Agreement or with the provisions of any other law. A copy of the rules and any amendment thereof shall be transmitted to the Director-general of Manpower Utilisation.

(4) In the event of the Management Committee being unable to perform its duties for any reason, the Council shall perform such duties and exercise its powers.

(5) Should a dispute arise at any time as to the administration of the Burial Society, in regard to which members of the Management Committee are equally divided, the matter shall be referred to the Council for a decision.

9. FINANCIAL CONTROL

(1) All expenses incurred in connection with the administration of the Burial Society shall be a charge against the Burial Society.

(2) Any moneys not required to meet current payments and expenses shall be invested as prescribed in clause 2 (6) of Chapter II of this Agreement.

(3) The financial year of the Burial Society shall end on 28 February of each year.

(4) As soon as possible after 28 February of each year the Burial Society shall prepare a statement of all revenue and expenditure of the Burial Society and a balance sheet showing the assets and liabilities in respect of the preceding period of 12 months ended 28 February, which shall be certified by the auditor and countersigned by the Chairman of the Burial Society and submitted to the Council with any report by the auditor thereon.

(5) The audited statement and balance sheet shall therafter lie for inspection at the office of the Council and copies therof shall within three months of the close of the period to which they relate be submitted to the Director-General of Manpower Utilisation.

This Agreement signed on behalf of the parties at Johannesburg this 6th day of August 1980.

A. J. M. GROENEWALD, Acting Chairman of the Council.

W. J. J. SMITH, Member of the Council.

P. C. SMIT, Secretary of the Council.

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAGBENUTTING

No. R. 367 27 Februarie 1981

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941

BEDDEGOEDNYWERHEID, TRANSVAAL.—VRYSTELLING VAN SIEKTEVERLOFBEPALINGS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, stel hierby, kragtens artikel 54 (1) van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, en met ingang van die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir sodanige tydperk of tydperke as wat die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 366 van 27 Februarie 1981, kragtens die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, bindend mag wees, alle werkgewers wat onderworpe is aan die bepalings van genoemde Ooreenkoms, vry van die vereistes van artikel 21A van eersgenoemde Wet, ten opsigte van werknemers wat ingevolge genoemde Ooreenkoms op siektebystand geregtig is.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAGBENUTTING

No. R. 368 27 Februarie 1981

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956

BEDDEGOEDNYWERHEID, TRANSVAAL.—INTREKKING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

Ek, Stephanus Petrus Botha, Minister van Mannekragbenutting, trek hierby, kragtens artikel 48 (5) van die Wet op Nywerheidsversoening, 1956, Goewermentskennisgewings R. 1954, R. 1955, R. 1956 en R. 1957 van 22 Oktober 1976, R. 1306 van 15 Julie 1977, R. 2121 van 21 Oktober 1977, R. 1713 van 25 Augustus 1978 en R. 1353 van 22 Junie 1979, in met ingang van die eerste Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

S. P. BOTHA, Minister van Mannekragbenutting.

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 367 27 February 1981

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941

BEDDING MANUFACTURING INDUSTRY, TRANSVAAL.—EXEMPTION FROM SICK LEAVE PROVISIONS

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 54 (1) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, and with effect from the first Monday after the date of publication of this notice and for such period or periods as the Agreement published under Government Notice R. 366 of 27 February 1981, may be binding in terms of the Industrial Conciliation Act, 1956, exempt all employers who are subject to the provisions of the said Agreement from the requirements of section 21A of the first-mentioned Act, in respect of employees who are entitled to sick pay in terms of the said Agreement.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

DEPARTMENT OF MANPOWER UTILISATION

No. R. 368 27 February 1981

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956

BEDDING MANUFACTURING INDUSTRY, TRANSVAAL.—CANCELLATION OF GOVERNMENT NOTICES

I, Stephanus Petrus Botha, Minister of Manpower Utilisation, hereby, in terms of section 48 (5) of the Industrial Conciliation Act, 1956, cancel Government Notices R. 1954, R. 1955, R. 1956 and R. 1957 of 22 October 1976, R. 1306 of 15 July 1977, R. 2121 of 21 October 1977, R. 1713 of 25 August 1978 and R. 1353 of 22 June 1979, with effect from the first Monday after the date of publication of this notice.

S. P. BOTHA, Minister of Manpower Utilisation.

INHOUD

No.		*Bladsy No.*	*Staatskoerant No.*
Mannekragbenutting, Departement van			
Algemene Kennisgewings			
R. 366	Wet op Nywerheidsversoening (28/1956): Beddegoednywerheid, Tvl.: Bystandsfondsooreenkoms	1	7445
R. 367	Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk (22/1941): Beddegoednywerheid, Tvl.: Vrystelling van siekteverlofbepalings	19	7445
R. 368	Intrekking van G.K.	19	7445

CONTENTS

No.		*Page No.*	*Gazette No.*
Manpower Utilisation, Department of			
General Notices			
R. 366	Industrial Conciliation Act (28/1956): Bedding Manufacturing Industry, Tvl: Benefit Funds Agreement	1	7445
R. 367	Factories, Machinery and Building Work Act (22/1941): Bedding Manufacturing Industry, Tvl: Exemption from sick leave provisions	19	7445
R. 368	Cancellation of G.N.	19	7445

7446
University of Technology
Together in Excellence

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 189] KAAPSTAD, 4 MAART 1981 CAPE TOWN, 4 MARCH 1981 [No. 7446

University of Pretoria
Together in Excellence

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 420. 4 Maart 1981.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 17 van 1981: Wysigingswet op die Spesiale Verdedigingsrekening, 1981.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 420. 4 March 1981.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 17 of 1981: Defence Special Account Amendment Act, 1981.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Defence Special Account Act, 1974, so as to substitute certain designations therein; and further regulate the administration of and accounting for moneys in the Special Defence Account and moneys paid therefrom; and to provide for incidental matters.

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 16 February 1981.)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 6 of 1974, as substituted by section 21 of Act 102 of 1976.

1. Section 1 of the Defence Special Account Act, 1974 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* moneys appropriated by Parliament by an appropriation or other Act for the requirements of the **[Department of Defence]** South African Defence Force if the Minister of Defence in consultation with the Minister of Finance deems it necessary in the public interest, and thereupon such moneys shall be deemed to have been appropriated by law for the account;".

Substitution of section 2 of Act 6 of 1974, as substituted by section 8 of Act 72 of 1975 and amended by section 22 of Act 102 of 1976.

2. The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

"Accounting for and utilization of moneys in the account.

2. (1) *(a)* Subject to the provisions of this Act, the moneys in the account shall be State moneys for the purposes of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act No. 66 of 1975), and the Chief of the South African Defence Force **[is, subject to the provisions of this Act, responsible for the administration of the account]**, as accounting officer of the South African Defence Force in terms of that Act, shall be charged with the responsibility of administering and accounting for the moneys in the account received by him and moneys paid from the account by him in connection with the special defence activities and purchases of the South African Defence Force referred to in paragraph *(a)* of subsection (2) and the expenditure referred to in paragraph *(b)* of that subsection.

(b) The chief executive officer of the Armaments Corporation of South Africa, Limited, established by section 2 of the Armaments Development and Production Act, 1968 (Act No. 57 of 1968) (hereinafter referred to as the Corporation), shall be charged with the responsibility of administering and accounting for moneys paid

WYSIGINGSWET OP DIE SPESIALE VERDEDIGINGSREKENING, 1981 **Wet No. 17, 1981**

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op die Spesiale Verdedigingsrekening, 1974, ten einde sekere benamings daarin te vervang; en die administrasie en verantwoording van geld in die Spesiale Verdedigingsrekening en geld daaruit betaal, nader te reël; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 16 Februarie 1981.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 1 van Wet 6 van 1974, soos vervang deur artikel 21 van Wet 102 van 1976.

1. Artikel 1 van die Wet op die Spesiale Verdedigingsrekening, 1974 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(b)* geld deur die Parlement by 'n Begrotingswet of ander Wet vir die behoeftes van die **[Departement van Verdediging]** Suid-Afrikaanse Weermag bewillig indien die Minister van Verdediging in oorleg met die Minister van Finansies dit in die openbare belang nodig ag, en daarop word sodanige geld geag by wet vir die rekening bewillig te gewees het;".

Vervanging van artikel 2 van Wet 6 van 1974, soos vervang deur artikel 8 van Wet 72 van 1975 en gewysig deur artikel 22 van Wet 102 van 1976.

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Verantwoording en aanwending van geld in die rekening.

2. (1) *(a)* Behoudens die bepalings van hierdie Wet, is die geld in die rekening Staatsgeld vir die doeleindes van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), en is die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag **[verantwoordelik vir die administrasie van die rekening]**, as rekenpligtige beampte van die Suid-Afrikaanse Weermag ingevolge daardie Wet, belas met die administrasie en verantwoording van die geld in die rekening deur hom ontvang en van geld deur hom uit die rekening betaal in verband met die spesiale verdedigingsaktiwiteite en -aankope van die Suid-Afrikaanse Weermag in paragraaf *(a)* van subartikel (2) bedoel en die uitgawes in paragraaf *(b)* van daardie subartikel bedoel.

(b) Die hoof- uitvoerende beampte van die Krygstuigkorporasie van Suid-Afrika, Beperk, ingestel by artikel 2 van die Wet op Krygstuigontwikkeling en -vervaardiging, 1968 (Wet No. 57 van 1968) (hieronder die Korporasie genoem), is belas met die administrasie en verantwoording van geld deur die Korporasie uit die rekening

from the account by the Corporation in connection with its special defence activities and purchases referred to in subsection (2) *(a)* of this section.

(c) The provisions of the Armaments Development and Production Act, 1968, shall, subject to the provisions of section 5 of this Act, apply in respect of the expenditure incurred by the Corporation from the account and the administration of and accounting for the moneys paid therefrom by it, to the exclusion of the provisions of the Exchequer and Audit Act, 1975, except, in so far as the auditing by the Auditor-General in terms of the said section 5 is concerned, the provisions of sections 42 (7) and 45 (1), (1A) and (2) thereof.

(2) The moneys in the account shall—

(a) with the approval of the Minister of Finance be utilized to defray the expenditure incurred in connection with such special defence activities and purchases of the **[Department of Defence, and the Armaments Board established by section 2 of the Armaments Act, 1964 (Act No. 87 of 1964)]** South African Defence Force and the Corporation as the Minister of Defence may from time to time approve;

(b) if the account has been credited with moneys referred to in section 1 *(b)*, also be utilized to defray any expenditure which would normally have been defrayed by the **[Department of Defence]** South African Defence Force out of moneys appropriated by the appropriation or other Act in question.

(3) Payments for the said special defence activities and purchases of the **[Department of Defence]** South African Defence Force shall be made by **[that Department]** the South African Defence Force, and payments for the said special defence activities and purchases of the **[Armaments Board referred to in subsection (2)]** Corporation shall be made by **[that Board]** the Corporation.

(4) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, the banking account for moneys in the account shall be kept in the Paymaster-General's Account of the Treasury and the payments referred to in subsection (3) shall be made from the latter account: Provided that the **[Secretary to the Treasury]** Director-General: Finance, or any person in the Department of Finance designated by him, may authorize a person or persons employed by the **[Department or Armaments Board referred to in subsection (2)]** South African Defence Force or the Corporation to sign warrant vouchers necessary for the said payments.".

Short title and commencement.

3. This Act shall be called the Defence Special Account Amendment Act, 1981, and shall be deemed to have come into operation on 1 April 1980.

University of Pretoria
Together in Excellence

betaal in verband met sy spesiale verdedigingsaktiwiteite en -aankope in subartikel (2) *(a)* van hierdie artikel bedoel.

(c) Die bepalings van die Wet op Krygstuigontwikkeling en -vervaardiging, 1968, is, behoudens die bepalings van artikel 5 van hierdie Wet, ten opsigte van die uitgawes deur die Korporasie uit die rekening aangegaan en die administrasie en verantwoording van die geld deur hom daaruit betaal, van toepassing tot uitsluiting van die bepalings van die Skatkis- en Ouditwet, 1975, behalwe, vir sover dit die ouditering deur die Ouditeur-generaal ingevolge genoemde artikel 5 betref, die bepalings van artikels 42 (7) en 45 (1), (1A) en (2) daarvan.

(2) Die geld in die rekening word—

(a) met die goedkeuring van die Minister van Finansies aangewend ter bestryding van die uitgawes aangegaan in verband met dié spesiale verdedigingsaktiwiteite en -aankope van die **[Departement van Verdediging en die Krygstuigraad ingestel by artikel 2 van die Krygstuigwet, 1964 (Wet No. 87 van 1964)]** Suid-Afrikaanse Weermag en die Korporasie wat die Minister van Verdediging van tyd tot tyd goedkeur;

(b) indien die rekening met geld bedoel in artikel 1 *(b)* gekrediteer is, ook aangewend ter bestryding van enige uitgawes wat normaalweg uit geld wat by die betrokke Begrotingswet of ander Wet bewillig is deur die **[Departement van Verdediging]** Suid-Afrikaanse Weermag bestry sou word.

(3) Betalings vir genoemde spesiale verdedigingsaktiwiteite en -aankope van die **[Departement van Verdediging]** Suid-Afrikaanse Weermag word deur **[daardie Departement]** die Suid-Afrikaanse Weermag gemaak, en betalings vir genoemde spesiale verdedigingsaktiwiteite en -aankope van die **[in subartikel (2) bedoelde Krygstuigraad]** Korporasie word deur **[daardie Raad]** die Korporasie gemaak.

(4) Ondanks andersluidende wetsbepalings word die bankrekening vir geld in die rekening in die Betaalmeestergeneraalrekening van die Tesourie gehou en word die in subartikel (3) bedoelde betalings uit laasgenoemde rekening gemaak: Met dien verstande dat die **[Sekretaris van die Tesourie]** Direkteur-generaal: Finansies, of iemand in die Departement van Finansies deur hom aangewys, 'n persoon of persone in diens van die **[in subartikel (2) bedoelde Departement of Krygstuigraad]** Suid-Afrikaanse Weermag of die Korporasie kan magtig om die skatkisorders wat nodig is vir bedoelde betalings, te teken.".

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Spesiale Verdedigingsrekening, 1981, en word geag op 1 April 1980 in werking te getree het. Kort titel en inwerkingtreding.

7447

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 189] KAAPSTAD, 4 MAART 1981 CAPE TOWN, 4 MARCH 1981 [No. 7447

University of Port Elizabeth
Together in Excellence

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 421. 4 Maart 1981.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 18 van 1981: Wysigingswet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1981.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 421. 4 March 1981.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 18 of 1981: Subdivision of Agricultural Land Amendment Act, 1981.

Act No. 18, 1981 SUBDIVISION OF AGRICULTURAL LAND AMENDMENT ACT, 1981

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Subdivision of Agricultural Land Act, 1970, so as further to define "agricultural land", to substitute the definition of "Minister", to insert a definition of "sale" and "sold" and to delete the definition of "Secretary"; to assign certain functions to the Minister of Agriculture and Fisheries; to delete all references to the Secretary; to limit the categories of persons who may apply for the consent of the Minister to certain acts in regard to agricultural land; to empower the Minister to determine the place of lodging of applications for that consent; to authorize a Registrar of Deeds to register certain additional servitudes in respect of the land concerned without the written consent of the Minister; to provide that certain restrictive conditions which have been noted on title deeds of the land concerned shall for the purposes of the variation or cancellation of those conditions be deemed to have been so noted in favour of the Minister; and to provide for matters connected therewith.

University of Pretoria
Together in Excellence

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 16 February 1981.*)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 70 of 1970, as amended by section 1 of Act 55 of 1972, section 1 of Act 18 of 1977 and section 1 of Act 12 of 1979.

1. Section 1 of the Subdivision of Agricultural Land Act, 1970 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph *(b)* of the definition of "agricultural land" of the following paragraph:

"*(b)* land—

(i) **[forming]** which forms part of any area subdivided in terms of the Agricultural Holdings (Transvaal) Registration Act, 1919 (Act No. 22 of 1919); or

(ii) **[being]** which is a township as defined in section 102 (1) of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937), but excluding a private township as defined in section 1 of the Town Planning Ordinance, 1949 (Ordinance No. 27 of 1949 of Natal), not situated in an area of jurisdiction or a public health area referred to in paragraph *(a)*;";

(b) by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:

"'Minister' means the Minister of Agriculture and Fisheries;";

WYSIGINGSWET OP DIE ONDERVERDELING VAN LANDBOUGROND, 1981 **Wet No. 18, 1981**

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970, ten einde ,,landbougrond'' nader te omskryf, die omskrywing van ,,Minister'' te vervang, 'n omskrywing van ,,verkoop'' in te voeg en die omskrywing van ,,Sekretaris'' te skrap; sekere werksaamhede aan die Minister van Landbou en Visserye op te dra; alle verwysings na die Sekretaris te skrap; die kategorieë persone wat aansoek kan doen om die toestemming van die Minister tot sekere handelinge met betrekking tot landbougrond, te beperk; aan die Minister die bevoegdheid te verleen om die plek van inlewering van aansoeke om die vermelde toestemming, te bepaal; 'n Registrateur van Aktes te magtig om sekere bykomende serwitute ten opsigte van die betrokke grond te registreer sonder die skriftelike toestemming van die Minister; te bepaal dat sekere beperkende voorwaardes wat op titelbewyse van die betrokke grond aangeteken is, vir die doeleindes van die wysiging of rojering van daardie voorwaardes geag word ten gunste van die Minister aldus aangeteken te gewees het; en voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 16 Februarie 1981.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 1 van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1970 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig— Wysiging van artikel 1 van Wet 70 van 1970, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 55 van 1972, artikel 1 van Wet 18 van 1977 en artikel 1 van Wet 12 van 1979.

(a) deur paragraaf *(b)* van die omskrywing van ,,landbougrond'' deur die volgende paragraaf te vervang:

,,*(b)* grond wat—

(i) deel uitmaak van 'n gebied wat ingevolge die Landbouwhoeven (Transvaal) Registratie Wet, 1919 (Wet No. 22 van 1919), onderverdeel is; of **[wat]**

(ii) 'n dorp is soos omskryf in artikel 102 (1) van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), maar uitgesonderd 'n privaatdorp soos omskryf in artikel 1 van die Dorpsbeplanningsordonnansie, 1949 (Ordonnansie No. 27 van 1949 van Natal), wat nie in 'n regsgebied of 'n openbare gesondheidsgebied vermeld in paragraaf *(a)* geleë is nie;'';

(b) deur die omskrywing van ,,Minister'' deur die volgende omskrywing te vervang:

,,'Minister' die Minister van Landbou en Visserye;'';

(c) by the insertion after the definition of "right" of the following definition:

"'sale' includes a sale subject to a suspensive condition; and 'sold' shall have a corresponding meaning;" and

(d) by the deletion of the definition of "Secretary".

Amendment of section 4 of Act 70 of 1970, as amended by section 4 of Act 55 of 1972 and section 4 of Act 18 of 1977.

2. Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) *(a)* Any application for the consent of the Minister for the purposes of section 3 shall—

(i) in the case where any act referred to in paragraphs *(a)* to *(e)* of that section is contemplated, be made by the owner of the land concerned;

(ii) be lodged **[with the Secretary]** in such place and **[shall]** be in such form and be accompanied by such plans, documents and information as **[are]** may be determined by the **[Secretary]** Minister.

(b) For the purposes of paragraph *(a)* "owner" shall have the meaning assigned to it in section 102 of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937).".

Amendment of section 6A of Act 70 of 1970, as inserted by section 6 of Act 55 of 1972 and amended by section 6 of Act 18 of 1977.

3. Section 6A of the principal Act is hereby amended by the insertion after paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a*A*)* a servitude which is supplementary to a servitude referred to in paragraph *(a)*, and which has a servitude area not exceeding 225 square metres which adjoins the area of the last-mentioned servitude;".

University of Pretoria Together in Excellence

Amendment of section 7 of Act 70 of 1970.

4. Section 7 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the word "Secretary" of the word "Minister".

Amendment of section 8 of Act 70 of 1970, as amended by section 7 of Act 55 of 1972 and section 7 of Act 18 of 1977.

5. Section 8 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) The Minister may delegate to **[the Secretary or]** any **[other]** officer in the Public Service any power conferred upon him by this Act, excluding a power referred to in section 10, but shall not be divested of any power delegated by him, and may vary or withdraw any decision of **[the Secretary or]** any such officer upon application by any person affected and feeling aggrieved by such decision."; and

(b) by the deletion in paragraph *(b)* of subsection (3) of the words "the Secretary or".

Amendment of section 11 of Act 70 of 1970, as substituted by section 8 of Act 55 of 1972 and amended by section 4 of Act 19 of 1974 and section 8 of Act 18 of 1977.

6. Section 11 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* hinders or obstructs in the performance of his functions any **[other]** person acting under an authority **[from the Secretary]** in terms of section 7;".

Amendment of section 13 of Act 70 of 1970, as substituted by section 9 of Act 18 of 1977.

7. Section 13 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1):

"(2) A restrictive condition, in favour of the State, a Minister of State, an Administrator (including the Adminis-

(c) deur die omskrywing van ,,Sekretaris'' te skrap; en

(d) deur die volgende omskrywing na die omskrywing van ,,uitvoerende komitee'' in te voeg:

,,,verkoop' ook 'n verkoop onderworpe aan 'n opskortende voorwaarde; en het ,verkoop', wanneer dit as 'n werkwoord gebruik word, 'n ooreenstemmende betekenis;''.

2. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 4 van Wet 70 van 1970, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 55 van 1972 en artikel 4 van Wet 18 van 1977.

,,(1) *(a)* 'n Aansoek om die toestemming van die Minister vir die doeleindes van artikel 3 moet—

(i) in die geval waar 'n handeling vermeld in paragrawe *(a)* tot *(e)* van daardie artikel beoog word, gedoen word deur die eienaar van die betrokke grond;

(ii) **[by die Sekretaris]** ingelewer word by dié plek en **[moet]** in dié vorm wees en vergesel gaan van dié planne, stukke en inligting wat **[genoemde Sekretaris]** die Minister bepaal.

(b) By die toepassing van paragraaf *(a)* het ,,eienaar'' die betekenis wat in artikel 102 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), daaraan toegeskryf is.''.

3. Artikel 6A van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf na paragraaf *(a)* van subartikel (1) in te voeg: Wysiging van artikel 6A van Wet 70 van 1970, soos ingevoeg deur artikel 6 van Wet 55 van 1972 en gewysig deur artikel 6 van Wet 18 van 1977.

,,*(a*A*)* 'n serwituut wat aanvullend is by 'n serwituut in paragraaf *(a)* vermeld, en wat 'n serwituutgebied van hoogstens 225 vierkante meter het wat aan die gebied van laasgenoemde serwituut grens;''.

4. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord ,,Sekretaris'' deur die woord ,,Minister'' te vervang. Wysiging van artikel 7 van Wet 70 van 1970.

5. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 8 van Wet 70 van 1970, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 55 van 1972 en artikel 7 van Wet 18 van 1977.

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(1) Die Minister kan 'n bevoegdheid wat by hierdie Wet aan hom verleen is, uitgesonderd 'n bevoegdheid in artikel 10 bedoel, aan **[die Sekretaris of]** 'n **[ander]** beampte in die Staatsdiens delegeer, maar word nie van 'n bevoegdheid wat hy gedelegeer het, ontdoen nie, en kan 'n beslissing van **[die Sekretaris of]** so 'n beampte wysig of intrek op aansoek van iemand wat deur dié beslissing geraak word en homself daardeur veronreg voel.''; en

(b) deur in paragraaf *(b)* van subartikel (3) die woorde ,,die Sekretaris of'' te skrap.

6. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang: Wysiging van artikel 11 van Wet 70 van 1970, soos vervang deur artikel 8 van Wet 55 van 1972 en gewysig deur artikel 4 van Wet 19 van 1974 en artikel 8 van Wet 18 van 1977.

,,*(b)* iemand **[anders]** wat kragtens magtiging **[van die Sekretaris]** ingevolge artikel 7 optree, by die verrigting van sy werksaamhede hinder of belemmer;''.

7. Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word: Wysiging van artikel 13 van Wet 70 van 1970, soos vervang deur artikel 9 van Wet 18 van 1977.

,,(2) 'n Beperkende voorwaarde, ten gunste van die Staat, 'n Staatsminister, 'n Administrateur (met inbegrip

trator of the territory of South West Africa), an officer, the general public or any person, in connection with the use of agricultural land or the manner in which such land may be dealt with, which has by virtue of a permit or similar document referred to in subsection (1) been noted on the title deed of the land, shall for the purposes of the variation or cancellation of that condition be deemed to have been so noted in favour of the Minister.".

Short title.

8. This Act shall be called the Subdivision of Agricultural Land Amendment Act, 1981.

University of Fort Hare
Together in Excellence

van die Administrateur van die gebied Suidwes-Afrika), 'n beampte, die algemene publiek of 'n persoon, in verband met die gebruik van landbougrond of die wyse waarop daar met sodanige grond gehandel mag word, wat uit hoofde van 'n permit of soortgelyke stuk vermeld in subartikel (1) op die titelbewys van die grond aangeteken is, word vir die doeleindes van die wysiging of rojering van daardie voorwaarde geag ten gunste van die Minister aldus aangeteken te gewees het.".

8. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1981. Kort titel.

University of Fort Hare
Together in Excellence

7448

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

University of Fort Hare
Together in Excellence

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 189] KAAPSTAD, 4 MAART 1981 CAPE TOWN, 4 MARCH 1981 [No. 7448

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 422. 4 Maart 1981.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 19 van 1981: Wysigingswet op Fondsinsameling, 1981.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 422. 4 March 1981.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 19 of 1981: Fund-raising Amendment Act, 1981.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Fund-raising Act, 1978, so as to extend the objects of the board of the South African Defence Force Fund to provide facilities to former members also; and to provide for matters connected therewith.

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 16 February 1981.*)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 18 of Act 107 of 1978, as amended by section 4 of Act 41 of 1980.

1. Section 18 of the Fund-raising Act, 1978, is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* the board of the South African Defence Force Fund shall be, with due regard to the financial position of that Fund and the requirements of each case, to render such aid as the board may deem fair and reasonable to members and former members of the South African Defence Force and of auxiliary services established and designated in accordance with section 80 (1) of the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957), and their dependants who suffer financial hardship or financial distress arising, directly or indirectly, out of any service or duties contemplated in section 3 (2) of the Defence Act, 1957, performed by such members, and to provide facilities to or for such members and former members who perform or performed such service or duties;".

Short title and commencement.

2. This Act shall be called the Fund-raising Amendment Act, 1981, and shall be deemed to have come into operation on 1 September 1979.

University of Fort Hare
Together in Excellence

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op Fondsinsameling, 1978, ten einde die oogmerke van die raad van die Suid-Afrikaanse Weermagfonds uit te brei om geriewe ook aan voormalige lede te voorsien; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 16 Februarie 1981.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 18 van Wet 107 van 1978, soos gewysig deur artikel 4 van Wet 41 van 1980.

1. Artikel 18 van die Wet op Fondsinsameling, 1978, word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(b)* die raad van die Suid-Afrikaanse Weermagfonds is om, met behoorlike inagneming van die geldelike toestand van bedoelde Fonds en die vereistes van elke geval, die hulp wat die raad billik en redelik ag, te verleen aan lede en voormalige lede van die Suid-Afrikaanse Weermag en van hulpdienste ingestel en aangewys ooreenkomstig artikel 80 (1) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), en hul afhanklikes wat geldelike ontbering ondervind of geldelike nood ly wat regstreeks of onregstreeks ontstaan as gevolg van enige diens of pligte bedoel in artikel 3 (2) van die Verdedigingswet, 1957, deur sodanige lede verrig, en om geriewe te voorsien vir of aan sodanige lede en voormalige lede wat sodanige diens of pligte verrig of verrig het;".

Kort titel en inwerkingtreding.

2. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Fondsinsameling, 1981, en word geag op 1 September 1979 in werking te getree het.

University of Fort Hare
Together in Excellence

7449
University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 189] KAAPSTAD, 4 MAART 1981 CAPE TOWN, 4 MARCH 1981 [No. 7449

University of Fort Hare
Together in Excellence

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 423. 4 Maart 1981.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 20 van 1981: Wysigingswet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1981.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 423. 4 March 1981.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 20 of 1981: Medicines and Related Substances Control Amendment Act, 1981.

Act No. 20, 1981 MEDICINES AND RELATED SUBSTANCES CONTROL AMENDMENT ACT, 1981

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Medicines and Related Substances Control Act, 1965, with respect to certain definitions; so as to provide for the amendment of entries in the medicines register; to provide for the transfer of certain certificates of registration; and to alter certain designations; and to provide for incidental matters.

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 16 February 1981.*)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 101 of 1965, as amended by section 1 of Act 17 of 1979.

1. Section 1 of the Medicines and Related Substances Control Act, 1965 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the definiton of "advertisement" of the following paragraph:

"*(a)* appearing in any newspaper, magazine, pamphlet or other publication; or";

(b) by the insertion in that subsection after the definition of "approved name" of the following definition:

"'certificate of registration' means a certificate of registration issued under section 15 (4), 15A (4) or 15B (4);";

(c) by the insertion in that subsection after the definition of "dentist" of the following definition:

"'Director-General' means the Director-General: Health, Welfare and Pensions;";

(d) by the substitution in that subsection for the definition of "Minister" of the following definition:

"'Minister' means the Minister of Health, Welfare and Pensions;";

(e) by the insertion in that subsection after the definition of "prescribed" of the following definition:

"'public' includes a section of the public concerned with manufacturing, dispensing, selling or administering, or the issue of prescriptions for, medicines or a Scheduled substance;";

(f) by the deletion in that subsection of the definition of "Secretary"; and

(g) by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) A medicine shall, notwithstanding the fact that its components are identical to those of any other medicine as to physical characteristics, quantity and quality, for the purpose of this Act not be regarded as

WYSIGINGSWET OP DIE BEHEER VAN MEDISYNE EN VERWANTE STOWWE, 1981 **Wet No. 20, 1981**

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965, betreffende sekere woordomskrywings; ten einde vir die wysiging van inskrywings in die medisyne-register voorsiening te maak; vir die oordrag van sekere registrasiesertifikate voorsiening te maak; en sekere benamings te verander; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 16 Februarie 1981.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 1 van die Wet op die Beheer van Medisyne en Verwante Stowwe, 1965 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig— Wysiging van artikel 1 van Wet 101 van 1965, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 17 van 1979.

(a) deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* van die omskrywing van ,,advertensie'' deur die volgende paragraaf te vervang:

,,*(a)* wat in 'n nuusblad, tydskrif, pamflet of ander publikasie verskyn; of'';

(b) deur in daardie subartikel na die omskrywing van ,,die gebied'' die volgende omskrywing in te voeg:

,,'Direkteur-generaal' die Direkteur-generaal: Gesondheid, Welsyn en Pensioene;'';

(c) deur in daardie subartikel die omskrywing van ,,Minister'' deur die volgende omskrywing te vervang:

,,'Minister' die Minister van Gesondheid, Welsyn en Pensioene;'';

(d) deur in daardie subartikel na die omskrywing van ,,patoloog'' die volgende omskrywing in te voeg:

,,'publiek' ook 'n seksie van die publiek wat met die vervaardiging, toebereiding, verkoop of toediening van, of die uitreiking van voorskrifte vir, medisyne of 'n gelyste stof gemoeid is;'';

(e) deur in daardie subartikel die omskrywing van ,,Sekretaris'' te skrap;

(f) deur in daardie subartikel na die omskrywing van ,,register'' die volgende omskrywing in te voeg:

,,'registrasiesertifikaat' 'n registrasiesertifikaat kragtens artikel 15 (4), 15A (4) of 15B (4) uitgereik;''; en

(g) deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(2) 'n Medisyne word by die toepassing van hierdie Wet nie geag dieselfde medisyne as ander medisyne te wees nie, al is die bestanddele daarvan wat betref fisiese eienskappe, hoeveelheid en gehalte dieselfde as dié

being the same medicine as that other medicine if registration thereof is not applied for by the **[same applicant as]** holder of the certificate of registration issued in respect of that other medicine.".

Substitution of section 13 of Act 101 of 1965.

2. The following section is hereby substituted for section 13 of the principal Act:

"Medicines register.

13. The registrar shall keep in the prescribed form a register, to be known as the medicines register, in which he shall register all medicines the registration of which has been approved by the council, and in which he shall enter all such particulars in regard to such medicines and the holder of the certificate of registration in respect of such medicines as are required by this Act to be entered therein.".

Insertion of sections 15A and 15B in Act 101 of 1965.

3. The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 15:

"Amendment of entries in register.

15A. (1) The entry made in the register with respect to any medicine may on application by the holder of the certificate of registration issued in respect of such medicine be amended by the registrar with the approval of the council.

(2) Application for the amendment of an entry in the register shall be made to the registrar on the prescribed form and shall be accompanied by the prescribed application fees.

(3) The registrar shall as soon as possible after the receipt of any such application submit the application to the council for consideration.

(4) If the council grants its approval in respect of any application submitted to it in terms of subsection (3) the registrar shall make the required amendments in the register and, if necessary, cancel the existing certificate of registration in respect of such medicine and issue a new certificate of registration on the prescribed form to the applicant in respect of such medicine.

Transfer of certificates of registration.

15B. (1) A certificate of registration may with the approval of the council be transferred by the holder thereof to any other person.

(2) Application for approval of the transfer of a certificate of registration shall be made to the registrar on the prescribed form and shall be accompanied by the certificate of registration in question and the prescribed application fees.

(3) The registrar shall as soon as practicable after the receipt of any such application submit the application to the council for consideration.

(4) If the council grants any application submitted to it in terms of subsection (3) the registrar shall make the necessary entries in the register relating to the person to whom the certificate of registration is transferred, cancel the existing certificate of registration and issue a new certificate of registration on the prescribed form to such person in respect of the relevant medicine.".

Amendment of section 16 of Act 101 of 1965, as amended by section 3 of

4. Section 16 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If the council—

van daardie ander medisyne, indien aansoek om die registrasie daarvan nie deur **[dieselfde aansoeker as daardie ander medisyne gedoen is nie]** die houer van die registrasiesertifikaat wat ten opsigte van daardie ander medisyne uitgereik is, gedoen word nie.".

2. Artikel 13 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: Vervanging van artikel 13 van Wet 101 van 1965.

,,Medisyne-register.

13. Die registrateur moet in die voorgeskrewe vorm 'n register, bekend as die medisyne-register, hou, waarin hy alle medisyne waarvan die registrasie deur die raad goedgekeur is, moet registreer en waarin hy al die besonderhede met betrekking tot sodanige medisyne en die houer van die registrasiesertifikaat ten opsigte van daardie medisyne moet aanteken wat ingevolge hierdie Wet daarin aangeteken moet word.".

3. Die volgende artikels word hierby in die Hoofwet na artikel 15 ingevoeg: Invoeging van artikels 15A en 15B in Wet 101 van 1965.

,,Wysiging van inskrywings in register.

(e) hy sonder verlof van die raad van drie agtereenvolgende vergaderings van die raad afwesig was;

(f) hy ingevolge subartikel (2) van sy amp onthef word.

(2) 'n Ingevolge artikel 5 (1) *(a)* of *(b)* aangestelde lid van die raad kan te eniger tyd deur die Minister van sy amp onthef word indien die Minister van oordeel is dat daar gegronde redes bestaan om dit te doen.

Vergaderings van die raad.

9. (1) Die eerste vergadering van die raad word gehou op 'n tyd en plek wat die Minister bepaal, en daaropvolgende vergaderings word minstens twee keer elke jaar gehou op die tye en plekke wat die voorsitter bepaal.

(2) Die voorsitter of waarnemende voorsitter van die raad kan te eniger tyd, en moet op versoek van minstens drie lede van die raad, 'n spesiale vergadering van die raad byeenroep, wat gehou moet word op die tyd en plek wat hy bepaal: Met dien verstande dat 'n vergadering wat byeengeroep word op versoek van minstens drie lede van die raad, binne veertien dae vanaf die datum van die versoek gehou moet word.

Kworum vir vergaderings van die raad, meerderheidsbesluite en voorsitter se beslissende stem.

10. (1) Die kworum vir 'n vergadering van die raad is vyf lede daarvan, mits minstens twee van die in artikel 5 (1) *(a)* en minstens twee van die in artikel 5 (1) *(c)* bedoelde lede op daardie vergadering aanwesig is.

(2) Alle besluite op 'n vergadering van die raad geskied by meerderheidsbesluit van die aanwesige lede, en by 'n staking van stemme het die voorsitter, maar nie die persoon wat ingevolge artikel 6 (2) as voorsitter waarneem nie, 'n beslissende stem benewens sy beraadslagende stem as lid van die raad.

(3) Geen besluit of handeling van die raad of handeling op gesag van die raad verrig, is ongeldig nie bloot vanweë die feit dat iemand wat onbevoeg is om as lid van die raad aangestel te word of aan te bly, te goeder trou as lid opgetree het op die tydstip toe daardie besluit aangeneem is of daardie handeling verrig of gemagtig is.

University of Fort Hare
Together in Excellence

General manager of the company.

11. (1) The board shall on such conditions as it may determine appoint a juristic person or a person who is not a member of the board as the general manager of the company.

(2) The general manager shall—

(a) carry out, manage and control the work of the company in accordance with the directions of the board;

(b) exercise supervision over the employees of the company;

(c) furnish the board, as and when it so requires, with reports on the work of the company and with statements reflecting its financial position.

(3) The general manager shall, out of the funds of the company, receive such remuneration and allowances and shall be appointed for such period as the board may determine.

Share capital.

12. The authorized share capital of the company shall be seven million rand and shall be divided into—

(a) three million five hundred thousand ordinary shares of one rand each to be subscribed at par by the Minister;

(b) three million five hundred thousand ordinary shares of one rand each to be subscribed at par by the Foundation.

Issue of shares.

13. (1) There shall, on the fixed date, be issued by the company and be taken up by the Minister so many of the shares mentioned in section 12 *(a)* as are equivalent in value to an amount equal to the value as at the fixed date, as determined by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance and the Foundation, of the movable property (timber stocks excluded) and immovable property held by the State on that date in connection with its sawmill known as the Tweefontein State Sawmill, which amount shall be deemed to be an amount paid by the Minister in respect of the shares so issued and taken up.

(2) The balance of the shares mentioned in section 12 *(a)* shall, on such date or dates as may be agreed upon by the Minister and the Foundation, be issued by the company and be taken up by the Minister and be paid for out of moneys appropriated by Parliament.

(3) There shall, on the fixed date, be issued by the company and be taken up by the Foundation so many of the shares mentioned in section 12 *(b)* as are equivalent in value to an amount equal to the value as at the fixed date, as agreed upon by the Minister and the Foundation, of the movable property (timber stocks excluded) and immovable property held by the Foundation on that date in connection with its enterprises known as the H.M. Timber Structures (Proprietary) Limited and the Northern Timber Marketing Company (Proprietary) Limited at Sabie, which amount shall be deemed to be an amount paid by the Foundation in respect of the shares so issued and taken up.

(4) The balance of the shares mentioned in section 12 *(b)* shall on such date or dates as may be agreed upon by the Minister and the Foundation, be issued by the company and be taken up and be paid for by the Foundation.

Granting of loans to company.

14. In order to provide for the funds required by the company for the purpose of achieving its objects—

(a) the State shall, on such conditions as the Minister may with the concurrence of the Minister of Finance determine, grant to the company on the fixed date or, if it becomes necessary, at any time after that date, a loan the amount of which shall be likewise determined; and

(b) the Foundation shall, on such conditions as may be agreed upon by the Minister and the Foundation, grant to the company on the fixed date or, if it becomes necessary, at any time after that date, a loan the amount of which shall be likewise agreed upon.

Hoofbestuurder van die maatskappy

11. (1) Die raad stel 'n regspersoon of iemand wat nie 'n lid van die raad is nie, op die voorwaardes wat die raad bepaal as hoofbestuurder van die maatskappy aan.

(2) Die hoofbestuurder moet—

(a) die werk van die maatskappy ooreenkomstig die voorskrifte van die raad uitvoer, bestuur en beheer;

(b) toesig oor die werknemers van die maatskappy hou;

(c) die raad, so dikwels hy dit verlang, van verslae oor die werk van die maatskappy en van state wat die finansiële toestand van die maatskappy aangee, voorsien.

(3) Die hoofbestuurder ontvang uit die fondse van die maatskappy die besoldiging en toelaes, en word aangestel vir die tydperk, wat die raad bepaal.

Aandelekapitaal

12. Die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy is sewemiljoen rand en word verdeel in—

(a) driemiljoen vyf-honderdduisend gewone aandele van een rand elk wat teen pari deur die Minister opgeneem word;

(b) driemiljoen vyfhonderdduisend gewone aandele van een rand elk wat teen pari deur die Stigting opgeneem word.

Uitreiking van aandele.

13. (1) Daar word op die vasgestelde datum soveel van die in artikel 12 *(a)* genoemde aandele deur die maatskappy uitgereik en deur die Minister opgeneem as wat gelykwaardig is aan 'n bedrag gelyk aan die waarde op die vasgestelde datum, soos deur die Minister met die instemming van die Minister van Finansies en die Stigting bepaal, van die roerende eiendom (uitgesonderd houtvoorrade) en onroerende eiendom wat die Staat op daardie datum in verband met sy saagmeul bekend as die Tweefontein-staatsaagmeul in sy besit het, watter bedrag geag word 'n bedrag te wees wat deur die Minister ten opsigte van die aandele aldus uitgereik en opgeneem, betaal is.

(2) Die saldo van die in artikel 12 *(a)* genoemde aandele word op sodanige datum of datums as waaroor deur die Minister en die Stigting ooreengekom mag word, deur die maatskappy uitgereik en deur die Minister opgeneem en betaal uit geld wat deur die Parlement beskikbaar gestel is.

(3) Daar word op die vasgestelde datum soveel van die in artikel 12 *(b)* genoemde aandele deur die maatskappy uitgereik en deur die Stigting opgeneem as wat gelykwaardig is aan 'n bedrag gelyk aan die waarde op die vasgestelde datum, soos deur die Minister en die Stigting ooreengekom, van die roerende eiendom (uitgesonderd houtvoorrade) en onroerende eiendom wat die Stigting op daardie datum in verband met sy ondernemings bekend as die „H.M. Timber Structures (Proprietary) Limited" en die „Northern Timber Marketing Company (Proprietary) Limited" te Sabie in sy besit het, watter bedrag geag word 'n bedrag te wees wat deur die Stigting ten opsigte van die aandele aldus uitgereik en opgeneem, betaal is.

(4) Die saldo van die in artikel 12 *(b)* genoemde aandele word op sodanige datum of datums as waaroor deur die Minister en die Stigting ooreengekom mag word, deur die maatskappy uitgereik en deur die Stigting opgeneem en betaal.

Toestaan van leenings aan maatskappy

14. Ten einde voorsiening te maak vir die fondse benodig deur die maatskappy ter verwesenliking van sy oogmerke—

(a) moet die Staat op die voorwaardes wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal, aan die maatskappy op die vasgestelde datum of, indien dit na daardie datum nodig word, te eniger tyd na daardie datum, 'n lening toestaan waarvan die bedrag insgelyks bepaal word; en

(b) moet die Stigting op die voorwaardes waarop die Minister en die Stigting ooreengekom het, aan die maatskappy op die vasgestelde datum of, indien dit nodig word, te eniger tyd na daardie datum, 'n lening toestaan waarvan die bedrag gelyk is aan die bedrag waartoe insgelyks ooreengekom is.

Power of company to borrow money

15. The board may with the approval of the Minister, given after consultation with the Minister of Finance, borrow money from any source.

Restriction on loans to and borrowing by company.

16. The aggregate of the amount of any loan granted in terms of section 14 and the total amount borrowed under section 15 shall at no time exceed an amount equal to seventy-five per cent of the authorized share capital of the company.

Transfer of shares.

17. (1) The shares held by the Minister in terms of section 13 (1) or (2) shall not be transferred by the Minister except under the authority of an Act of Parliament, and shall be so transferred to a person other than the Foundation only if the Foundation does not wish to acquire such shares.

(2) The Foundation shall only transfer shares held by it in terms of section 13 (3) or (4) to any person other than the Minister, if the Minister does not desire to acquire such shares.

Appropriation of profits.

18. Subject to the provisions of section 19, distributable profits shall be divided *pro rata* between the holders of the shares.

Establishment of reserve fund.

19. The board may with the approval of the Minister and in accordance with such conditions as he may by notice in the *Gazette* prescribe, establish and maintain any reserve fund which it may consider necessary in the interests of the company.

Certain State land to vest in company

20. (1) *(a)* All State land, and all surface rights held by the Department of Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation under any surface right permit, which are utilized by the State for the purposes of its sawmill known as the Tweefontein State Sawmill shall, after the necessary subdivision and on a date to be fixed by the Minister, vest, in so far as the Minister may determine and subject to such conditions as the Minister of Community Development and State Auxiliary Services may determine, in the company, and the mining commissioner concerned, shall, in the case of such surface rights, effect the necessary amendments in his registers of surface right permits.

(b) All land of the Foundation, and all surface rights held by the Foundation under any surface right permit, which are utilized by the Foundation for the purposes of its sawmill known as the H.M. Timber Structures (Proprietary) Limited at Sabie, shall, on the fixed date, vest in the company, and the mining commissioner concerned, shall, in the case of such surface rights, effect the necessary amendments in his registers of surface right permits.

(2) Any right of servitude in favour of land referred to in subsection (1), acquired by either the State or the Foundation over land for the said purposes, shall likewise vest in the company.

(3) The registrar of deeds in charge of the deeds registry wherein the land concerned is registered shall, subject to the provisions of subsection (5), upon production to him, by or on behalf of the company, of the title deed of any land referred to in subsection (1), or any notarial deed of any right of servitude mentioned in subsection (2), and of the title deed of the land against which any such right of servitude is registered, endorse the said title deed or notarial deed to the effect that the land concerned or the right of servitude, as the case may be, is vested in the company, and shall make the necessary entries in his registers.

(4) The owner of any land against which a right of servitude mentioned in subsection (2) is registered shall, upon demand, hand over his title deed of that land to the company for the

Bevoegdheid van maatskappy om geld te leen.

15. Die raad kan met die goedkeuring van die Minister, verleen na oorlegpleging met die Minister van Finansies, geld uit enige bron leen.

Perke op lenings aan en leen deur maatskappy.

16. Die geheel van die bedrag van enige lening ingevolge artikel 14 toegestaan en die totale bedrag kragtens artikel 15 geleen, oorskry op geen tydstip 'n bedrag gelyk aan vyf-en-sewentig persent van die gemagtigde aandelekapitaal van die maatskappy nie.

Oordrag van aandele.

17. (1) Die aandele wat deur die Minister ingevolge artikel 13 (1) of (2) gehou word, word nie deur die Minister oorgedra nie behalwe ingevolge 'n Wet van die Parlement, en word aldus aan iemand anders as die Stigting oorgedra slegs indien die Stigting nie sodanige aandele wil verkry nie.

(2) Die Stigting dra slegs aandele wat deur hom ingevolge artikel 13 (3) of (4) gehou word aan iemand anders as die Minister oor indien die Minister nie sodanige aandele wil verkry nie.

Uitkering van winste.

18. Behoudens die bepalings van artikel 19, word uitkeerbare winste *pro rata* tussen die houers van die aandele verdeel.

Stigting van reserwefonds.

19. Die raad kan met die goedkeuring van die Minister en ooreenkomstig die voorwaardes wat hy by kennisgewing in die *Staatskoerant* voorskryf, 'n reserwefonds wat die raad in belang van die maatskappy nodig ag, stig en in stand hou.

Sekere grond gaan op die maatskappy oor.

20. (1) *(a)* Alle Staatsgrond, en alle oppervlakteregte deur die Departement van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring kragtens 'n oppervlakteregpermit gehou, wat deur die Staat vir die doeleindes van sy saagmeul bekend as die Tweefontein-staatsaagmeul aangewend word, gaan vir sover die Minister bepaal en onderworpe aan die voorwaardes wat die Minister van Gemeenskapsontwikkeling en Owerheidshulpdienste bepaal, na die nodige onderverdeling, op 'n datum deur die Minister bepaal op die maatskappy oor, en die betrokke mynkommissaris moet, in die geval van sodanige oppervlakteregte, die nodige wysigings in sy registers van oppervlakteregpermitte aanbring.

(b) Alle grond van die Stigting, en alle oppervlakteregte gehou deur die Stigting kragtens enige oppervlakteregpermit, wat deur die Stigting vir die doeleindes van sy saagmeul bekend as die „H.M. Timber Structures (Proprietary) Limited" te Sabie aangewend word, gaan op die vasgestelde datum op die maatskappy oor, en die betrokke mynkommissaris moet, in die geval van sodanige oppervlakteregte, die nodige wysigings in sy registers van oppervlakteregpermitte aanbring.

(2) Enige reg van serwituut ten gunste van subartikel (1) bedoelde grond wat hetsy deur die Staat of deur die Stigting oor grond verkry is vir genoemde doeleindes, gaan insgelyks op die maatskappy oor.

(3) Die registrateur van aktes aan die hoof van die registrasiekantoor van aktes waarin die betrokke grond geregistreer is, moet, behoudens die bepalings van subartikel (5), by voorlegging aan hom, deur of ten behoewe van die maatskappy, van die titelbewyse van enige in subartikel (1) bedoelde grond, of van enige notariële akte van 'n in subartikel (2) genoemde reg van serwituut en van die titelbewys van die grond waarteen so 'n reg van serwituut geregistreer is, op genoemde titelbewys of notariële akte 'n endossement aanbring ten effekte dat die betrokke grond of die reg van serwituut, na gelang van die geval, by die maatskappy berus, en moet die nodige inskrywings in sy registers doen.

(4) Die eienaar van die grond waarteen 'n in subartikel (2) genoemde reg van serwituut geregistreer is, moet op aanvraag sy titelbewys van daardie grond aan die maatskappy oorhandig vir

purpose of an endorsement in terms of subsection (3), and if the owner fails to do so, the registrar of deeds concerned shall make such endorsement upon the copy of the title deed of that land filed in his office and in the appropriate registers, and upon the owner's title deed as soon as it may for any reason be lodged in his office.

(5) No endorsement shall be made by any registrar of deeds or mining commissioner in terms of subsections (1) and (3) in respect of any land or right of servitude or surface right permit unless there is produced to him a certificate, signed by the Director-General: Community Development and State Auxiliary Services to the effect that the land held by title deed or by means of surface right permit, as the case may be, has been set aside or acquired by the State for the purposes referred to in subsection (1) or (2).

Transfer of certain property and liabilities to the company.

21. There shall, subject to the provisions of section 13 (1), be vested in the company on the fixed date—

(a) such movable property (timber stocks excluded) and immovable property held by the State on the fixed date in connection with its sawmill known as the Tweefontein State Sawmill, as the Minister may determine;

(b) such movable property (timber stocks excluded) and immovable property held by the Foundation on the fixed date in connection with its enterprises known as the H.M. Timber Structures (Proprietary) Limited and the Northern Timber Marketing Company (Proprietary) Limited at Sabie, as the Minister and the Foundation may have agreed upon;

(c) in so far as the Minister may determine, claims due by the State on the fixed date in connection with the said Tweefontein State Sawmill; and

(d) in so far as may be agreed upon by the Minister and the Foundation, claims due by the Foundation on the fixed date in connection with the said H.M. Timber Structures (Proprietary) Limited at Sabie.

Accounts and auditing.

22. (1) The board shall cause a proper record to be kept of all the financial transactions, assets and liabilities of the company, and shall as soon as possible after the end of each financial year (which shall end on 31 March) cause accounts of the company's revenue and expenditure for such year and a balance sheet of its assets and liabilities as at the end of that year to be prepared.

(2) The books, statements of account and balance sheet of the company shall be audited annually by a person registered as an accountant and auditor under the provisions of the Public Accountants' and Auditors' Act, 1951 (Act No. 51 of 1951), and nomitated annually by the Minister on the recommendation of the board.

Information to be furnished to the Minister and to Parliament.

23. (1) As soon as practicable after the conclusion of every financial year of the company, the board shall transmit to the Minister, in respect of that financial year, copies of—

(a) the balance sheet and profit and loss account certified by the accountant and auditor referred to in section 22 (2); and

(b) a complete report by the board on the activities of the company during that financial year.

(2) A copy of all balance sheets, accounts and reports mentioned in subsection (1) and all returns furnished under subsection (4) shall be laid on the Table of Parliament within fourteen days after receipt thereof by the Minister if Parliament is then in ordinary session or, if Parliament is not then in ordinary session, within fourteen days after the commencement of its first ensuing ordinary session.

die doel van 'n endossement ingevolge subartikel (3), en indien die eienaar versuim om dit te doen, moet die betrokke registrateur van aktes sodanige endossement aanbring op die afskrif van die titelbewys van daardie grond wat in sy kantoor bewaar word en in die toepaslike registers, en op die titelbewys van die eienaar sodra dit om die een of ander rede by sy kantoor ingedien word.

(5) Geen endossement word deur 'n registrateur van aktes of 'n mynkommissaris ingevolge subartikels (1) en (3) ten opsigte van enige grond of reg van serwituut of oppervlakteregpermit gedoen nie tensy daar aan hom 'n sertifikaat, deur die Direkteur-generaal: Gemeenskapsontwikkeling en Owerheidshulpdienste onderteken, ten effekte dat die betrokke grond gehou by titelakte of by wyse van oppervlakteregpermit, na gelang van die geval, deur die Staat vir die in subartikel (1) of (2) bedoelde doeleindes afgesonder of verkry is, voorgelê word.

Oordrag van sekere eiendom en verpligtings aan die maatskappy.

21. Daar word, behoudens die bepalings van artikel 13 (1), op die vasgestelde datum aan die maatskappy oorgedra—

(a) die roerende eiendom (uitgesonderd houtvoorrade) en onroerende eiendom, wat die Minister bepaal, wat die Staat op die vasgestelde datum in verband met sy saagmeul bekend as die Tweefontein-staatsaagmeul in sy besit het;

(b) die roerende eiendom (uitgesonderd houtvoorrade) en onroerende eiendom, waartoe die Minister en die Stigting ooreengekom het, wat die Stigting op die vasgestelde datum in verband met sy ondernemings bekend as die „H.M. Timber Structures (Proprietary) Limited" en die „Northern Timber Marketing Company (Proprietary) Limited" te Sabie in sy besit het;

(c) vir sover die Minister bepaal, vorderings wat op die vasgestelde datum in verband met genoemde Tweefontein-staatsaagmeul deur die Staat verskuldig is; en

(d) vir sover ooreengekom is deur die Minister en die Stigting, vorderings wat op die vasgestelde datum in verband met genoemde „H.M. Timber Structures (Proprietary) Limited" te Sabie deur die Stigting verskuldig is.

Rekenings en ouditering.

22. (1) Die raad laat behoorlik boekhou van al die finansiële transaksies, bates en laste van die maatskappy, en moet so spoedig moontlik na die einde van elke boekjaar (wat op 31 Maart eindig) rekenings van die maatskappy se inkomste en uitgawes vir daardie jaar en 'n balansstaat van sy bates en laste aan die einde van daardie jaar laat opstel.

(2) Die boeke, rekeningstate en balansstaat van die maatskappy word jaarliks geouditeer deur 'n persoon wat kragtens die bepalings van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951 (Wet No. 51 van 1951), as rekenmeester en ouditeur geregistreer is en wat jaarliks deur die Minister op aanbeveling van die raad benoem word.

Inligting wat aan die Minister en aan die Parlement verstrek moet word.

23. (1) So gou doenlik na afloop van elke boekjaar van die maatskappy stuur die raad ten opsigte van daardie boekjaar aan die Minister afskrifte van—

(a) die balansstaat en wins- en verliesrekening gesertifiseer deur die in artikel 22 (2) bedoelde rekenmeester en ouditeur;

(b) 'n volledige verslag deur die raad oor die bedrywighede van die maatskappy gedurende daardie boekjaar.

(2) 'n Afskrif van alle in subartikel (1) genoemde balansstate, rekenings en verslae en alle kragtens subartikel (4) verstrekte opgawes moet binne veertien dae na ontvangs daarvan deur die Minister in die Parlement ter Tafel gelê word indien die Parlement dan in gewone sessie is of, indien die Parlement nie dan in gewone sessie is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

(3) The board shall, as soon as practicable after the conclusion of every meeting of the board, transmit to the Minister a copy of the minutes of that meeting.

(4) The Minister may at any time cause an inspection to be made of the books and records of the company, and may at any time call for returns from the board with a view to ascertaining whether the provisions of this Act have been complied with.

Winding-up of company.

24. The company shall not be wound up except under the authority of an Act of Parliament.

Exemption of company from certain laws.

25. (1) Subject to the provisions of subsection (2), the provisions of the Companies Act, 1973 (Act No. 61 of 1973), shall not apply with reference to the company.

(2) The Minister may by notice in the *Gazette* apply to the company any provision of the said Act, not inconsistent with the provisions of this Act, with such modifications as may be specified in the notice.

(3) The Minister may from to time in like manner withdraw or amend any notice issued under subsection (2).

Short title.

26. This Act shall be called the Tweefontein Timber Company Limited Act, 1981.

University of Fort Hare
Together in Excellence

(3) Die raad moet so gou doenlik na afloop van elke vergadering van die raad 'n afskrif van die notule van daardie vergadering aan die Minister stuur.

(4) Die Minister kan te eniger tyd 'n ondersoek van die boeke en stukke van die maatskappy laat instel, en kan te eniger tyd die raad om opgawes versoek ten einde vas te stel of die bepalings van hierdie Wet nagekom is.

Likwidasie van maatskappy.

24. Die maatskappy word nie gelikwideer nie behalwe deur of ingevolge 'n Wet van die Parlement.

Vrystelling van maatskappy van sekere wette.

25. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) is die bepalings van die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), nie met betrekking tot die maatskappy van toepassing nie.

(2) Die Minister kan by kennisgewing in die *Staatskoerant* die een of ander bepaling van genoemde Wet wat nie met die bepalings van hierdie Wet onbestaanbaar is nie, op die maatskappy toepas met die wysigings wat in die kennisgewing vermeld word.

(3) Die Minister kan van tyd tot tyd op dergelike wyse 'n kragtens subartikel (2) uitgereikte kennisgewing intrek of wysig.

Kort titel.

26. Hierdie Wet heet die Wet op die Tweefontein-houtmaatskappy Beperk, 1981.

IN LUMINE TUO VIDE BIMUS LUMEN
University of Fort Hare
Together in Excellence

7452
University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 189] KAAPSTAD, 4 MAART 1981 CAPE TOWN, 4 MARCH 1981 [No. 7452

University of South Africa
Together in Excellence

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 426. 4 Maart 1981.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 23 van 1981: Wysigingswet op die Aanvullende Wet op die Mineraalwette, 1981.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 426. 4 March 1981.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 23 of 1981: Mineral Laws Supplementary Act Amendment Act, 1981.

Act No. 23, 1981 MINERAL LAWS SUPPLEMENTARY ACT AMENDMENT ACT, 1981

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Mineral Laws Supplementary Act, 1975, so as to replace or further to define certain expressions; to restrict the limitation of the division of certain rights to minerals to such division into undivided shares; to extend the powers of the Minister of Mineral and Energy Affairs relating to the granting of permission to prospect for certain minerals; to make new provision in respect of the determination of the purchase price of certain land where such price is required to be determined by arbitration; and to authorize the said Minister to delegate his powers under the said Act; and to provide for matters connected therewith.

University of Fort Hare
Together in Excellence

(Afrikaans text signed by the State President.)
(Assented to 16 February 1981.)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 10 of 1975.

1. Section 1 of the Mineral Laws Supplementary Act, 1975 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the insertion before the definition of "holder" of the following definition:
"'Director-General' means the Director-General: Mineral and Energy Affairs;";

(b) by the substitution for the definition of "holder" of the following definition:
"'holder', in relation to any right to minerals, means any person in whose name **[any undivided share in]** the right to any mineral in respect of land or any undivided share in such right is registered;";

(c) by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:
"'Minister' means the Minister of **[Mines]** Mineral and Energy Affairs;"; and

(d) by the deletion of the definition of "secretary".

Amendment of section 2 of Act 10 of 1975.

2. Section 2 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:
"*(a)* the division of any right to any mineral or minerals in respect of any land among two or more than two persons into undivided shares; or";

(b) by the substitution in subsection (2) for the word "secretary" of the word "Director-General"; and

WYSIGINGSWET OP DIE AANVULLENDE WET OP DIE MINERAALWETTE, 1981 **Wet No. 23, 1981**

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Aanvullende Wet op die Mineraalwette, 1975, ten einde sekere uitdrukkings te vervang of nader te omskryf; die beperking op verdeling van sekere regte op minerale tot bepaal tot sodanige verdeling in onverdeelde aandele; die Minister van Mineraal- en Energiesake se bevoegdhede met betrekking tot die verlening van toestemming vir prospektering na sekere minerale, uit te brei; nuwe voorsiening te maak ten opsigte van die berekening van die koopprys van sekere grond in die geval waar dié prys deur arbitrasie bepaal moet word; en genoemde Minister te magtig om sy bevoegdhede kragtens genoemde Wet te delegeer; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

University of Fort Hare

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 16 Februarie 1981.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 1 van die Aanvullende Wet op die Mineraalwette, 1975 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig— Wysiging van artikel 1 van Wet 10 van 1975.

(a) deur die volgende omskrywing voor die omskrywing van „edelgesteentes" in te voeg:
„'Direkteur-generaal' die Direkteur-generaal: Mineraal- en Energiesake;";

(b) deur die omskrywing van „houer" deur die volgende omskrywing te vervang:
„'houer', met betrekking tot enige reg op minerale, iemand op wie se naam **['n onverdeelde aandeel in]** die reg op enige mineraal ten opsigte van grond of 'n onverdeelde aandeel in sodanige reg geregistreer is;";

(c) deur die omskrywing van „Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:
„'Minister' die Minister van **[Mynwese]** Mineraal- en Energiesake;"; en

(d) deur die omskrywing van „sekretaris" te skrap.

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 2 van Wet 10 van 1975.

(a) deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:
„*(a)* die verdeling van 'n reg op enige mineraal of minerale ten opsigte van grond tussen twee of meer as twee persone in onverdeelde aandele; of";

(b) deur in subartikel (2) die woord „sekretaris" deur die woord „Direkteur-generaal" te vervang; en

Act No. 23, 1981 MINERAL LAWS SUPPLEMENTARY ACT AMENDMENT ACT, 1981

(c) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) The Minister may, after consideration of any application referred to in subsection (2), approve in writing of the division or increase to which such application relates, or refuse to approve **[the]** such division or increase **[to which such application relates]** if he is satisfied that such division or increase may have the effect of materially hampering the acquisition of prospecting or mining rights in respect of the land in question.".

Substitution of section 4 of Act 10 of 1975.

3. The following section is hereby substituted for section 4 of the principal Act:

"Granting of permission by Minister for prospecting.

4. (1) If the right to any precious stones, precious metals or base minerals is entirely or partly separated from the ownership of any land and registered—

(a) entirely in the name of one holder or in the names of **[two or]** more than **[two]** one **[holders]** holder in undivided shares; or

(b) in the names of the State and one or more than one holder in undivided shares,

and any person intending to prospect on such land for such precious stones, precious metals or base minerals satisfies the Minister that the right so to prospect—

[*(a)*] (i) cannot readily be acquired by reason of the fact that—

[(i)] *(aa)* the whereabouts of any such holder is not readily ascertainable; or

[(ii)] *(bb)* any person entitled to **[any]** such right to any precious stones, precious metals or base minerals or undivided share therein by virtue of intestate succession or any testamentary disposition has not obtained cession thereof and a period of not less than two years has elapsed after the date on which he became so entitled; or

[(iii)] *(cc)* any holder of any such share unreasonably refuses to enter into negotiations relating to the acquisition by any other person of prospecting rights in respect of the land in question; or

[(iv)] *(dd)* unreasonable terms or conditions are demanded by any holder of any such share; or

[*(b)*] (ii) cannot readily be acquired for any other reason which the Minister de s adequate,

the Minister may, upon the application in writing of any person so intending and notwithstanding anything to the contrary contained in any law but subject to the provisions of subsection (2)—

[*(aa)*] (A) if the applicant intends to prospect on land referred to in paragraph *(a)*—

(I) for precious stones or precious metals **[on the land in question]**, direct the mining commissioner to issue to such applicant a prospecting permit in respect of that land and, upon its expiry and subject to the provisions of subsection (5), to renew such prospecting permit under the provisions of

(c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

„(3) Die Minister kan, na oorweging van 'n aansoek bedoel in subartikel (2), die verdeling of vermeerdering waarop so 'n aansoek betrekking het, skriftelik goedkeur, of weier om **[die]** sodanige verdeling of vermeerdering goed te keur **[waarop so 'n aansoek betrekking het]** indien hy oortuig is dat daardie verdeling of vermeerdering die uitwerking kan hê om die verkryging van prospekteer- of mynregte ten opsigte van die betrokke stuk grond wesentlik te bemoeilik.".

Vervanging van artikel 4 van Wet 10 van 1975.

3. Artikel 4 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

Verlening deur Minister van toestemming vir prospektering

4. (1) Indien die reg op enige edelgesteentes, edelmetale of onedele minerale ten volle of gedeeltelik van die eiendomsreg van grond geskei is en—

(a) ten volle op die naam van een houer of op die name van **[twee of]** meer as **[twee]** een **[houers]** houer in onverdeelde aandele; of

(b) op die name van die Staat en een of meer as een houer in onverdeelde aandele,

geregistreer is, en iemand wat voornemens is om op daardie grond na daardie edelgesteentes, edelmetale of onedele minerale te prospekteer die Minister oortuig dat die reg om aldus te prospekteer—

[*(a)*] (i) nie geredelik verkry kan word nie weens die feit dat—

[(i)] *(aa)* so 'n houer nie geredelik opgespoor kan word nie; of

[(ii)] *(bb)* iemand wat uit hoofde van intestate erfopvolging of 'n testamentêre beskikking op **[enige van daardie aandele]** sodanige reg op enige edelgesteentes, edelmetale of onedele minerale of 'n onverdeelde aandeel daarin geregtig is, nie sessie daarvan verkry het nie en 'n tydperk van minstens twee jaar verloop het na die datum waarop hy aldus geregtig geword het; of

[(iii)] *(cc)* 'n houer van enige van daardie aandele onredelik weier om onderhandelinge aan te knoop betreffende die verkryging van prospekteerregte deur iemand anders ten opsigte van die betrokke grond; of

[(iv)] *(dd)* 'n houer van enige van daardie aandele aandring op onredelike bedinge of voorwaardes; of

[*(b)*] (ii) weens 'n ander rede wat deur die Minister as voldoende geag word, nie geredelik verkry kan word nie,

kan die Minister, op skriftelike aansoek van so 'n voornemende persoon en ondanks andersluidende wetsbepalings maar behoudens die bepalings van subartikel (2)—

[*(aa)*] (A) indien die aansoeker voornemens is om op **[die betrokke]** grond bedoel in paragraaf *(a)*—

(1) na edelgesteentes of edelmetale te prospekteer, die mynkommissaris gelas om kragtens die bepalings van die Wet op Edelgesteentes, 1964 (Wet No. 73 van 1964), of die bepalings van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet No. 20 van 1967), na gelang van die geval, ten opsigte van

University of Fort Hare
Together in Excellence

the Precious Stones Act, 1964 (Act No. 73 of 1964), or the Mining Rights Act, 1967 (Act No. 20 of 1967), as the case may be, as if the applicant were the holder of the relevant right to precious stones or precious metals, as the case may be;

[*(bb)*] (II) **[if the applicant intends to prospect]** for base minerals **[on the land in question]**, grant permission in writing to such applicant so to prospect for such period as the Minister may determine; or

(B) if the applicant intends to prospect on land referred to in paragraph *(b)*—

(I) for precious stones, enter into a prospecting and digging agreement with such applicant in terms of section 20 of the Precious Stones Act, 1964; or

(II) for precious metals or base minerals, grant a prospecting lease to such applicant in terms of section 16 of the Mining Rights Act, 1967;

Provided that, notwithstanding the provisions of section 20 (1) of the Precious Stones Act, 1964, until such time as the person with whom such a prospecting and digging agreement has been entered into becomes the sole holder of such undivided shares in the right to precious stones in respect of that land as are not registered in the name of the State, he shall carry on only prospecting operations on the land in question, and then only in accordance with any direction which the mining commissioner may give.

(2) No direction referred to in subsection **[(1) *(aa)*]** (1) (A) (I) shall be issued and no permission referred to in subsection **[(1) *(bb)*]** (1) (A) (II) granted and no prospecting and digging agreement referred to in subsection (1) (B) (I) entered into and no prospecting lease referred to in subsection (1) (B) (II) granted in respect of any land in respect of which any single person who as holder in undivided shares, or by virtue of any prospecting contracts referred to in section 84 of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937), or as such holder and by virtue of any such prospecting contracts, holds prospecting rights in respect of more than fifty per cent of the right to the precious stones, precious metals or base minerals in question, as the case may be, except in favour of or, unless it cannot readily be acquired by reason of the fact that the whereabouts of the said person is not readily ascertainable or for any other reason which the Minister deems adequate, with the consent in writing of such person.

(3) The provisions of the Precious Stones Act, 1964, relating to—

(a) prospecting, shall apply *mutatis mutandis* in connection with prospecting under the authority of any permit issued or renewed under the provisions of that Act by virtue of any direction referred to in subsection **[(1) *(aa)*]** (1) (A) (I);

(b) prospectors, shall apply *mutatis mutandis* to any holder of a permit referred to in paragraph *(a)*;

University of Pretoria Together in Excellence

daardie grond 'n prospekteerpermit aan daardie aansoeker uit te reik en, by die verstryking daarvan en behoudens die bepalings van subartikel (5), te hernieu asof die aansoeker die houer van die betrokke reg op edelgesteentes of edelmetale is, na gelang van die geval;

[(bb)] (II) **[indien die aansoeker voornemens is om op die betrokke grond]** na onedele minerale te prospekteer, aan daardie aansoeker skriftelik toestemming verleen om vir die tydperk wat die Minister bepaal, aldus te prospekteer; of

(B) indien die aansoeker voornemens is om op grond bedoel in paragraaf *(b)*—

(I) na edelgesteentes te prospekteer, 'n prospekteer- en delfooreenkoms ingevolge artikel 20 van die Wet op Edelgesteentes, 1964, met daardie aansoeker aangaan; of

(II) na edelmetale, of onedele minerale te prospekteer, 'n prospekteerhuur aan daardie aansoeker ingevolge artikel 16 van die Wet op Mynregte, 1967, toeken:

Met dien verstande dat, ondanks die bepalings van artikel 20 (1) van die Wet op Edelgesteentes, 1964, tot tyd en wyl die persoon met wie so 'n prospekteer- en delfooreenkoms aangegaan word die alleenhouer word van dié onverdeelde aandele in die reg op edelgesteentes ten opsigte van die grond, wat nie op die naam van die Staat geregistreer is nie, hy slegs prospekteerwerksaamhede op die betrokke grond mag verrig, en dan slegs in ooreenstemming met enige opdrag wat die mynkommissaris mag gee.

(2) Geen lasgewing bedoel in subartikel **[(1) *(aa)*]** (1) (A) (I) word uitgereik en geen toestemming bedoel in subartikel **[(1) *(bb)*]** (1) (A) (II) word verleen en geen prospekteer- en delfooreenkoms bedoel in subartikel (1) (B) (I) word aangegaan en geen prospekteerhuur bedoel in subartikel (1) (B) (II) word toegeken nie ten opsigte van grond ten opsigte waarvan 'n enkele persoon wat as houer in onverdeelde aandele, of uit hoofde van prospekteerkontrakte bedoel in artikel 84 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), of as sodanige houer en uit hoofde van sodanige prospekteerkontrakte, prospekteerregte hou ten opsigte van meer as vyftig persent van die reg op die betrokke edelgesteentes, edelmetale of onedele minerale, na gelang van die geval, behalwe ten gunste van of, tensy dit nie geredelik verkry kan word nie weens die feit dat genoemde persoon nie geredelik opgespoor kan word nie of weens 'n ander rede wat deur die Minister as voldoende geag word, met die skriftelike toestemming van daardie persoon.

(3) Die bepalings van die Wet op Edelgesteentes, 1964, betreffende—

(a) prospektering, is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met prospektering kragtens magtiging verleen by 'n permit wat uit hoofde van 'n lasgewing bedoel in subartikel **[(1) *(aa)*]** (1) (A) (I) kragtens die bepalings van daardie Wet uitgereik of hernieu is;

(b) prospekteerders, is *mutatis mutandis* van toepassing op die houer van 'n permit bedoel in paragraaf *(a)*;

(c) the prospecting for and the winning of precious stones, shall, subject to the proviso to subsection (1) (B), apply *mutatis mutandis* in connection with the prospecting for and the winning of precious stones under the authority of any prospecting and digging agreement entered into under subsection (1) (B) (I):

Provided that no person shall be entitled to any right referred to in section 13 (1) or 17 (1) of that Act in connection with—

(i) any discovery of any precious stones in the course of prospecting carried out under the authority of such permit until such time as such holder becomes the sole holder of the right to precious stones in respect of the land in question;

(ii) any discovery referred to in section 20 (11) of that Act and made in the course of prospecting or digging operations carried on by virtue of any such prospecting or digging agreement, until such time as the person with whom any such agreement has been entered into becomes the sole holder of such undivided shares in the right to precious stones in respect of the land in question as are not registered in the name of the State.

(4) The provisions of the Mining Rights Act, 1967, relating to—

(a) prospecting, shall apply *mutatis mutandis* in connection with prospecting under the authority of any permit issued or renewed under the provisions of that Act by virtue of any direction referred to in subsection **[**(1) *(aa)***]** (1) (A) (I) or in terms of permission granted under subsection **[**(1) *(bb)***]** (1) (A) (II) or in terms of any prospecting lease granted under the provisions of that Act by virtue of subsection (1) (B) (II);

(b) prospectors, shall apply *mutatis mutandis* to any holder of a permit or prospecting lease referred to in paragraph *(a)* or to any person granted permission referred to in paragraph *(a)*.

(5) Notwithstanding the provisions of subsections (3) and (4), the Minister may at any time in writing withdraw any permit referred to in subsection **[**(1) *(aa)***]** (1) (A) (I) if prospecting in terms of such permit is not being carried out to his satisfaction.".

Substitution of section 5 of Act 10 of 1975, as amended by section 92 of Act 63 of 1975.

4. The following section is hereby substituted for section 5 of the principal Act:

"Power of Minister to grant in certain circumstances authority to registrar of deeds to register cession of certain rights to minerals in favour of certain persons.

5. (1) If the Minister is satisfied as a result of prospecting operations that there are reasonable grounds for believing that precious stones, precious metals or base minerals exist in workable quantities on land in respect of which any person has obtained a prospecting permit or permission or prospecting and digging agreement or prospecting lease referred to in section 4 (1), he may upon the application in writing of such person and subject to the provisions of subsection (4), issue to such person a certificate authorizing the registrar concerned to register a cession in favour of such person of the right to minerals or such undivided shares in the right to

(c) die prospektering na en die win van edelgesteentes is, behoudens die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) (B), *mutatis mutandis* van toepassing in verband met die prospektering na en die win van edelgesteentes kragtens magtiging verleen by 'n prospekteer- en delfooreenkoms wat ingevolge subartikel (1) (B) (I) aangegaan is:

Met dien verstande dat niemand aanspraak het op 'n reg bedoel in artikel 13 (1) of 17 (1) van daardie Wet nie in verband met—

(i) 'n ontdekking van edelgesteentes in die loop van prospektering verrig kragtens magtiging verleen by so 'n permit, tot tyd en wyl daardie houer die alleenhouer van die reg op edelgesteentes ten opsigte van die betrokke grond word;

(ii) 'n ontdekking bedoel in artikel 20 (11) van daardie Wet gemaak in die loop van prospekteer- of delfwerksaamhede wat uit hoofde van so 'n prospekteer- en delfooreenkoms verrig is, tot tyd en wyl die persoon met wie so 'n ooreenkoms aangegaan is die alleenhouer word van dié onverdeelde aandele in die reg op edelgesteentes ten opsigte van die betrokke grond, wat nie op naam van die Staat geregistreer is nie.

(4) Die bepalings van die Wet op Mynregte, 1967, betreffende—

(a) prospektering, is *mutatis mutandis* van toepassing in verband met prospektering kragtens magtiging verleen by 'n permit wat uit hoofde van 'n lasgewing bedoel in subartikel [(1) *(aa)*] (1) (A) (I) kragtens die bepalings van daardie Wet uitgereik of hernieu is of ingevolge toestemming verleen kragtens subartikel [(1) *(bb)*] (1) (A) (II) of ingevolge 'n prospekteerhuur wat uit hoofde van subartikel (1) (B) (II) kragtens die bepalings van daardie Wet toegeken is;

(b) prospekteerders, is *mutatis mutandis* van toepassing op die houer van 'n permit of prospekteerhuur bedoel in paragraaf *(a)* of iemand aan wie toestemming bedoel in paragraaf *(a)* verleen is.

(5) Ondanks die bepalings van subartikels (3) en (4) kan die Minister te eniger tyd 'n permit bedoel in subartikel [(1) *(aa)*] (1) (A) (I) skriftelik intrek indien prospektering ingevolge daardie permit nie tot sy bevrediging verrig word nie.".

Vervanging van artikel 5 van Wet 10 van 1975, soos gewysig deur artikel 92 van Wet 63 van 1975.

4. Artikel 5 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Bevoegdheid van Minister om onder sekere omstandighede magtiging aan registrateur van aktes te verleen om sessie van sekere regte op minerale ten gunste van sekere persone te registreer.

5. (1) Indien die Minister op grond van prospekteerwerksaamhede oortuig is dat daar redelike gronde bestaan om te glo dat edelgesteentes, edelmetale of onedele minerale in ontginbare hoeveelhede voorkom op grond ten opsigte waarvan 'n persoon 'n prospekteerpermit of toestemming of 'n prospekteer- en delfooreenkoms of prospekteerhuur bedoel in artikel 4 (1) verkry het, kan hy op skriftelike aansoek van daardie persoon en behoudens die bepalings van subartikel (4) aan daardie persoon 'n sertifikaat uitreik wat die betrokke registrateur magtig om 'n sessie ten gunste van daardie persoon te registreer van die reg op mine-

minerals in respect of such land as are not registered in the name of such person or the State or in respect of which such person does not hold prospecting contracts referred to in section 84 of the Deeds Registries Act, 1937 (Act No. 47 of 1937): Provided that no such certificate shall be issued unless the Minister is satisfied that any person so applying has exercised such options to obtain cession of rights to minerals as may, in terms of any such prospecting contract, be held by him in respect of the land in question.

(2) A certificate signed by the Minister defining any right to minerals or undivided share in **[the]** such right **[to minerals]** to be ceded under subsection (1), naming the cessionary and stating that such cessionary is entitled to obtain cession of such right or undivided share therein by virtue of the provisions of this section, shall, notwithstanding anything to the contrary contained in any law, authorize the registrar concerned to register the cession of such right or undivided share therein in favour of the cessionary so named.

(3) When the Minister has issued a certificate under subsection (1), any right to minerals or undivided share in such right, defined in such certificate, **[in the relevant right to minerals]** shall for the purposes of section 32 of the Deeds Registries Act, 1937, be deemed to vest in the cessionary named in such certificate, and any cession of any such right or undivided share therein authorized by such certificate may, notwithstanding the provisions of section 14 of that Act, be registered in favour of such cessionary direct in the manner provided by the said section 32.

(4) *(a)* The Minister shall not issue a certificate under subsection (1) unless the person applying for such certificate has deposited with the **[secretary]** Director-General an amount which, in the event of the Minister issuing that certificate, shall be deemed to have been paid by such person as consideration for the cession to him in terms of this section of any right to minerals or undivided share in such right, defined in such certificate, **[in the right to minerals]** in respect of the land in question.

(b) The amount referred to in paragraph *(a)* shall be determined by the Minister on the recommendation of the Government Mining Engineer, who shall base his recommendation as far as possible on the current prices paid for rights to minerals in the vicinity of the land in question.

(5) After the registration in terms of this section of the cession of any right to minerals or undivided share therein, defined in a certificate issued under subsection (1), the **[secretary]** Director-General shall dispose of the amount deposited with him in terms of subsection (4) in respect of such cession in the following manner, namely—

(a) if such right or share therein was subject to a registered mortgage bond, the amount of the

rale of dié onverdeelde aandele in die reg op minerale ten opsigte van daardie grond, wat nie op die naam van daardie persoon of die Staat geregistreer is nie of ten opsigte waarvan daardie persoon nie prospekteerkontrakte bedoel in artikel 84 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), hou nie: Met dien verstande dat geen sodanige sertifikaat uitgereik word nie tensy die Minister oortuig is dat 'n persoon wat aldus aansoek doen die opsies om sessie van regte op minerale te verkry, uitgeoefen het wat ingevolge so 'n prospekteerkontrak deur hom ten opsigte van die betrokke grond gehou word.

(2) 'n Sertifikaat, deur die Minister onderteken, waarin 'n reg op minerale of onverdeelde aandeel in **[die]** sodanige reg **[op minerale]** omskryf word wat kragtens subartikel (1) gesedeer moet word, waarin die sessionaris se naam vermeld word en waarin verklaar word dat daardie sessionaris geregtig is om uit hoofde van die bepalings van hierdie artikel sessie te verkry van daardie reg of onverdeelde aandeel daarin, verleen magtiging aan die betrokke registrateur om, ondanks andersluidende wetsbepalings, die sessie van daardie reg of onverdeelde aandeel daarin ten gunste van die sessionaris te registreer wie se naam aldus vermeld is.

(3) Wanneer die Minister 'n sertifikaat kragtens subartikel (1) uitgereik het, word 'n reg op minerale of onverdeelde aandeel in sodanige reg, in daardie sertifikaat omskryf, **[in die betrokke reg op minerale]** by die toepassing van artikel 32 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, geag gevestig te wees in die sessionaris wie se naam in daardie sertifikaat vermeld is, en 'n sessie van sodanige reg of onverdeelde aandeel daarin wat deur daardie sertifikaat gemagtig is, kan ondanks die bepalings van artikel 14 van daardie Wet regstreeks op die wyse vermeld in genoemde artikel 32 ten gunste van daardie sessionaris geregistreer word.

(4) *(a)* Die Minister reik nie 'n sertifikaat kragtens subartikel (1) uit nie tensy die persoon wat om so 'n sertifikaat aansoek doen by die **[sekretaris]** Direkteur-generaal 'n bedrag gestort het wat, indien die Minister daardie sertifikaat uitreik, geag word deur daardie persoon betaal te gewees het as vergoeding vir die sessie aan hom ingevolge hierdie artikel van 'n reg op minerale of onverdeelde aandeel in sodanige reg, omskryf in daardie sertifikaat, **[in die reg op minerale]** ten opsigte van die betrokke grond.

(b) Die bedrag bedoel in paragraaf *(a)* word bepaal deur die Minister op aanbeveling van die Staatsmyningenieur, wat sy aanbeveling sover moontlik grond op die geldende pryse wat betaal word vir regte op minerale in die omgewing van die betrokke grond.

(5) Na registrasie ingevolge hierdie artikel van die sessie van 'n reg op minerale of onverdeelde aandeel daarin omskryf in 'n sertifikaat wat kragtens subartikel (1) uitgereik is, beskik die **[sekretaris]** Direkteur-generaal oor die bedrag wat ingevolge subartikel (4) ten opsigte van daardie sessie by hom gestort is op die volgende wyse, naamlik—

(a) indien daardie reg of aandeel daarin aan 'n geregistreerde verband onderworpe was, word

mortgage debt still outstanding shall be paid to the mortgagee;

(b) (i) if such right or share therein was subject to a fideicommissum, usufruct or any other encumbrance under any testamentary or other disposition in writing, the said amount or, as the case may be, any balance thereof after payment of any mortgage debt in terms of paragraph *(a)*, shall be paid to the Master of the Supreme Court within whose area of jurisdiction the land in question is situated; or

(ii) if such right or share therein was not so subject, the said amount or any such balance, as the case may be, shall be paid to any person who satisfies the **[secretary]** Director-General that he is entitled thereto or, if the **[secretary]** Director-General is not so satisfied, to the Master of the Supreme Court within whose area of jurisdiction the land in question is situated.

(6) The provisions of section 21 (2) and (3) of the Expropriation Act, 1975 (Act No. 63 of 1975), shall apply *mutatis mutandis* to moneys received by the Master of the Supreme Court in terms of subsection (5) *(b)* of this section.

(7) Costs incidental to any cession contemplated in this section shall be borne by the cessionary concerned, and the provisions of the Transfer Duty Act, 1949 (Act No. 40 of 1949), shall apply in connection with any such cession.".

Amendment of section 6 of Act 10 of 1975, as amended by section 93 of Act 63 of 1975.

5. Section 6 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the word "secretary", wherever it occurs, of the word "Director-General";

(b) by the substitution for the words "Minister of Agriculture" in subsection (2), of the words "Minister of Agriculture and Fisheries"; and

(c) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) If any person upon whom a notice referred to in subsection (2) *(b)* has been served and the owner of the land in question are unable to agree on the purchase price of such land, such purchase price shall be determined by arbitration in terms of the Arbitration Act, 1965 (Act No. 42 of 1965): Provided that, in determining such purchase price, the provisions of section 12 of the Expropriation Act, 1975 (Act No. 63 of 1975), shall *mutatis mutandis* apply.".

Insertion of section 6A in Act 10 of 1975.

6. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 6:

"Delegation of powers.

6A. The Minister may delegate to the Director-General or any other officer of the Department of Mineral and Energy Affairs any power conferred upon the Minister by this Act.".

Substitution of long title of Act 10 of 1975.

7. The following long title is hereby substituted for the long title of the principal Act:

"ACT

To provide for the limitation of the division of rights to minerals; for the granting of permission in certain circum-

University of Pretoria Together in Excellence

die bedrag van die verbandskuld wat nog uitstaande is, aan die verbandhouer betaal;

(b) (i) indien daardie reg of aandeel daarin aan 'n fideicommissum, vruggebruik of ander beswaring kragtens 'n testamentêre of ander skriftelike beskikking onderworpe was, word daardie bedrag of, na gelang van die geval, enige saldo daarvan na betaling van enige verbandskuld ingevolge paragraaf *(a)*, betaal aan die Meester van die Hooggeregshof binne wie se regsgebied die betrokke grond geleë is; of

(ii) indien daardie reg of aandeel daarin nie aldus onderworpe was nie, word daardie bedrag of bedoelde saldo, na gelang van die geval, betaal aan iemand wat die **[sekretaris]** Direkteur-generaal oortuig dat hy daarop geregtig is of, indien die **[sekretaris]** Direkteur-generaal nie aldus oortuig word nie, aan die Meester van die Hooggeregshof binne wie se regsgebied die betrokke grond geleë is.

(6) Die bepalings van artikel 21 (2) en (3) van die Onteieningswet, 1975 (Wet No. 63 van 1975), is *mutatis mutandis* van toepassing op geld wat ingevolge subartikel (5) *(b)* van hierdie artikel deur 'n Meester van die Hooggeregshof ontvang word.

(7) Die koste verbonde aan 'n sessie beoog in hierdie artikel word deur die betrokke sessionaris betaal en die bepalings van die Wet op Hereregte, 1949 (Wet No. 40 van 1949), is van toepassing in verband met so 'n sessie.".

5. Artikel 6 van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 6 van Wet 10 van 1975, soos gewysig deur artikel 93 van Wet 63 van 1975.

(a) deur die woord ,,sekretaris", waar dit ook al voorkom, deur die woord ,,Direkteur-generaal" te vervang;

(b) deur in subartikel (2) die woorde ,,Minister van Landbou" deur die woorde ,,Minister van Landbou en Visserye" te vervang; en

(c) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

,,(3) Indien 'n persoon aan wie 'n kennisgewing bedoel in subartikel (2) *(b)* bestel is en die eienaar van die betrokke grond nie in staat is om oor die koopprys van daardie grond ooreen te kom nie, word daardie koopprys deur arbitrasie ingevolge die Wet op Arbitrasie, 1965 (Wet No. 42 van 1965), bepaal: Met dien verstande dat by die berekening van daardie koopprys die bepalings van artikel 12 van die Onteieningswet, 1975 (Wet No. 63 van 1975), *mutatis mutandis* van toepassing is.".

6. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 6 ingevoeg: Invoeging van artikel 6A in Wet 10 van 1975.

,,Delegering van bevoegdhede.

6A. Die Minister kan aan die Direkteur-generaal of enige ander beampte in die Departement van Mineraal- en Energiesake 'n bevoegdheid by hierdie Wet aan die Minister verleen, delegeer.".

7. Die lang titel van die Hoofwet word hierby deur die volgende lang titel vervang: Vervanging van lang titel van Wet 10 van 1975.

,,WET

Om voorsiening te maak vir die beperking op die verdeling van regte op minerale; vir die verlening onder sekere

stances by the Minister of **[Mines]** Mineral and Energy Affairs to prospect for certain minerals; for the granting of authority in certain circumstances by the said Minister to a registrar of deeds to register cession of certain **[undivided shares in certain]** rights to minerals in favour of certain persons; for the purchase or acquisition of certain land in certain circumstances; and for matters connected therewith.".

Short title.

8. This Act shall be called the Mineral Laws Supplementary Act Amendment Act, 1981.

University of Fort Hare
Together in Excellence

omstandighede van toestemming deur die Minister van **[Mynwese]** Mineraal- en Energiesake vir prospektering van sekere minerale; vir die verlening onder sekere omstandighede deur genoemde Minister van magtiging aan 'n registrateur van aktes om sessie van sekere **[onverdeelde aandele in sekere]** regte op minerale ten gunste van sekere persone te registreer; vir die koop of verkryging van sekere grond onder sekere omstandighede; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.".

8. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Aanvullende Wet op die Mineraalwette, 1981. Kort titel.

University of Fort Hare
Together in Excellence

7453
University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 189] KAAPSTAD, 4 MAART 1981 CAPE TOWN, 4 MARCH 1981 [No. 7453

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 427. 4 Maart 1981.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 24 van 1981: Ongevallewysigingswet, 1981.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 427. 4 March 1981.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 24 of 1981: Workmen's Compensation Amendment Act, 1981.

Act No. 24, 1981 WORKMEN'S COMPENSATION AMENDMENT ACT, 1981

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Workmen's Compensation Act, 1941, in order to fix a higher maximum earnings limit for the purposes of the definition of "workman"; to extend the application of the Act to accidents during fire-fighting and other emergency services; to increase the maximum amount of compensation payable to workmen or their dependants and the amount payable in respect of the burial expenses of a workman; to adjust certain pensions; to bring the English text of section 95 into line with the Afrikaans text; and to further regulate the legality and retention of certain records; and to provide for incidental matters.

(English text signed by the State President.)
(Assented to 16 February 1981.)

University of Fort Hare
Together in Excellence

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 3 of Act 30 of 1941, as substituted by section 1 of Act 21 of 1964 and amended by section 1 of Act 58 of 1967, section 2 of Act 9 of 1970, section 2 of Act 11 of 1974 and section 1 of Act 28 of 1977.

1. Section 3 of the Workmen's Compensation Act, 1941 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (2) of the following paragraph:

"*(b)* persons whose earnings calculated in the manner set forth in section 41 exceed **[nine thousand six hundred]** twelve thousand rand a year;".

Substitution of section 28 of Act 30 of 1941, as amended by section 11 of Act 27 of 1945.

2. The following section is hereby substituted for section 28 of the principal Act:

"Accidents during training for or performance of emergency services.

28. When a workman meets with an accident—

(a) while, with the consent of his employer, being trained in organized first aid, ambulance or rescue work, fire-fighting or other emergency service, or engaged in any competition in connection therewith; or

(b) in or about his employer's mine, works or premises, while engaged in any organized first aid, ambulance or rescue work, fire-fighting or other emergency service; or

(c) while engaged, with the consent of his employer, in any organized first aid, ambulance or rescue work, fire-fighting or other emergency

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Ongevallewet, 1941, ten einde 'n hoër maksimum verdienstegrens vir die doeleindes van die omskrywing van „werksman" te bepaal; die toepassing van die Wet uit te brei na ongevalle tydens brandbestryding en ander nooddienste; die maksimum bedrag van skadeloosstelling wat aan werksmense of hul nabestaandes betaalbaar is en die bedrag betaalbaar ten opsigte van die begrafniskoste van 'n werksman, te verhoog; sekere pensioene aan te pas; die Engelse teks van artikel 95 in ooreenstemming met die Afrikaanse teks te bring; en die wettigheid en retensie van sekere aantekeninge verder te reël; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

University of Fort Hare

(*Engelse teks deur die Staatspresident getekend.*)
(*Goedgekeur op 16 Februarie 1981.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 3 van Wet 30 van 1941, soos vervang deur artikel 1 van Wet 21 van 1964 en gewysig deur artikel 1 van Wet 58 van 1967, artikel 2 van Wet 9 van 1970, artikel 2 van Wet 11 van 1974 en artikel 1 van Wet 28 van 1977.

1. Artikel 3 van die Ongevallewet, 1941 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* van subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(b)* persone wie se verdienste bereken op die wyse uiteengesit in artikel 41, **[nege-duisend seshonderd]** twaalfduisend rand per jaar te bowe gaan;".

Vervanging van artikel 28 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 27 van 1945.

2. Artikel 28 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Ongevalle tydens opleiding vir of verrigting van nooddienste.

28. Wanneer 'n werksman 'n ongeval oorkom—

(a) terwyl hy met die toestemming van sy werkgewer in georganiseerde eerstehulp-, ambulans- of reddingswerk, brandbestryding of ander nooddiens opgelei word of aan 'n daarmee in verband staande wedstryd deelneem; of

(b) terwyl hy in of by sy werkgewer se myn, werke of perseel met georganiseerde eerstehulp-, ambulans- of reddingswerk, brandbestryding of ander nooddiens besig is; of

(c) terwyl hy met die toestemming van sy werkgewer op enige myn, werke of perseel, wat nie dié van sy werkgewer is nie, met georganiseerde

service on any mine, works or premises, other than his employer's,

resulting in his disablement or death, such accident shall, for the purpose of this Act, be deemed to arise out of and in the course of his employment.".

Amendment of section 38 of Act 30 of 1941, as amended by section 18 of Act 27 of 1945, section 14 of Act 36 of 1949, section 13 of Act 51 of 1956, section 4 of Act 7 of 1961, section 2 of Act 58 of 1967, section 1 of Act 60 of 1971, section 6 of Act 11 of 1974 and section 5 of Act 28 of 1977.

3. Section 38 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* Compensation for temporary total disablement shall be periodical payments during such temporary disablement at a rate of seventy-five per cent of the monthly earnings of the workman up to four hundred rand of such earnings and fifty per cent of his monthly earnings in excess of four hundred rand up to one thousand rand of such earnings: Provided that the periodical payment shall not be less than thirteen rand per month or the rate of the workman's earnings at the time of the accident, whichever is the lesser."; and

(b) by the substitution in subsection (4) for the words "four hundred" of the words "one thousand".

Amendment of section 39 of Act 30 of 1941, as amended by section 19 of Act 27 of 1945, section 15 of Act 36 of 1949, section 14 of Act 51 of 1956, section 5 of Act 7 of 1961, section 3 of Act 58 of 1967, section 2 of Act 60 of 1971, section 7 of Act 11 of 1974 and section 6 of Act 28 of 1977.

4. Section 39 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* Where the degree of disablement is thirty per cent, a lump sum equal to twelve times the monthly earnings of the workman up to **[forty]** five hundred rand of such earnings **[together with ten times his monthly earnings in excess of forty rand up to four hundred rand]**.";

(b) by the substitution for paragraph *(c)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(c)* Where the degree of disablement is one hundred per cent, a monthly pension equal to seventy-five per cent of the monthly earnings of the workman up to four hundred rand of such earnings plus fifty per cent of his monthly earnings in excess of four hundred rand up to one thousand rand of such earnings: Provided that the pension payable shall not be less than thirteen rand per month or the rate of the workman's earnings at the time of the accident, whichever is the lesser."; and

(c) by the substitution in subsection (2) for the words "four hundred" of the words "one thousand".

Amendment of section 40 of Act 30 of 1941, as amended by section 20 of Act 27 of 1945, section 16 of Act 36 of 1949, section 15 of Act 51 of 1956, section 6 of Act 7 of 1961, section 4 of Act 58 of 1967, section 8 of Act 11 of 1974 and section 7 of Act 28 of 1977.

5. Section 40 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The commissioner may in his discretion pay out of the accident fund, or, as the case may be, direct the employer individually liable to pay, an allowance not exceeding **[two hundred and fifty]** four hundred rand towards the necessary burial expenses of the workman.".

IN LUMINE TUO VIDE BIMUS LUMEN
University of Fort Hare
Together in Excellence

eerstehulp-, ambulans- of reddingswerk, brandbestryding of ander nooddiens besig is,

wat arbeidsongeskiktheid of dood tot gevolg het, word die ongeval vir die doeleindes van hierdie Wet geag uit sy diens te ontstaan en in die loop daarvan plaas te vind.".

3. Artikel 38 van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 38 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 27 van 1945, artikel 14 van Wet 36 van 1949, artikel 13 van Wet 51 van 1956, artikel 4 van Wet 7 van 1961, artikel 2 van Wet 58 van 1967, artikel 1 van Wet 60 van 1971, artikel 6 van Wet 11 van 1974 en artikel 5 van Wet 28 van 1977.

(a) deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(a)* Skadeloosstelling weens tydelike algehele arbeidsongeskiktheid, is periodieke uitkerings gedurende sodanige tydelike arbeidsongeskiktheid teen 'n skaal van vyf-en-sewentig persent van die maandelikse verdienste van die werksman tot vierhonderd rand van daardie verdienste en vyftig persent van sy maandelikse verdienste bo vierhonderd rand tot eenduisend rand van daardie verdienste: Met dien verstande dat die periodieke uitkering nie minder as dertien rand per maand of die skaal van die werksman se verdienste ten tyde van die ongeval, na gelang van watter die kleinste is, mag bedra nie."; en

(b) deur in subartikel (4) die woord „vierhonderd" deur die woord „eenduisend" te vervang.

4. Artikel 39 van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 39 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 19 van Wet 27 van 1945, artikel 15 van Wet 36 van 1949, artikel 14 van Wet 51 van 1956, artikel 5 van Wet 7 van 1961, artikel 3 van Wet 58 van 1967, artikel 2 van Wet 60 van 1971, artikel 7 van Wet 11 van 1974 en artikel 6 van Wet 28 van 1977.

(a) deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(a)* Wanneer die graad van arbeidsongeskiktheid dertig persent is, 'n enkele geldsom gelyk aan twaalf maal die maandelikse verdienste van die werksman tot **[veertig]** vyfhonderd rand van daardie verdienste **[benewens tien maal sy maandelikse verdienste bo veertig rand tot vierhonderd rand]**.";

(b) deur paragraaf *(c)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(c)* Wanneer die graad van arbeidsongeskiktheid honderd persent is, 'n maandelikse pensioen gelyk aan vyf-en-sewentig persent van die maandelikse verdienste van die werksman tot vierhonderd rand van daardie verdienste plus vyftig persent van sy maandelikse verdienste bo vierhonderd rand tot eenduisend rand van daardie verdienste: Met dien verstande dat die betaalbare pensioen nie minder as dertien rand per maand of die skaal van die werksman se verdienste ten tyde van die ongeval, na gelang van watter die kleinste is, mag bedra nie."; en

(c) deur in subartikel (2) die woord „vierhonderd" deur die woord „eenduisend" te vervang.

5. Artikel 40 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 40 van Wet 30 van 1941, soos gewysig deur artikel 20 van Wet 27 van 1945, artikel 16 van Wet 36 van 1949, artikel 15 van Wet 51 van 1956, artikel 6 van Wet 7 van 1961, artikel 4 van Wet 58 van 1967, artikel 8 van Wet 11 van 1974 en artikel 7 van Wet 28 van 1977.

„(2) Die Kommissaris kan na goeddunke uit die ongevallefonds 'n toelae van hoogstens **[tweehonderd-en-vyftig]** vierhonderd rand vir die nodige begrafniskoste van die werksman betaal of die werkgewer indiwidueel aanspreeklik gelas om dit te betaal, na gelang van die geval.".

Amendment of section 43*bis* of Act 30 of 1941, as inserted by section 17 of Act 51 of 1956 and amended by section 6 of Act 9 of 1970, section 9 of Act 11 of 1974 and section 3 of Act 8 of 1979.

6. Section 43*bis* of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) **[The Minister may, on the recommendation of the commissioner, by notice in the *Gazette* order that all]** All monthly pensions payable under section 39 or 40 of this Act at the commencement of the Workmen's Compensation Amendment Act, **[1979]** 1981, or awarded subsequently, in respect of accidents which happened before **[the commencement of the Workmen's Compensation Amendment Act, 1977 (Act No. 28 of 1977),]** such commencement, shall with effect from **[a date to be determined by the Minister]** such commencement be increased by fifteen per cent."; and

(b) by the deletion of subsection (2).

Amendment of section 95 of Act 30 of 1941.

7. Section 95 of the principal Act is hereby amended by the substitution in the proviso to subsection (1) for the word "him" of the words "the commissioner".

Substitution of section 97 of Act 30 of 1941.

8. The following section is hereby substituted for section 97 of the principal Act:

"Employer to keep records.

97. (1) Every employer shall in respect of all his workmen keep records of wages paid, time worked and payment made for piece-work and overtime, and of any other particulars prescribed and he shall at all reasonable times produce such records or a microfilm or other microform reproduction thereof, on demand, to any person authorized under section 17 for his inspection.

(2) Every employer shall retain the records or reproduction thereof referred to in subsection (1) for a period of not less than three years after the date on which such records are made.

(3) An employer who fails to comply with any provision of this **[sub-section]** section shall be guilty of an offence.".

Amendment of section 104 of Act 30 of 1941.

9. Section 104 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Every record of a decision or award made by the commissioner and every copy or reproduction (whether obtained by microfilming or any other process) of, or extract from, an entry in any book or record kept by the commissioner, and of any document filed with the commissioner, purporting to be certified by the commissioner to be a true copy or reproduction or extract shall upon production be received in any court as *prima facie* evidence of the matters so certified without proof of the commissioner's signature.".

Short title and commencement.

10. This Act shall be called the Workmen's Compensation Amendment Act, 1981, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*: Provided that the amendments effected by sections 1, 2, 3, 4 and 5 shall not apply with reference to accidents which occurred prior to the date so fixed.

6. Artikel 43*bis* van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 43*bis* van Wet 30 van 1941, soos ingevoeg deur artikel 17 van Wet 51 van 1956 en gewysig deur artikel 6 van Wet 9 van 1970, artikel 9 van Wet 11 van 1974 en artikel 3 van Wet 8 van 1979.

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) **[Die Minister kan, op aanbeveling van die kommissaris, by kennisgewing in die *Staatskoerant* beveel dat alle]** Alle maandelikse pensioene kragtens artikel 39 of 40 van hierdie Wet betaalbaar by die inwerkingtreding van die Ongevallewysigingswet, **[1979]** 1981, of daarna toegeken, ten opsigte van ongevalle wat voor **[die inwerkingtreding van die Ongevallewysigingswet, 1977 (Wet No. 28 van 1977),]** sodanige inwerkingtreding plaasgevind het, word vanaf **['n datum deur die Minister bepaal]** sodanige inwerkingtreding met vyftien persent verhoog **[word]**."; en

(b) deur subartikel (2) te skrap.

7. Artikel 95 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) van die Engelse teks die woord „him" deur die woorde „the commissioner" te vervang. Wysiging van artikel 95 van Wet 30 van 1941.

8. Artikel 97 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang: Vervanging van artikel 97 van Wet 30 van 1941.

„Werkgewer moet aantekeninge hou.

97. (1) Elke werkgewer moet ten opsigte van al sy werksmense aantekeninge hou van lone, werktyd en die stukwerkloon en oortydloon en van alle ander voorgeskrewe besonderhede, en hy moet daardie aantekeninge of 'n mikrofilm- of ander mikrovorm-reproduksie daarvan te alle redelike tye op versoek aan enige ingevolge artikel 17 gemagtigde persoon ter insae voorlê.

(2) Elke werkgewer moet die in subartikel (1) bedoelde aantekeninge of reproduksie daarvan behou vir 'n tydperk van minstens drie jaar na die datum waarop daardie aantekeninge gemaak word.

(3) 'n Werkgewer wat versuim om aan enige bepaling van hierdie **[subartikel]** artikel te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.".

9. Artikel 104 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 104 van Wet 30 van 1941.

„(1) Elke aantekening van 'n deur die kommissaris gemaakte beslissing of toewysing en elke afskrif of reproduksie (hetsy deur middel van mikroverfilming of 'n ander proses verkry) van, of uittreksel uit, 'n aantekening in 'n boek of stuk deur die Kommissaris gehou en van 'n by die kommissaris ingediende stuk, wat voorgee deur die kommissaris as 'n juiste afskrif of reproduksie of uittreksel gesertifiseer te wees, word by voorlegging in 'n hof as *prima facie*-getuienis van die aldus gesertifiseerde feite aangeneem, sonder bewys van die kommissaris se handtekening.".

10. Hierdie Wet heet die Ongevallewysigingswet, 1981, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal: Met dien verstande dat die wysigings wat deur artikels 1, 2, 3, 4 en 5 aangebring is, nie van toepassing is nie met betrekking tot ongevalle wat voor die aldus bepaalde datum plaasgevind het. Kort titel en inwerkingtreding.

7454
University of Fort Hare
Together in Excellence

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 189] KAAPSTAD, 4 MAART 1981 CAPE TOWN, 4 MARCH 1981 [No. 7454

University of Fort Hare
Together in Excellence

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 428. 4 Maart 1981.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 25 van 1981: Wysigingswet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1981.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 428. 4 March 1981

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 25 of 1981: Commission for Fresh Produce Markets Amendment Act, 1981.

Act No. 25, 1981

COMMISSION FOR FRESH PRODUCE MARKETS AMENDMENT ACT, 1981

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Commission for Fresh Produce Markets Act, 1970, in order to provide for a prohibition against the use as a fresh produce market of any fresh produce market erected without the necessary approval; for the fixing of different tariffs in respect of different uses of a national fresh produce market; and for incidental matters.

(*Afrikaans text signed by the State President.*)
(*Assented to 16 February 1981.*)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 10 of Act 82 of 1970.

1. Section 10 of the Commission for Fresh Produce Markets Act, 1970 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(3) The Minister may prohibit the owner of a fresh produce market erected in a controlled area without the prior written approval of the Minister, from using or permitting the use of such market as a fresh produce market.".

Amendment of section 19 of Act 82 of 1970, as amended by section 34 of Act 57 of 1975.

2. Section 19 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following section:

"(2) A tariff fixed under subsection (1) may differ in respect of different national fresh produce markets, and different uses of, and different services performed at, any national fresh produce market, and may be fixed on any basis which the Minister may deem fit.".

Amendment of section 36 of Act 82 of 1970, as amended by section 36 of Act 57 of 1975.

3. Section 36 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* contravenes the provisions of section 10 (1), 14 (1), 19 (4) or 35 or any prohibition imposed under section 10 (3), or fails to comply with an order issued under section 3 *(f)*, 14 (3) or 17;".

Short title.

4. This Act shall be called the Commission for Fresh Produce Markets Amendment Act, 1981.

WYSIGINGSWET OP DIE KOMMISSIE VIR VARSPRODUKTEMARKE, 1981 **Wet No. 25, 1981**

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

_____ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1970, ten einde voorsiening te maak vir 'n verbod op die gebruik as varsproduktemark van 'n varsproduktemark wat sonder die nodige goedkeuring opgerig is; vir die vasstelling van verskillende tariewe ten opsigte van verskillende gebruike van 'n nasionale varsproduktemark; en vir bykomstige aangeleenthede.

(*Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 16 Februarie 1981.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

1. Artikel 10 van die Wet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1970 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg: Wysiging van artikel 10 van Wet 82 van 1970.

„(3) Die Minister kan die eienaar van 'n varsproduktemark wat sonder die vooraf verkreë skriftelike goedkeuring van die Minister in 'n beheerde gebied opgerig is, verbied om sodanige mark as varsproduktemark te gebruik of toe te laat dat dit aldus gebruik word.".

2. Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 19 van Wet 82 van 1970, soos gewysig deur artikel 34 van Wet 57 van 1975.

„(2) 'n Tarief kragtens subartikel (1) vasgestel, kan verskil ten opsigte van verskillende nasionale varsproduktemarke, en verskillende gebruike van, en verskillende dienste **[wat]** verrig by, 'n nasionale varsproduktemark, **[verrig word]** en kan vasgestel word op 'n grondslag wat die Minister goedvind.".

3. Artikel 36 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang: Wysiging van artikel 36 van Wet 82 van 1970, soos gewysig deur artikel 36 van Wet 57 van 1975.

„*(a)* die bepalings van artikel 10 (1), 14 (1), 19 (4) of 35 of 'n verbod kragtens artikel 10 (3) opgelê, oortree of versuim om aan 'n lasgewing uitgereik kragtens artikel 3 *(f)*, 14 (3) of 17 te voldoen;".

4. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Kommissie vir Varsproduktemarke, 1981. Kort titel.


7455
University of Ottawa
Together in Excellence

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer *Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRYS + 1c AVB 20c PRICE + 1c GST
BUITELANDS 30c ABROAD
POSVRY · POST FREE

VOL. 189] KAAPSTAD, 4 MAART 1981 CAPE TOWN, 4 MARCH 1981 [No. 7455

University of Fort Hare
Together in Excellence

KANTOOR VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 429. 4 Maart 1981.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 26 van 1981: Opmetingswysigingswet, 1981.

OFFICE OF THE PRIME MINISTER

No. 429. 4 March 1981.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 26 of 1981: Land Survey Amendment Act, 1981.

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

[ ] Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

_____ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

ACT

To amend the Land Survey Act, 1927, so as to further define the circumstances in which a land surveyor shall be guilty of improper conduct; to regulate the situation in regard to the signing of the relevant agreement by the holder of a real right at the original survey of land or at the removal of uncertainty in the description of a curvilinear boundary; to make provision in relation to the re-erection and resurvey of reference marks in a new township or in an extension of an existing township; to provide for the delegation by a local authority of its power to agree to the alteration, amendment or cancellation of a general plan; to provide for the publication of certain findings if the address of certain persons cannot be ascertained; to empower a Surveyor-General to prevent the further registration of land in certain circumstances; to redefine "Minister"; and to substitute certain official titles; and to provide for incidental matters.

University of Pretoria
etd – Fouchee, J (2005)

(English text signed by the State President.)
(Assented to 16 February 1981.)

BE IT ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Substitution of section 1 of Act 9 of 1927, as substituted by section 1 of Act 71 of 1972.

1. The following section is hereby substituted for section 1 of the Land Survey Act, 1927 (hereinafter referred to as the principal Act):

"Appointment, powers and functions of the Chief Director.

1. (1) Subject to the provisions of any law governing the public service, the Minister shall appoint an officer to be styled the **[Director-General of Surveys]** Chief Director of Surveys and Mapping, who shall be a land surveyor.

(2) The **[Director-General]** Chief Director shall, subject to the directions of the Minister, exercise the powers and perform the functions conferred upon or assigned to him by this Act.".

Substitution of section 2 of Act 9 of 1927, as substituted by section 2 of Act 71 of 1972.

2. The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

"Duties of the Chief Director.

2. (1) The **[Director-General]** Chief Director shall be in charge of such geodetic, topographical and cadastral surveying in the Republic as the Minister may direct, and subject to the provisions of this Act, shall—

(a) promote and control all matters affecting such surveys;

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

[ ] Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

WET

Tot wysiging van die Opmetingswet, 1927, ten einde die omstandighede waaronder 'n landmeter hom aan onbehoorlike gedrag skuldig maak verder te omskryf; by die oorspronklike opmeting van grond of by die verwydering van onsekerheid in die beskrywing van 'n kromlynige grens die posisie met betrekking tot die ondertekening van die tersaaklike ooreenkoms deur die houer van 'n saaklike reg, te reël; voorsiening te maak met betrekking tot die heroprigting en die hermeting van versekeringsmerke in 'n nuwe dorp of in 'n uitbreiding van 'n bestaande dorp; voorsiening te maak vir die delegering deur 'n plaaslike bestuur van sy bevoegdheid om toe te stem tot die verandering, wysiging of rojering van 'n algemene plan; voorsiening te maak vir die publikasie van sekere bevindings indien die adres van sekere persone nie vasgestel kan word nie; 'n Landmeter-generaal te magtig om in sekere omstandighede die verdere registrasie van grond te verhinder; om „Minister" te heromskryf; en sekere ampstitels te vervang; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 16 Februarie 1981.*)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Vervanging van artikel 1 van Wet 9 van 1927, soos vervang deur artikel 1 van Wet 71 van 1972.

1. Artikel 1 van die Opmetingswet, 1927 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Aanstelling, bevoegdhede en werksaamhede van die Hoofdirekteur.

1. (1) Die Minister stel, met inagneming van die wetsbepalings op die staatsdiens, 'n beampte aan wat die **[Direkteur-generaal van Opmetings]** Hoofdirekteur van Opmetings en Kartering genoem word en 'n landmeter moet wees.

(2) Behoudens die voorskrifte van die Minister, oefen die **[Direkteur-generaal]** Hoofdirekteur die bevoegdhede uit en verrig hy die werksaamhede wat hierdie Wet aan hom verleen of toewys.".

Vervanging van artikel 2 van Wet 9 van 1927, soos vervang deur artikel 2 van Wet 71 van 1972.

2. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Pligte van die Hoofdirekteur.

2. (1) Die **[Direkteur-generaal]** Hoofdirekteur is in beheer van die geodetiese, topografiese en kadastrale opmetings in die Republiek wat die Minister gelas en, met inagneming van die bepalings van hierdie Wet, moet hy—

(a) alle aangeleenthede rakende sodanige opmetings bevorder en beheer;

(b) supervise and control the survey and charting of land for purposes of registration in a deeds registry;

(c) conduct such trigonometrical, topographical, geodetic and other relevant survey operations as may be required;

(d) prepare, compile and amend from time to time, as the circumstances necessitate, such maps and other documents as may be required;

(e) regulate the procedure in each regional office and determine the manner in which the provisions of this Act and of the regulations shall be carried out;

(f) take charge of and preserve the records (which do not form part of the records of an office of a Surveyor-General) of all surveys and operations carried out before the commencement of the Land Survey Amendment Act, 1972, or under this section.

(2) Any officer employed in the office of the **[Director-General]** Chief Director and who is a land surveyor may, if delegated thereto by the **[Director-General]** Chief Director, do any specified act or thing which may lawfully be done under this Act or the regulations or any other law by the **[Director-General]** Chief Director.".

Amendment of section 14 of Act 9 of 1927, as amended by section 7 of Act 52 of 1962.

3. Section 14 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"**[If a]** A land surveyor shall be guilty of improper conduct if he—"; and

(b) by the substitution for paragraph *(f)* and the words following thereon of the following paragraphs and words:

"*(f)* is guilty of **[such improper]** conduct as, in the opinion of the **[Director-General]** Chief Director, renders him unfit to practise as a land surveyor; or

(g) contravenes a provision of this Act or the regulations made thereunder or fails to comply with such a provision,

and the Minister may apply to the Court by way of motion for the suspension or cancellation of the right of such land surveyor to practise as such, and the Court may thereupon suspend or cancel such right or make such other order as it thinks fit, or the Minister may refer any complaint, charge or allegation of improper conduct to the Central Council of Land Surveyors for enquiry in terms of section 12 of the Land Surveyors' Registration Act, 1950 (Act No. 14 of 1950).".

Amendment of section 16 of Act 9 of 1927, as amended by section 4 of Act 14 of 1941, section 8 of Act 52 of 1962 and section 5 of Act 23 of 1977.

4. Section 16 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subparagraph (ii) of paragraph *(b)* of subsection (2) of the following subparagraph:

"(ii) in respect of such contiguous land, or any right to minerals in respect of the land being surveyed, which is held by two or more owners or holders in undivided shares, it shall be sufficient if the agreement is signed by the owners or holders of not less than a three-fourths share in such land or such right to minerals, as the case may be;"; and

(b) by the addition of the following subsection:

(b) die opmeting en kartering van grond vir die doeleindes van registrasie in 'n registrasiekantoor onder toesig hou en beheer;

(c) die driehoeks-, topografiese, geodetiese en ander toepaslike opmetings wat nodig is, uitvoer;

(d) van tyd tot tyd, soos die omstandighede vereis, die landkaarte en ander dokumente wat nodig word, voorberei, saamstel en wysig;

(e) die prosedure in elke streekkantoor reël en die wyse bepaal waarop die bepalings van hierdie Wet en die regulasies uitgevoer moet word;

(f) die stukke (wat nie deel uitmaak van die stukke van 'n kantoor van 'n landmeter-generaal nie) van alle opmetings en handelinge wat voor die inwerkingtreding van die Opmetingswysigingswet, 1972, of kragtens hierdie artikel uitgevoer is, onder sy beheer neem en bewaar.

(2) 'n Beampte werksaam in die kantoor van die **[Direkteur-generaal]** Hoofdirekteur en wat 'n landmeter is, kan, as hy deur die **[Direkteur-generaal]** Hoofdirekteur daartoe gemagtig is, enige bepaalde handeling of taak verrig wat die **[Direkteur-generaal]** Hoofdirekteur wettiglik ingevolge hierdie Wet of die regulasies of 'n ander wet mag verrig.".

3. Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 14 van Wet 9 van 1927, soos gewysig deur artikel 7 van Wet 52 van 1962.

(a) deur die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„**[As 'n landmeter]** 'n Landmeter is skuldig aan onbetaamlike gedrag as hy—"; en

(b) deur paragraaf *(f)* en die woorde wat daarop volg deur die volgende paragrawe en woorde te vervang:

wat kragtens klousule 5 (6) verkies om vir 'n eksamen in te skryf. Indien die vakleerling enige vak in die eksamen druip, mag die werkgewer die eksamengeld ten opsigte van daardie vak in paaiemente van hoogstens R1,00 per week van die vakleerling se loon aftrek.

7. AMBAGSTOETSE

(1) 'n Vakleerling moet so kort moontlik voor die einde van sy leertyd 'n kwalifiserende ambagstoets wat deur die Departemente van Mannekragbenutting en van Nasionale Opvoeding afgeneem word, aflê in die praktyk van die ambag waarvoor hy ingeboek is.

(2) 'n Vakleerling wat die opvoedkundige kwalifikasies wat in onderstaande lys gemeld word of gelykwaardige kwalifikasies verwerf het, mag 'n kwalifiserende ambagstoets vrywillig ondergaan in 'n stadium wat nie vroeër mag wees nie as dié in die lys hieronder gemeld: Met dien verstande dat 85 weke praktiese opleiding uitgesonderd teoretiese studies by 'n tegniese inrigting, jaarlikse verlof en siekteverlof voltooi word. 'n Verdere kwalifiserende vrywillige toets of toetse mag onderneem word op 'n datum of datums wat deur die Departemente van Mannekragbenutting en van Nasionale Opvoeding bepaal word.

Opvoedkundige kwalifikasies behaal voor of gedurende vakleerlingskap	Toets mag vrywillig afgelê word
GROEP A	
(i) Standerd 9-sertifikaat, met Wiskunde as 'n slaagvak (ii) Standerd 10-sertifikaat, sonder Wiskunde as 'n slaagvak (iii) Drukkersambagsteorie-sertifikaat, Deel II	na 3½ jaar vakleerlingskap
GROEP B	
(i) Standerd 10-sertifikaat, met Wiskunde as 'n slaagvak (ii) Drukkersambagsteorie-sertifikaat, Deel III	na 3¼ jaar vakleerlingskap
GROEP C	
(i) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel I (N1) (ii) Nasionale Drukkerssertifikaat, Deel I	na 3¼ jaar vakleerlingskap
GROEP D	
(i) Standerd 8-sertifikaat (Tegniese Studieveld), met Werkwinkelpraktyk as 'n slaagvak (ii) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II (N2) (iii) Nasionale Drukkersertifikaat, Deel II	na 3 jaar vakleerlingskap

5 (6) elects, to enter for any examination. Should the apprentice fail to pass the examination in any subject, the examination fees for that subject may be deducted by the employer from the wages of the apprentice in instalments of not more than R1,00 per week.

7. TRADE TESTS

(1) An apprentice shall undergo a qualifying trade test conducted by the Departments of Manpower Utilisation and of National Education, as shortly as practicable before the end of his period of apprenticeship, in the practice of the trade in which he is indentured.

(2) An apprentice who has attained the educational qualifications scheduled hereunder or equivalents, may voluntarily undergo a qualifying trade test at a stage not earlier than that indicated in the Schedule: Provided that he has completed at least 85 weeks of practical training, excluding theoretical studies at a technical institution, annual leave and sick leave. A further qualifying voluntary test or tests may be undertaken on a date or dates to be determined by the Departments of Manpower Utilisation and of National Education.

Educational qualifications attained prior to or during apprenticeship	Test may be taken voluntarily
GROUP A	
(i) Standard 9 Certificate, with a pass in Mathematics (ii) Standard 10 Certificate, without a pass in Mathematics (iii) Printers' Trade Theory Certificate, Part II	after 3½ years of apprenticeship
GROUP B	
(i) Standard 10 Certificate, with a pass in Mathematics (ii) Printers' Trade Theory Certificate, Part III	after 3¼ years of apprenticeship
GROUP C	
(i) National Technical Certificate, Part I (N1) (ii) National Printers' Certificate Part I	after 3¼ years of apprenticeship
GROUP D	
(i) Standard 8 Certificate (Technical Field of Study), with a pass in Workshop Practice (ii) National Technical Certificate, Part II (N2) (iii) National Printers' Certificate, Part II	after 3 years of apprenticeship

University of Fort Hare
Together in Excellence

Opvoedkundige kwalifikasies behaal voor of gedurende vakleerlingskap	Toets mag vrywillig afgelê word
GROEP E	
(i) Standerd 10-sertifikaat (Tegniese Studieveld), sonder Werkwinkelpraktyk as 'n slaagvak (ii) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel III (N3), met drie vakke (iii) Nasionale Drukkersertifikaat, Deel III, met drie vakke	na 2¾ jaar vakleerlingskap
GROEP F	
(i) Standerd 10-sertifikaat (Tegniese Studieveld), met Werkwinkelpraktyk as 'n slaagvak (ii) Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel III (N3), met vier vakke (iii) Nasionale Drukkersertifikaat, Deel III, met vier vakke	na 2½ jaar vakleerlingskap

(3) 'n Bedrag van R6,00 is deur 'n vakleerling betaalbaar ten opsigte van die tweede of enige daaropvolgende kwalifiserende ambagstoets wat op 'n vrywillige grondslag kragtens hierdie klousule onderneem word.

(4) 'n Vakleerling wat 'n ambagstoets ingevolge hierdie klousule ondergaan, moet ten opsigte van die tydperk wat bestee word in verband met een vrywillige ambagstoets en die verpligte ambagstoets, sy gewone besoldiging deur sy werkgewer betaal word ten opsigte van sodanige tydperk van afwesigheid van werk.

(5) 'n Tydperk van afwesigheid van werk vir die doel om 'n ambagstoets ingevolge subklousules (1) en (2) van hierdie klousule te ondergaan, word nie geag verlore tyd te wees nie.

8. OPLEIDINGSKURSUSSE

(1) 'n Werkgewer moet 'n vakleerling die praktiese opleiding in die ambag waarvoor hy ingeboek is, gee soos aangedui in kolom B van die Bylae van hierdie klousule. 'n Vakleerling moet vir sover prakties moontlik opgelei word onder die gereelde toesig van 'n ambagsman wat bevoeg is om hom op te lei in die ambag waarvoor hy ingeboek is.

(2) 'n Werkgewer moet 'n vakleerling ook oplei in die werksaamhede aangedui in kolom C van die tabel teenoor die ambag waarvoor die vakleerling ingeboek is, in die mate waarin geriewe in die werkgewer se bedryfsinrigting bestaan.

Educational qualifications attained prior to or during apprenticeship	Test may be taken voluntarily
GROUP E	
(i) Standard 10 Certificate (Technical Field of Study), without a pass in Workshop Practice (ii) National Technical Certificate, Part III (N3), with three subjects (iii) National Printers' Certificate, Part III, with three subjects	after 2¾ years of apprenticeship
GROUP F	
(i) Standard 10 Certificate (Technical Field of Study), with a pass in Workshop Practice (ii) National Technical Certificate, Part III (N3), with four subjects (iii) National Printers' Certificate, Part III, with four subjects	after 2½ years of apprenticeship

(3) A fee of R6,00 shall be payable by an apprentice in respect of the second or any subsequent qualifying trade test undertaken on a voluntary basis in terms of this clause.

(4) An apprentice undergoing a trade test in terms of this clause shall in respect of the period spent in connection with one voluntary trade test and the compulsory trade test be paid his ordinary remuneration by his employer in respect of such period of absence from work.

(5) A period of absence from work for the purpose of undergoing a trade test in terms of subclauses (1) and (2) of this clause shall not be deemed to be lost time.

8. COURSES OF TRAINING

(1) An employer shall provide an apprenticeship with practical training in the trade in which he is indentured in accordance with column B of the Schedule to this clause. An apprentice shall as far as practicable be trained under regular supervision of an artisan qualified to train him in the trade in which he is indentured.

(2) An employer shall, in addition, give the apprentice training in the operations listed in column C of the table opposite the trade in which the apprentice is indentured, to the extent to which facilities exist in the employer's establishment.

IN LUMINE TUO VI BIMUS LUMEN University of the Free State Universiteit van die Vrystaat

Bylae

Kolom A	Kolom B	Kolom C
	1. BEDIENERWERKTUIGKUNDIGE (MONOTIPEGIETMASJIENE) (14)	
Bedienerwerktuigkundige (Monotipegietmasjiene)	*Eerste Jaar.*—Veiligheidsmaatreëls en eerstehulp wat op die ambag van toepassing is; masjien olie en skoonmaak; metaal in die metaalpot sit en temperatuur daarvan reguleer; watertoevoer na gietvorm reguleer; geperforeerde spoele op masjien sit; toesig hou oor en oprig van produk terwyl masjien loop; galeie setsel en gietsel van masjien afhaal en galeie daarop terugsit; pompromp en -suier uitmekaarhaal, skoonmaak en weer inmekaarsit; matryse, matryskaste, normaalwie en gietvorms omruil; emwydte bepaal en aligneer; lettergroottes, set-, eenheids- en puntstelsel; temperatuur en snelhede vir verskillende lettergroottes; uitleg en vul van kaste vir setters; samestelling, hersmelting, herkondisionering en fluksering van lettermetaal.	Opleiding op die supergietmasjien. Opleiding op die monotipefilmsetmasjien.
	Tweede Jaar.—Uitmekaarhaal en inmekaarsit van gietvorms; penblokke skoonmaak; brugmeganisme en verstellings; elektriese elemente in metaalpot verwyder, skoonmaak en weer inmekaarsit; die pompmeganisme en verstellings; justeerwie en ligstange, met uitskakelmeganisme vir pomp; meganisme van sentreer-en-kwadspasieerhegstuk en verstellings daarvan; funksies van die kamme en die meganisme van die penkäke en matryskake; kaakkloue, sluitstawe, veerkas en verstelling daarvan.	Opleiding op die supergietmasjien. Opleiding op die monotipefilmsetmasjien.
	Derde Jaar.—Die papiertoringmeganisme en verstellings; setselwa- en setselstotermeganisme en verstellings; galeimeganisme en verstellings; waterstelsel—hoe om galeimeganisme te verwyder om skoonmaak van waterpype toe te laat en hoe om dit weer inmekaar te sit.	Opleiding op die supergietmasjien. Opleiding op die monotipefilmsetmasjien.
	Vierde Jaar.—Hersiening en selfstandige werk.	
	2. BEDIENING VAN DIEPDRUKMASJIEN (9)	
Bediening van Diepdrukmasjien	*Eerste Jaar.*—Veiligheidsmaatreëls en eerstehulp wat op die ambag van toepassing is; brandgevaar van statiese elektrisiteit; ventilasie; beginsels van die diepdrukproses en 'n algemene begrip van die drukeienskappe van silinders of plate wat deur middel van verskillende prosesse gegraveer is; struktuur, versorging, bewaring, vervoer en hantering van silinders; verskillende soorte rolvoorraadpapier en gewone papier en hul grootte; inkte en oplosmiddels—kenmerke en samestellings, gebruik en gevare; voorbereiding, hantering en versorging van inkmesse; help by masjiene met die doel om benamings en funksies van onderdele, eenvoudige verstellings, smering en skoonmaak, hantering van papier, produk, silinder en ink te leer.	
	Tweede en Derde Jaar.—Ondervinding op alle beskikbare soorte masjiene met onderrig in bediening, algemene versorging en instandhouding van elke soort, insluitend (waar toepaslik) die deurryg van papier in masjien, outomatiese rolverwisseling, die stel van toevoeroutomate, monteer en stel van teendruksilinders, innaaiband; werking en stel van velsnyers, vou- en afvoereenhede; wisselaandrywers; bediening en verstel van hulp- of volgeenhede (soos bv. nommering, perforering, ponswerk) waar aangebring; strookspanningbeheer en beginsels van bediening en verstel van outomatiese toerusting; aantekening van oplae en behandeling van rolle of stapels voor en na druk; toesig oor masjienassistente; die meng van ink; beginsels, versorging en verstel van outomatiese registreer- en inkstelsels; drukfoute en die verhelping daarvan.	Opleiding vir nie meer as ses maande nie in die platering, slyp en poleer van silinders. Die bediening van 'n herwinningsinstallasie vir oplosmiddels. Die werking van elektrostatiese toerusting.
	Vierde Jaar.—Hersiening en onafhanklike werk.	
	3. BOEKBINDWERK (1)	
	(a) Handwerk	
Boekbindwerk	*Eerste Jaar.*—Veiligheidsmaatreëls en eerstehulp soos op die ambag van toepassing; kennis van kleefstowwe en geskiktheid daarvan vir verskillende soorte werk; materiaal ekonomies sny; werkwinkelhigiëne; tel; kollasioneer en gelykskud; kennis van inslaanskemas; standaardgroottes van ponswerk; kwartgebinde gelykafgekante werk; maak van skutblaaie; bloklyming; kennis van papiergroottes, -massas en -eienskappe; ingevoude werk; sny en gangbare kennis van die snyer.	Bladwyservoorsiening; paginering en foliëring; boeke met omslae en rugplakomslae.
	Tweede Jaar.—Kennis van perforeer, draadheg- en ritsmasjiene, vou- en ponsmasjiene; kennis van materiaal wat in die binderyafdeling gebruik word; alle soorte innaaiing; die sny van drukwerk; randplak van skutblaaie; boekrûe maak; elementêre boekbindwerk; dopskroefbindings.	Sprinkeling en randkleurwerk; vergulding; landkaarte monteer; plastiekbande.

Schedule

Column A	Column B	Column C
	1. BOOKBINDING (3)	
	(a) Craft	
Bookbinding	*First Year.*—Safety precautions and first-aid applicable to the trade; knowledge of adhesives and suitability for various kinds of work; cutting material economically; workshop hygiene; counting; collating and knocking-up; knowledge of imposition schemes; stock sizes of punching; quarterbound flush work; making of end papers; padding; knowledge of stock sizes, masses and qualities; turned-in work; cutting and working knowledge of guillotine.	Indexing; paging and folioing; wrapped and drawn-on covered books.
	Second Year.—Knowledge of perforating, wire stitching and scoring machines, folding and punching machines; knowledge of materials used in the binding department: all types of sewing; cutting printed work; tipping on end papers; backing; elementary letterpress binding; interscrew bindings.	Sprinkling and edge colouring; gilding; map mounting; plastic bindings.
	Third Year.—Letterpress binding, making cases, rounding and backing, head bands; account book binding; blocking blind and gold, use of finishing tools; book repair and restoration; trimming.	Perfect binding; letterpress books with raised bands; account books with sunk labels; all types of loose-leaf binding.
	Fourth Year.—Revision and independent work.	
	OR	
	(b) Mechanised	
	First Year.—Safety precautions and first-aid applicable to the trade; cutting materials economically; workshop hygiene; counting; knocking-up; knowledge of imposition schemes; quarterbound flush work; padding; knowledge of stock sizes, masses and qualities; cutting and working knowledge of guillotine; knowedge of adhesives and suitability for various kinds of work; letterpress binding including making of cases, rounding, backing and head bands.	
	Second and Third Years.—Knowledge of perforating, stapling, folding and punching machines; operation of gathering, stitching, sewing, back glueing, rounding and backing, three-knife trimmer, casemaking, blocking blind and gold, casing-in, book forming and pressing machines. Trimming in third year.	Wrapped and drawn-on covered books; operation of perfect binders; gang stitchers; laminating; lining; tipping on and end-papering machines.
	Fourth Year.—Revision and independent work.	
	2. BOOKBINDING RULING (4)	
Bookbinding/ Ruling	*First Year.*—Safety precautions and first-aid applicable to the trade. Workshop hygiene. Cutting materials economically. Counting and knocking up. Book binding and edition case binding by hand. Quarter-bound flush and turned in work. Working knowledge of guillotine cutting machines.	Knowledge of printers grip and lay problems.
	Second Year.— Cutting printed work. Binding account books in half and full leather with spring backs, sunk labels and loose canvas covers. Folding machines and folding impositions. Open-back raised band books. Care and maintenance of ruling machines. Feeding ruling machines. Mixing ruling inks. Setting pens and discs. Knowledge of stock ruling and the difference between book and loose leaf work. Cutting sheets for ruling.	Simple gold blocking. Knowledge of setting and operating automatic feeders.
	Third Year.—Setting jobs on pen and/or disc machines. Mechanical adjustments. Hand proofing. Setting gate and cams for striking work including boxhead work on pen and/or disc machines. Execution of all the work undertaken by the firm in connection with the trade of Ruling. Acquire a knowledge of the time required to execute a job.	Knowledge of setting and operating perfecting and double L disc machines.
	Fourth Year.—Revision and independent work.	
	3. CARTON MAKING (14)	
Carton Making	*First Year.*—Safety precautions and first-aid applicable to the trade; practice in the use of drawing instruments; making simple carton samples by hand (with instruction as to grain and caliper of board); practice in the use of micrometer, vernier and adjustable protractor; cutting rubber and cork for platen and/or cylinder formes; making very simple cutting formes, e.g. paste down ends; assisting journeyman to make ready on platen and/or cylinder machine; practice in the various techniques of make ready matrices which will determine the width and depth of creasing channels of various board qualities and thicknesses.	Setting rotary cutting machines.

University of Fort Hare

Kolom A	Kolom B	Kolom C
	3. BOEKBINDWERK (1)	
Boekbindwerk *(vervolg)*	*Derde Jaar.*—Hoogdrukbindwerk, die maak van omslae, ronding en kneepvorming, steekbande maak; rekeningboeke bind; blind- en goudblokstempeling, gebruik van afwerkgereedskap; boeke regmaak en restoureer; afrond. *Vierde Jaar.*—Hersiening en onafhanklike werk. OF *(b) Gemeganiseerd* *Eerste Jaar.*—Veiligheidsmaatreëls en eerstehulp soos op die ambag van toepassing; materiaal ekonomies sny; werkwinkelhigiëne; tel; gelykskud; kennis van inslaanskemas; kwartgebinde gelykafgekante werk; blok-lyming; kennis van papiergroottes, -massas en -eienskappe; sny en gangbare kennis van die snyer; kennis van kleefstowwe en geskiktheid daarvan vir verskillende soorte werk; hoogdrukbindwerk, met inbegrip van die maak van omslae, ronding, kneepvorming en steekbande maak.	Lyminbinding; boeke in hoogdrukwerk met rugribbe; rekeningboeke met versonke titeletikette; alle soorte losbladbindwerk.
	Tweede en Derde Jaar.—Kennis van perforeer-, kram-, vou en ponsmasjiene; bediening van versamel-, heg-, naai-, boekruglym-, rondings- en kneepvormings-, driemessny-omslagmaak-, blind- en goudblokstempel-, inhang-, boekvormings- en -persmasjiene. Afronding in derde jaar.	Boeke met omslae en rugplakomslae; bediening van lymbinders; groephegmasjiene; laminering; voering; randplak- en skutbladplakmasjiene.
	Vierdie Jaar.—Hersiening en onafhanklike werk.	
	4. BOEKBINDWERK/LINIEERWERK (2)	
Boekbindwerk/ Linieerwerk	*Eerste Jaar.*—Veiligheidsmaatreëls en eerstehulp soos op die ambag van toepassing. Werkwinkelhigiëne. Materiaal ekonomies sny. Tel en gelykskud. Boeke en uitgewersomslae met die hand bind. Kwartgebinde gelykafgekante en ingevoude werk. Gangbare kennis van quillotine-snymasjiene.	Kennis van drukkersgreep en aanlêprobleme.
	Tweede Jaar.—Drukwerk sny. Rekeningboeke in half- en volleer bind, met veerrûe, versonke titeletikette en los seildoekomslae. Voumasjiene en vou-inslaanwerk. Losrugboeke met rugribbe. Versorging en instandhouding van linieermasjiene. Linieermasjiene voer. Linieerink meng. Penne en skywe stel. Kennis van standaardlinieerwerk en die verskil tussen boek- en losbladwerk. Velle sny om gelinieer te word.	Eenvoudige goudblokstempeling. Kennis van stel en bediening van outomatiese voerders
	Derde Jaar.—Werk op pen- en/of skyfmasjiene sit. Masjienverstellings. Handproefwerk. Hek en kamme vir slagwerk stel, met inbegip van kaskopwerk op pen- en/of skyfmasjiene. Uitvoering van alle werk deur die firma onderneem in verband met die ambag Linieerwerk. Kennis opdoen van die tyd wat nodig is om 'n werk uit te voer.	Kennis van stel en bediening van skoon- en -weerdrukperse en dubbel-"L"-skyfmasjiene.
	Vierde Jaar.—Hersiening en onafhanklike werk.	
	5. DRUKKERSELEKTRISIËN (17)	
Drukkerselektrisiën	*Eerste Jaar.*—Veiligheid en veilige werkgewoontes. Aarding en ongeluksvoorkoming. Basiese kennis van noodhulp, veral met betrekking tot elektriese skok. Hantering en korrekte gebruik van gereedskap. Voorsorgmaatreëls met betrekking tot elektriese uitrusting, skadelike en vlambare gasse, vloeistowwe en gasse onder druk, gesmelte metale hanteer, met of op oorhoofse masjinerie, slypmasjiene, boormasjiene en masjiengereedskap werk. Die gebruik van en soorte brandblusuitrusting. Kennis en begrip van ingenieurstekeninge en elektrotegniese tekeninge, met inbegrip van skematiese en bedradingsdiagramme. Tekens en simbole wat in tekenkantoorpraktyk gebruik word, verstaan. Kennis van skroefdrade; basiese kennis van meganiese en elektriese eienskappe van materiaal wat algemeen in die ambag gebruik word. Isoleer- en geleimateriale. Groottes van geleiers, stroomontwerpvermoë, versorging en hantering van geleiers en kabels. Soldeer-, sweissoldeer- en sweiswerk. Elektriese sweiswerk. Basiese kennis van puntstelsel, ens en ems. Inleiding tot die standaardbedradingsregulasies. Helpers in veiligheidsmaatreëls en veiligheidsprosedures onderrig. Aardlekbeveiliging.	Aanwysbane. Telefone, eenvoudige tweerigtingstelsel installeer en toets. Eenvoudige drukknoppiestelefone, luidsprekers en mikrofone, eenvoudige klankversterkers en hulle gebruike. In noodhulp kwalifiseer.

University of Fort Hare

Column A	Column B	Column C
	3. CARTON MAKING	
Carton Making *(continued)*	*Second Year.*—Making simple but more complicated cutting dies, e.g. tuck in ends, lock ends and two piece shapes; making ready on platens; setting cutting formes to register to printed sheets for platen machines; mounting plate-sinking and embossing dies to register; assisting with the setting and running of glueing machines; advanced die making, e.g. snap locks, webbed trays and crash lock cartons.	
	Third Year.—More advanced die making from intricate layouts requiring justification; more advanced training on cylinder machines and automatic platens, e.g. plate-sinking, embossing and reverse creasing; setting automatic feeders on cylinders and automatic platens; setting and running glueing machines with use of attachments for special shapes, e.g. crash lock cartons and 4 and 6 point glueing trays and boxes and double wall trays.	Setting rotary scoring machine to layout.
	Fourth Year.—Revision and independent work.	
	Note: All formes are set in wood. There are however two kinds of forms: "A" Block Formes—these are cut on circular saw and composed and locked in chase; "B" One Piece Formes—made on jig saw and locked in chase.	
	4. COMPOSING (22)	
	(a) Metal Composition	
Composing	*First Year.*—Safety precautions and first-aid applicable to the trade; cleanliness and appreciation of the value of materials; care of leads, rules and spacing materials; use of proofing press; layout of the case; practical application of point system; value of spaces; correct use of composing tools; adoption of correct methods of lifting type and avoidance of undesirable habits and waste effort; reader's marks; spacing and justification of solid matter; distribution of type and materials; elementary display; type faces and appropriate use thereof; stereos, line and half-tone blocks.	
	Second Year.—Design and layout; paper and card qualities, sizes and subdivisions; setting and correction of type from reprint copy for commercial forms, advertisements, etc.; correct use of furniture and locking devices; dropping of formes; tying up pages; care of chases and crossbars; make-up, marking off copy, general jobbing, tabular and similar work, straight imposition, setting headings for magazines and bookwork; preparation of formes for stereotyping, mounting of plates, etc.; catalogue or periodical advertising and similar setting; stone work; whiting out and making up machine set matter. During the second year an apprentice may be given the opportunity of obtaining practical experience of keyboard operating.	Operation of Ludlow or similar type casting machines. Making up cutting or creasing formes in either metal or wood. Film setting.
	Third Year.—(i) Hand composing.—Advanced imposition, including special, composite and folder work; casting off, with special reference to bad copy, insertion of illustrations and abnormal type faces; account book work; planning and preparing layouts for books, brochures, etc.; separating formes for colour work, calendars, etc.; basic training in appreciation of machine room and binding room methods. Where a firm is engaged in rubber stamp making an apprentice shall be given the necessary training in his third year, provided such training is for not more than 50 per cent of the period.	Film setting. Intensive training in coding and keyboarding for O.C.R., V.D.T. and C.R.T. systems or any similar photosetting system. Platemaking.
	OR	
	(ii) Monotype operating.—The layout of the Monotype keyboard; operating (touch system) on Monotype Company's special exercises; the "set" system and units; the justification drum; straight composition; simple tabular and leader work; multiple justification and allowance for rules, etc.; centring and quadding attachment; knowledge of keyboard and composition casting mechanism.	Film setting.
	OR	
	(iii) Linesetting machine operating.—A working knowledge of the function of the keyboard mechanism, i.e. rods, weights, cams and rollers; keyboard fingering practice on locked or dummy keyboard with special attention to rhythm of forming words; how to set and adjust measures for varying widths and chase margins; working knowledge of the function of the distributor—how to set in motion, remove faulty matrices and set matrices on bar by hand; straight composition; display and tabular; a working knowledge of the assembler, the casting and the driving mechanism.	
	Fourth Year.—Revision and independent work.	

University of Fort Hare

Kolom A	Kolom B	Kolom C
	5. DRUKKERSELEKTRISIEN (17)	
Drukkerselektrisiën *(vervolg)*	*Tweede Jaar.*—Vir veiligheid toets om te verseker dat veilige werkstoestande heers. Die gebruik van toetsinstrumentprosedures vir voorbereiding van toetsinstrumente, afstande, verbindings, vertolking van lesings, spannings, strome, weerstand. Magnetisme, direkte stroom, polariteit, batterye, spanningsbeheer. Wisselstroom, gelykrigters, transformators—dubbelgewikkel en outomaties. Stroomgrensing, smeltdrade, stroombrekers, skakelaars, Solenoiede, relês, diodes, transduktors, tiristors, transistors. Elementêre beheerbane. WS- en GS-motore, motoraansitters, kontaktors, beveiligingstoestelle, keuse van bedrading en bekabeling, installering en aansluiting. Leipypinstallering, kabelpanne, vore grawe. Verligtings- en aanwysbane. Elementêre foutopsporing en -toetsing. Drukkersmate, letterhoogte, letterbeelde, vormgietdrukkings metaalgietwerk. Standaardbedradingsregulasies.	Elementêre WS- en GS-teorie. Kleppe en elementêre teorie van kleppe. Diodes, tiristors en transistors, toetsing en gebruike. Spesiale voorsorgmaatreëls. Teorie van versterking, versterkers, toetsing en foutopsporing. Verwysingspanninge, voorspanninge, beheerspanninge. Toets prosedures en polariteit.
	Derde Jaar.—Stroombegrensing, spanningsreeling, WS en GS. Kenmerke van WS- en GS-motore, draaimoment, KW-ontwerpvermoë. Spoedbeheermetodes. Selsyns en slosyns. Stroom- en spanningstransformators. Arbeidsfaktormeting en -metodes en noodsaaklikheid van regstelling. Elementêre teorie van terugvoerbeheer. Beheerbane, responsies, foutontleding en toetsing. Wye kennis van standaardbedragingsregulasies. Kennis van regulasies wat uitgevaardig is kragtens die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk. Veiligheidsvoorsorgmaatreëls vir hoëspanningsapparaat. Toetsprosedures en aarding. Beveiligingstoestelle vir elektriese stroombane, smeltdrade met hoe breekvermoë, magnetiese en bimetaal-miniatuurstroombrekers.	Verwysingstrome stroombalansering, kommutators, kommutasie, serievelde, sjuntvelde, hulppole. Lasverdeling vir parallelmotore WS en GS. Buis- en veldeffektransistorvoltmeters, ossilloskope, luxmeters. Inleiding tot syferbane en -tegnieke. Gedrukte bane. "Inprop"-borde. Toetsprosedures. Foutopsporing en -ontleding. Herstelwerk en opstelprosedures.
	Vierde Jaar.—Hersiening en onafhanklike werk met spesiale verwysing na dissipline en veiligheid, versorging van personeel en toerusting.	
	6. DRUKKERSPAKHUISWERK (MET INBEGRIP VAN SNYWERK) (19)	
Drukkerspakhuiswerk (met inbegrip van Snywerk)	*Eerste Jaar.*—Veiligheidsmaatreëls en eerstehulp soos op die ambag van toepassing. Moet in pakhuis gedien word om kennis op te doen van papiergroottes -massas en -eienskappe, hantering van voorraad, tel, voorrade uitreik, bordgroottes -massas en -eienskappe, ontvangs en berging van voorraad. Drukkersbenodigdhede. Higiëne en sindelikheid.	
	Tweede Jaar.—Voorraadrekordstelsel, verpakking en versending, dokumentasie in verband met die ontvangs en versending van goedere wat oor land, see en per vliegtuig vervoer word. Berekenings vir die uitreiking van voorrade. Ekonomiese metodes vir die sny van materiaal.	
	Derde Jaar.—Versorging en onderhoud van 'n snymes. Voorraad velpapier vir drukkers en binders sny. Die sny van drukwerk. Boeke en tydskrifte afrond. Drukkersgreep en aanlêprobleme. Sny vir keerdruk, stolpdruk, draaidruk. Papiergreinrigtingvereistes.	
	Vierde Jaar.—Hersiening en onafhanklike werk.	
	7. DRUKKERSWERKTUIGKUNDIGE (18)	
Drukkerswerktuigkundige	*Eerste Jaar.*—Veiligheidsmaatreëls en eerstehulp soos op die ambag van toepassing; die hantering en regte gebruik van handgereedskap—vyle, hamers, beitels, skrapers, ruimers, handskroefdraadsnygereedskap, metaalsae, moersleutels, ponse en waterpasse; masjinerie smeer, korrekte smeermiddels gebruik; voorsorgmaatreëls in verband met elektriese uitrusting, skadelike en vlambare gasse, vloeistowwe en gasse onder druk; gesmelte metale hanteer; met of op oorhoofse masjinerie, slypmasjiene, boormasjiene en ander masjiengereedskap werk. Voorsorgmaatreëls teen ongelukke; gebruik van en soorte brandblusuitrusting; kennis van die eienskappe van materiaal en metale wat algemeen in die nywerheid gebruik word; kennis van skroefdrade; elementêre takelwerk en veiligheidsmaatreëls. Veiligheidsfaktore en materiaal uitlê; kennis en begrip van ingenieurstekeninge en tekens en simbole wat in tekenkantoorpraktyk gebruik word; soldeer-, sweissoldeer- en sweiswerk, elektriese sweiswerk; basiese kennis van puntstelsel, ens en ems; helpers in veiligheidsmaatreëls en veiligheidsprosedures onderrig.	*Linotipe-/Intertipemasjiene*—versorging van justeerwie en spasiematryse. *Skryfbehoeftes- en Koevertvervaardigers*—soorte masjiene wat vir die vervaardiging van skryfbehoeftes gebruik word—versorging en smeer. Koevertvoumasjiene stel; koevertgroottes, vorms, eienskappe van papier; voorprofiele uit plat papier uitslaan; kleefstowwe—meng, gebruik daarvan. *Monotipe.* Metaal, metaalpompe, metaalpotte, temperatuurkontrole, afkoeling, skoonmaak, instandhouding. Reguitmaak van produk terwyl in beweging. Galeie afhaal en terugsit. Matrys, matryskaste, normale wie en gietvorms omruil. Grootte bepaal en in lyn plaas. Lettergroottes, set-, eenheids- en puntstelsel. In eerstehulp kwalifiseer.

University of Fort Hare

Column A	Column B	Column C
	4. COMPOSING (22)	
	OR	
	(b) Metal and Photo Composition	
Composing *(continued)*	*First Year.*—Safety precautions and first-aid applicable to the trade; cleanliness and appreciation of the value of materials; care of spacing materials; developing and fixing film; use of photographic proofing press; layout of the case; practical application of point system; value of spaces; correct use of composing tools; avoidance of undesirable habits and waste effort; reader's marks; spacing and justification of solid matter; distribution of type and materials; elementary display; type faces and appropriate use thereof; design and layout; setting headings for magazines and bookwork; operation of Hadego or similar type of photo-composing machine.	
	Second Year.—Metal Composition—Safety precautions and first-aid applicable to the trade; cleanliness and appreciation of the value of materials; care of leads, rules and spacing materials; use of proofing press; layout of the case; value of spaces; correct use of composing tools; adoption of correct methods of lifting type and avoidance of undesirable habits and waste effort; reader's marks; design and layout; paper and card qualities, sizes and subdivisions; setting and correction of type from reprint copy for commercial forms, advertisements, etc.; correct use of furniture and locking devices; dropping of formes, tying up pages, care of chases and crossbars; make-up, marking-off copy, general jobbing, tabular and similar work, straight imposition, setting headings for magazines and bookwork; preparation of formes for stereotyping, mounting of plates, etc.; catalogue or periodical advertising and similar setting; stone work, whiting out and making up machine set matter. Advanced imposition, including special, composite and folder work; casting off, with special reference to bad copy, insertion of illustration and abnormal type faces; account book work; planning and preparing layouts for books, brochures, etc.; separating formes for colour work, calendars, etc.; basic training in appreciation of machine room binding room methods.	
	Third Year.—(i) Photo Composition (Hand Composing)—Advanced imposition, including special composite and folder work; casting off, with special reference to bad copy, insertion of illustrations and abnormal type faces, account book work; planning and preparing layouts for books, brochures, etc.; separating formes for colour work, calendars, etc.	Intensive training on coding and keyboarding for O.C.R. and V.D.T. systems or any similar photosetting system. Platemaking.
	OR	
	(ii) Phototypesetting keyboard operating—The layout of the keyboard; operating (touch system); straight composition; simple tabular and leader work; knowledge of composition exposing and processing equipment.	
	Fourth Year.—Revision and independent work.	
	OR	
	(c) Photo Composition	
	First Year.—Safety precautions and first-aid applicable to the trade; cleanliness and appreciation of the value of materials; care of rules and stripping film sorts; use of photographic proofing system; layout of the case; practical application of point system; value of spacing; correct use of photocomposing tools; adoption of correct methods of hand developing and handling of photographic materials; avoidance of undesirable habits and waste effort; reader's marks; spacing and justification of solid matter; distribution of photographic mats (where applicable) and materials; operation of machines for display setting; type faces and appropriate use thereof; stereos, line and half-tone positives, negatives and blocks. Need to recognise the importance of the emulsion side and reading directions of negatives, positives and photographic papers in contact and/or camera work. Elementary typing instruction (Qwerty keyboard).	Operating of keyboard and the use of function keys for text manipulation. Basic formatting for house styles; temporary formatting for one-time jobs. Care and cleaning of the keyboard and V.D.T.
	Second Year.—Design and layout; paper and card qualities, sizes and subdivisions; correction and revision of standing material for commercial forms, advertisements, etc.; make-up, marking off copy, general jobbing, tabular and similar work, straight imposition, setting headings for magazines and bookwork; catalogue or periodical advertising and similar setting, advanced typing practice.	Structure of the in-house system for a better understanding of how the system works.

University of Fort Hare
Together in Excellence

Kolom A	Kolom B	Kolom C
	7. DRUKKERSWERKTUIGKUNDIGE (18)	
Drukkerswerktuigkundige *(vervolg)*	*Derde ses maande.*—Meganiese gereedskap korrek gebruik; snv van hoeke, skerpmaak, slypwerk; kennis van regulasies wat kragtens die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk uitgevaardig is; werkwinkel praktyk, eenvoudige draaibankpraktyk—werkstukke na middelpunte opstel, ens., draai- en monteerwerk; gebruik van presisiegereedskap—d.w.s. mikrometer en noniuspasser; vry ruimte en toleransies; maat; pas na grootte; uitsetting en hitte.	*Linotipe/Intertipepunt*—Kennis van letterbeelde, die bestel van matryse uit onderdeelkatalogus; verstellings aan bysny- en rugmesse; matryshyser en hysarm; verdeelkas.
		Skryfbehoeftes en koevertvervaardigers. Verstellings aan voumasjiene; snyers en ponse skerpmaak; kennis van die vervaardiging van kartondose. Slyp en poleer van drukrollers.
		Monotipe. Uitmekaarhaal en inmekaarsit van gietvorms. Penblokke skoonmaak. Brugmeganisme en verstellings. Justeerwie en ligstange met uitskakelmeganismes vir pompe. Drukkersmate, letterhoogte, letterbeelde, vormgietdrukkings, metaalgieting.
	Vierde ses maande.—Herstelwerk en onderhoud van 'n klein drukinstallasie; gevorderde draaibankwerk (skroefdraadsny); algemene takelwerk; merkwerk, uitlê en pas van onderdele wat vir die instandhouding van die installasie benodig word; opleiding in vormgewing en freeswerk. Ratte en ratkaste, band- en kettingaandrywing; vervaardigings- en konstruksiewerk; algemene en roetine-instandhouding van 'n installasie, verstellings aan masjiene (moet soveel moontlik geleentheid gegee word om te help met die uitmekaarhaal, herstel, inmekaarsit, oprigting en toets van 'n installasie); metale, alloue, temperatuurkontrole, metaaltoetsing.	*Linotipe/Intertipe.* Praktiese kennis van dryfmeganisme, toetsbord, verdeler, versamel- en gietmeganismes en alle verstel- en vervangwerk, praktiese kennis van elektriese installasie op setmasjiene. Kennis van drukkersmetale.
		Skryfbehoeftes- en koevertvervaardigers. Die uitlê en maak van patrone vir koevertstempels. Die stel van vensterpons- en systempelbosseleermasjiene.
		Monotipe. Sentreer- en kwadspasieerhegstukmeganisme en verstellings. Kamme, penkloue en matryskloue se meganisme, funksies en verstelling. Verstellings van kloutange, sluit stawe en veerkas.
		Buigsame verpakking. Silinderbasisvervaardiging tot by die koperomhulsel (die kursus moet elektroplateer-, draai- en slypwerk insluit). Droogstelselstoom, elektrisiteit, gas- en dieselbranders. Hitteverseëlmetodes -staaf, ultrasoniese en impulsverseëling. Basiese kursusse in koeling en lugreëling.
	Derde Jaar.—Spesifieke opleiding in verantwoordelikheid met betrekking tot die instandhouding en inspeksie van 'n installasie en om op eie verantwoordelikheid herstelwerk te doen; onderdele vervaardig; elementêre tekenwerk, diagramme en tekeninge vir ligte konstruksiewerk maak; beginsels van beplande instandhouding; kompressors en druklugstelsels. Druklugramme, -kleppe, -reëlaars. Hidrouliese pompe, motore, ramme, kleppe, reëlaars. Gedurende die derde jaar moet vakleerlinge praktiese opleiding in elke afdeling ontvang—werkwinkel—klein installasie—drukmasjiene (rolrotasie- of velrotasieperse).	*Linotipe/Intertipe.* Versorging, instandhouding en algemene herstelwerk aan Ludlow- en Elrodmasjiene.
		Skryfbehoeftes- en Koevertvervaardigers. Instandhouding en herstel van doosstikmasjiene; verstelbare hardvouponse stel en in stand hou. Voumasjiene (plunjer- en/of roltipe) stel en verstel.
		Monotipe. Versorging en instandhouding van toetsbord- en lugkompressors. Papiertoring, setseldraer, setselstootmeganismes en verstellings. Waterstelsel, skoonmaak en weer inmekaarsit. Praktiese opleiding op setmasjiene.
	Vierde Jaar.—Hersiening en selfstandige werk.	
	8. DRUKPERSBEDIENING VIR KETTINGSKRYFBEHOEFTES (6)	
	(a) Litografiesekste	
Drukpersbediening vir Kettingskryfbehoeftes	*Eerste Jaar.*—Een maand opleiding in veiligheidsmaatreëls en eerstehulp wat op die ambag van toepassing is. Twee maande opleiding in die pakhuis met die doel om die verskillende eienskappe, grammassas en groottes van rolvoorraad en papier te leer.	

University of Fort Hare
Together in Excellence

Column A	Column B	Column C
	4. COMPOSING (22)	
Composing *(continued)*	*Third Year*.—(i) Photo Composition (Hand Composing).—Advanced imposition, including special, composite and folder work; casting off, with special reference to bad copy, insertion of illustrations and abnormal type faces, account book work; planning and preparing layouts for books, brochures, etc.; separating formes for colour work, calendars, etc., basic training in appreciation of machine room binding room methods. Speed typing. OR (ii) Keyboard operating.—Layout of the keyboard; operating (touch system); straight composition, simple tabular and leader work; multiple justification, and allowance for rules, etc.; centring and quadding attachment; knowledge of composition, exposing and processing equipment. *Fourth Year*.—Revision and independent work.	String formatting using multiple formats. Screen mark-up not using formats—for all types of work.
	5. COMPOSING (INCLUDING MACHINE MINDING) (23)	
Composing (including Machine Minding)	*First Year*.—Safety precautions and first-aid applicable to the trade; care of leads, rules and spacing materials; use of proofing press; the layout of the case, practical application of point system; value of spaces; correct use of composing tools; adoption of correct methods of lifting type; avoidance of undesirable habits and waste effort; reader's marks; spacing and justification of solid matter; distribution of type and materials; elementary display, type faces and appropriate use thereof; stereos, line and halftone blocks; cleanliness and appreciation of value of materials; training on platen and similar machines during not less than 20 per cent and not more than 50 per cent of the working week. *Second Year*.—Design and layout; paper and card qualities, sizes and subdivisions; setting and correction of type from reprint copy for commercial forms, advertisements, etc.; correct use of furniture and locking devices; dropping of formes, tying-up pages, care of chases and crossbars; make-up, marking-off copy, general jobbing, tabular and similar work; straight imposition; setting headings etc. for magazines, catalogue or periodical advertising and similar setting; stone work; whiting out; making-up machine set matter; make-ready, setting of gauges and operation of available machines as provided for the trade Letterpress Machine Minding in the same period as far as the facilities of the office concerned will allow. Training in machine minding not to occupy more than 33⅓ per cent of the total time of the apprentice. *Third Year*.—Training in every available aspect of composing, with increased responsibility and particular reference to style and layout. During the third year not more than 25 per cent of the working week should be devoted to Letterpress Machine Minding. *Fourth Year*.—Revision and independent work.	Bookwork. Preparation of formes for stereotyping and mounting of plates. Operation of Ludlow or similar type-casting machines.
	6. CONTINUOUS STATIONERY MACHINE MINDING (8)	
	(a) Lithography Section	
Continuous Stationery Machine Minding	*First Year*.—One month's training in safety precautions and first-aid applicable to the trade. Two months' training in the warehouse with a view to learning the various qualities, grammages and sizes of reel stock and paper. Six months' training on collators and the structure, care, cleaning, storage and handling of numbering machines. Prinicples of available printing process(es) employed and a broad appreciation of the printing characteristics of lithographic plates; instruction in correct use of tools; assisting on all available machines with a view to learning names and functions of parts, elementary adjustments, lubricating, caring for and cleaning; threading paper or other material through machine and reel changing; handling of ink, plates or other material or products; completing log books (time sheets). *Second Year*.—Three months' training in the origination department on the processing of positives, negatives and lithographic plates. Experience on all available machines with instruction in operation; preventive maintenance; care and cleaning of inking and damping rollers and fountain systems; correct mixing of fountain solution and pH values and control and the properties and handling of lithographic ink, reading of works tickets (dockets); reading of lay-outs.	Fitting of damping roller covers. Familiarisation with the making of vulcanised plastic moulds and the preparation, patching, grinding and mounting of flexible plates used on flexographic presses, photopolymer and similar plates. Elementary training in the encoding of cheques.

Kolom A	Kolom B	Kolom C
	8. DRUKPERSBEDIENING VIR KETTINGSKRYFBEHOEFTES (6)	
Drukpersbediening vir Kettingskryfbehoeftes *(vervolg)*	Ses maande opleiding op kollators, en die struktuur, versorging, skoonmaak, berging en hantering van nommermasjiene. Beginsels van beskikbare drukproses(se) wat gebruik word en 'n breë begrip van die drukeienskappe van litografiese plate; onderrig in korrekte gebruik van gereedskap; hulpverlening op alle beskikbare masjiene met die doel om name en funksies van dele, elementêre verstellings, smering, versorging en skoonmaak daarvan te leer; ryging van papier of ander materiaal deur masjien en rolomruiling; hantering van ink, plate of ander materiaal of produkte; invul van logboeke (tydstate).	
	Tweede jaar.—Drie maande opleiding in die ontwerpafdeling in die prosesseer van positiewe, negatiewe en litografiese plate. Ondervinding op alle beskikbare masjiene, met onderrig in bediening; voorbehoedende onderhoud; versorging en skoonmaak van ink- en aanklamrollers en inkbakstelsels; korrekte aanmaak van inkbakoplossing en pH-waardes en -beheer en die eienskappe en hantering van litografiese ink; lees van werkkaarte (strokies); lees van uitleggings.	Aanklamrollerbekledings aansit. Vertroudmaking met die maak van gevulkaniseerdeplastiekgietvorms en die voorbereiding, lap, skuur en monteer van buigsame plate wat by fleksografiese drukperse gebruik word, fotopolimeer- en soortgelyke plate. Elementêre opleiding in die kodeer van tjeks.
	Derde Jaar.—Onderrig in die werking van elke meganisme van die drukpers; nagaan en versorging van alle drukeenhede, afwind- en herroleenhede; stel en versorging van konsertinavouers; stel van inkbakke en aanklamstelsel; monteer van litografiese vasklamp- en/of vaskleefklede; stel van silinderdrukkings; monteer van plate; stel van ink- en aanklamrollers; stel van kettingrat en leergaatjieponseenhede; stel van horisontale en vertikale perforeerders; registrasie vir kleurwerk; onderrig in die werking van lengtebeheereenhede, stroboskooplig en tellereenhede; gebruik van omslagstawe; aanmaak en bypas van inkte, handhawing van uniforme kleur op werkstuk; opteken van oplae en behandeling en hantering van rolle of stapels papier voor, gedurende en na druk; brandgevaar van statiese elektrisiteit; drukfoute en die regstelling daarvan; geleidelike ondervinding van selfstandige werk, insluitende volledige toestelling, deurloop van werkstukke en toesig oor masjienassistente.	Onderrig in die werking van strookrigtoestelle en strookbreukverklikkers.
	Vierde Jaar.—Hersiening en selfstandige werk.	
	OF	
	(b) Boekhoogdrukseksie	
	Eerste Jaar.—Een maand opleiding in veiligheidsmaatreëls en eerstehulp wat op die ambag van toepassing is. Twee maande opleiding in die pakhuis met die doel om die verskillende eienskappe, grammassas en groottes van rolvoorraad en papier te leer. Ses maande opleiding op kollators, en die struktuur, versorging, skoonmaak, berging en hantering van nommermasjiene. Beginsels van beskikbare drukproses(se) wat gebruik word en 'n breë begrip van die drukeienskappe van silinders, plate of drukvorms wat met behulp van beskikbare drukprosesse gemaak word; onderrig in korrekte gebruik van gereedskap; hulpverlening op alle beskikbare masjiene met die doel om name en funksies van dele, elementêre verstellings, smering, versorging en skoonmaak daarvan te leer; ryging van papier of ander materiaal deur masjien en rolomruiling; hantering van ink, plate of ander materiaal of produkte; invul van logboeke (tydstate).	
